## DANKBETUIGING

Aan God al die lof en eer vir onverdiende genade om hierdie taak te kon afhandel.

By die voltooiing van hierdie verhandeling word ook opregte dank en besondere waardering betuig teenoor:

Prof. dr. J.L. van der Walt, met sy besondere insig in die Skrifmatig-fundamentele opvoedkunde, wat my op uiters bekwame wyse binne hierdie kontoere gelei het. Sonder sy belangstelling, raad en advies sou die werk moeilik voltooi kon word.

Prof. dr. C.J. Meyer met sy ervaring in die ortopedagogiese praktyk wat my met raad, advies en bemoediging ondersteun het.

Mev. I. Horn vir die tikwerk wat sy op uiters bekwame wyse behartig het.

Prof. dr. D. Wissing vir die taalversorging.

My vrou Ria en ons kinders Jonie en Elri vir hulle belangstelling, aanmoediging, gewaardeerde geduld en opoffering.

My ouers vir hulle opvoeding en gebede.

My kollegas en vriende vir hulle belangstelling en sinvolle gesprekvoering.

OPSOMMING

TITEL: DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE, FUNDAMENTEEL-OPVOEDKUNDIG BESKOU

Hierdie navorsing is onderneem met die oog op 'n reformatories-fundamenteel-opvoedkundige beskouing van die problematiese opvoedingsituasie. Sin-samehangende wetenskaplike ondersoekmetodes is vir dié doel toegepas. Die literatuurondersoek is gedoen om prinsipieel-besinnend en -beskrywend, transendentaal-krities te kyk na die fenomeen-geanaliseerde problematiese opvoedingsituasie. Die doel van die ondersoek is 'n reformatories-fundamenteel-opvoedkundig begronde orto-sosio-opvoedkundige praktyk.

Die navorsing is hoofsaaklik gerig deur die volgende hipotese:

Indien enige van die grondtrekke van opvoeding onbenut gelaat word; a-normatief benut word of skeefgetrek word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

Tydens die ontleding van die begrippe "**omgangsituasie**" en "**opvoedingsituasie**" is bevind dat 'n problematiese opvoedingsituasie in die sogenaamde omgangsituasie kan ontstaan indien die handelinge in die omgangsituasie a-normatief of skeef geïmplementeer word of as opvoedingskanse in die omgangsituasie deur die sogenaamde afwagtingsmoment onbenut gelaat word.

Daar is vervolgens bevind dat 'n problematiese opvoedingsituasie in ontologiese en antropologiese grondtrekke uiteen gestel kan word:

T.a.v. ontologiese grondtrekke kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan indien:

* die ontiese status van opvoeding a-normatief aangetas word;

* die opvoeder en opvoedeling se lewensbeskouing a-normatief skeefgetrek word;

* opvoedingshandelinge en -gebeure wanvertolk word;

* opvoeding as bewuste handeling deur gedegradeerde, planlose, onverantwoordbare omgang en handelinge a-normatief verarm word;

* die strukture van opvoeding soos God dit gewil het a-normatief aangetas word, en

* die opvoedingsituasie se aanloop, verloop en afloop a-normatiewe, skeefgetrokke elemente koester.

T.a.v. antropologiese grondtrekke kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan indien:

* die antropologiese synstatus van die mens as verhoudingswese a-normatief skeefgetrek word;

* eienskappe soos skynvolwassenheid en die onvoltooidheid van die mens as normatief aanvaar word;

* normatiewe voorlewing deur die opvoeders 'n skewe beeld van beskawingsvolwassenheid sou vergestalt;

* die opvoeder beskik oor gebrekkige kennis ten aansien van die opheffing van die asimmetriese verhouding tussen opvoeder en opvoedeling, en

* die gesin en die skool as samelewingsverbande hulle opvoedende karakter verloor.

Ten slotte is bevind dat 'n blote analise van die mens en van opvoeding kan lei tot problematiese opvoedingsituasies en omgekeerd, dat analises van die begrip "**opvoeding**" en van die mens verantwoordbaar is indien die sin-samehang van die geanaliseerde fasette van opvoeding en van die mens nie oor die hoof gesien word nie.

SUMMARY

TITLE: THE PROBLEMATIC EDUCATIONAL SITUATION AS SEEN FROM A FUNDAMENTAL EDUCATIONAL VIEWPOINT

This research was undertaken in order to bring a new perspective to the fundamental educationalist's view of the problematic educational situation. To this end, meaningful scientific research methods were applied. The study of the existing literature was carried out, principally, in order to reflect on, describe and give a critical overview of the phenomenon viz. the problematic educational situation. The aim of the investigation was to reform fundamental educationally based ortho-sosio educational practice.

The research was directed to the following main hypothesis:

If any of the characteristic features of education are not present or are present in an a-normative manner, or are distorted, a problematic educational situation may be said to exist.

An analysis of the concepts "associative situation" and "educational situation" indicated that a problematic educational situation may be said to exist when the activities in the situation are applied in an a-normative or distorted manner or when educational opportunities in the associative situation are not acted upon. It was further found that, in a problematic education situation, both ontological and anthropological features may be identified.

In regard to the ontological factors, a problematic educational situation may be said to exist when:

* the ontic status of education is affected in an a-normative manner;

* the educator's and educand's view of life is distorted in an a-normative manner;

* educational activities and occurrences are misinterpreted;

* education, as a conscious act, is carried out in a diminished, haphazard and irresponsible fashion and actions are diminished in an a-normative way;

* the structure of education as willed by God is affected in an a-normative way;

* the onset, progress and termination of the educational situation foster a-normative, distorted elements.

With regard to the anthropological aspects, a problematic educational situation may be created if:

* the anthropological status and being of man, as a natural relationship, is distorted in an a-normative manner;

* attributes such as pseudo-maturity and the imperfection of man are accepted as the norm;

* the normative living example of the educator embodies a distorted image of civilized maturity;

* the educator's knowledge regarding the uplifting of the asymetrical relationships between educator and educand may be defective;

* the family and the school as related social structures lose their educational character.

In conclusion, it was found that a mere analysis of man and education is inadequate and may itself lead to a problematic educational situation.

Conversely, an analysis of the concept "education" and man is justified if the relationship between the analyzed facets of education and man are always considered as whole.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

1. ORIëNTERING, PROBLEEMSTELLING, METODOLOGIESE VERANTWOORDING EN PROGRAM VAN ONDERSOEK


1.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
1.2 Probleemstelling . . . . . . . . . . . . . . 1
1.3 Aktualiteit en noodsaaklikheid van die navorsing . . . 2
1.3.1 Die fundamentele rol van teorie in opvoedkunde-navorsing . . . . . . . . . . . . . . 2
1.3.2 Aktualiteit van die navorsing . . . . . . . 3
1.4 Algemene navorsingshipotese . . . . . . . . . . 3
1.5 Doel van die navorsing . . . . . . . . . . . . 3
1.6 Metodologiese verantwoording . . . . . . . . . . 4
1.6.1 Literatuurondersoek . . . . . . . . . . . 4
1.6.2 Die prinsipieel-besinnende en prinsipieel-beskrywende metode . . . . . . . . . . . . . . . 5
1.6.3 Die verskynsel-ontledende of fenomeen-analitiese metode 5
1.6.4 Die Transendentaal-kritiese metode . . . . . . 5
1.7 Terreinafbakening . . . . . . . . . . . . . 6
1.7.1 Terreinafbakening in terme van begrippe . . . . 6
1.7.1.1 Die term "problematiese opvoedingsituasie" 6
1.7.1.2 Die term "fundamenteel-opvoedkundig" . 6
1.7.1.3 Die term "beskou" . . . . . . . . 7
1.7.2 Terreinafbakening ten aansien van deel- en hulp-wetenskappe . . . . . . . . . . . . . . 7
1.8 Struktuur van die verhandeling (navorsingsverslag) . . 8
1.9 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . 9

## HOOFSTUK 2

## 2. DIE VERHOUDING OMGANGSITUASIE-OPVOEDINGSITUASIE


2.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . 10
2.2 Die begrip "situasie" . . . . . . . . . . . . . 11
2.2.1 Situasies in die algemeen . . . . . . . . . 11
2.2.2 "Eksistensiële karakter" van die begrip "situasie"? 13
2.3 Die begrip "omgangsituasie" . . . . . . . . . . . 15
2.3.1 'n Analise van die verskynsel: Omgangsituasie . . 15
2.3.2 Die ontoereikende verloop van die omgangsituasie as gepreformeerde veld vir 'n problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . . . . . . . . 17
2.3.2.1 Ontoereikende omgang . . . . . . . . 17
2.3.2.2 Ontoereikende opvoedingsappèl . . . . 18
2.3.2.3 Ontoereikende opneem van aanspreeklikheid 19
2.3.2.4 Ontoereikende opvoedingsbemoeienis in die omgangsituasie kan van die omgangsituasie 'n problematiese opvoedingsituasie maak . . 20
2.4 Sondelose ware "normale" opvoedingsituasie . . . . . 20
2.4.1 Die begrippe "normaal" en "abnormaal" in die konteks van hierdie navorsing . . . . . . . . . . 20
2.4.2 'n Vergelyking tussen 'n veronderstelde sondelose ware "normale" opvoedingsituasie en 'n nasondevalse "normale" ("gewone") opvoedingsituasie . . . . 22
2.4.2.1 Die gerigtheid van die mens . . . . . . 22
2.4.2.2 Die religieuse grondmotief van die mens . 26
2.4.2.3 Die grondtrekke van opvoeding . . . . 29
2.4.2.4 Die normatiewe geneigdheid van die mens 34
2.4.2.5 Die sonde se invloed op die mens . . . 35
2.4.2.6 Die doel van opvoeding . . . . . . . 37
2.4.2.7 Gevolgtrekking . . . . . . . . . . 37

2.5 Die begrip "opvoedingsituasie" . . . . . . . . . . 38
2.5.1 Oriënterend . . . . . . . . . . . . . 38
2.5.2 Die struktuur (d.i. Goddelike bouplan) van 'n opvoedingsituasie . . . . . . . . . . . 38
2.6 Die verband omgangsituasie-opvoedingsituasie . . . . 41
2.7 A-normatiewe trekke in die primêre omgangsituasie as moontlike boustene vir problematiese opvoedingsituasies . 44
2.7.2 A-normatiewe ontsporings: Modaal beskou . . . 48
2.7.2.1 Geloofsaspek . . . . . . . . . . 48
2.7.2.2 Etiese aspek . . . . . . . . . . 48
2.7.2.3 Juridiese aspek . . . . . . . . . 49
2.7.2.4 Estetiese aspek . . . . . . . . . 49
2.7.2.5 Ekonomiese aspek . . . . . . . . 50
2.7.2.6 Linguale aspek . . . . . . . . . 50
2.7.2.7 Historiese aspek . . . . . . . . . 50
2.7.2.8 Logiese aspek . . . . . . . . . . 51
2.7.2.9 Psigiese aspek . . . . . . . . . 52
2.7.2.10 Biotiese aspek . . . . . . . . . 52
2.7.2.11 Fisiese aspek . . . . . . . . . . 53
2.7.2.12 Kinematiese aspek . . . . . . . . 53
2.7.2.13 Ruimtelike aspek . . . . . . . . . 54
2.7.2.14 Getalsaspek . . . . . . . . . . 55
2.7.2.15 Opmerkings ten aansien van moontlike ontsporings in die omgangsituasie . . . 55
2.8 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . 56

HOOFSTUK 3

DIE ONTOLOGIESE GRONDTREKKE VAN OPVOEDING EN DIE ONTSTAAN VAN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE

3.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . 59
3.2 Die skeeftrekking en a-normatiewe benutting en/of aantasting van die ontologiese grondtrekke van opvoeding in die problematiese opvoedingsituasie . . . 59
3.2.1 Die ontisiteit van opvoeding as handeling en as verskynsel . . . . . . . . . . . . . 60
3.2.1.1 Die kenbaarheid van die problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . 60
3.2.1.2 Die aantasting van die ontisiteit van opvoeding as handeling en as verskynsel in die problematiese opvoedingsituasie . . . . 61
3.2.1.3 Verobjektivering van die mens as 'n vorm van aantasting van die ontisiteit van opvoeding as handeling- en as verskynsel . . . . 62
3.2.2 Opvoeding word deur 'n lewensbeskouing bepaal . 66
3.2.2.1 Lewensbeskouing en die problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . 66
3.2.2.2 Wanbalans tussen religieuse en lewensbeskoulike differensiasie en kulturele differensiasie as moontlike oorsaak vir 'n problematiese opvoedingsituasie . . . 68
3.2.2.3 A-normatiewe opvoedingsdoelstellings as veroorsakende faktore van problematiese opvoedingsituasies . . . . . . . . . . . . 68
3.2.3 Opvoeding is 'n handeling of gebeure . . . . . 70
3.2.3.1 Wanvertolkte "opvoedings-" handelinge . 70
3.2.3.2 Perspektief op a-normatiewe opvoedingshandelinge en -gebeure . . . . . . 71
3.2.3.3 Skeefgetrokke opvoedingshandelinge as problematies opvoedingsituerende handelinge 72
3.2.4 Opvoeding is 'n bewustelike handeling . . . . 73
3.2.4.1 Gedegradeerde "opvoedings"-handelinge . 73

3.2.4.2 Doellose omgang in die opvoedingsituasie . 74
3.2.4.3 Planlose handelinge in die opvoedingsituasie 74
3.2.4.4 Onverantwoordbare handelinge . . . . 75
3.2.5 Opvoeding het 'n verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur . . . . . . . 77
3.2.5.1 'n Prinsipiële beskouing van die begrip "struktuur"
3.2.5.2 Die ontoereikende verwesenliking van die opvoedingstrukture as moontlike oorsaak van die problematiese opvoedingsituasie . . . 80
3.2.5.2.1 Opvoedingsverwaarlosing . . 80
3.2.5.2.2 Die intrapsigiese konflik in die opvoedingstrukture . . . . 81
3.2.5.2.3 Ontoereikende opvoedingsbemoeienis by die kind in verskillende fasette van sy problematiese opvoedingsgesitueerdheid . . . . . . 82
3.2.6 Die fenomeen opvoeding maak sy verskyning periodiek . . . . . . . . . . . . . . 103
3.2.6.1 Die terugkeer na omgang . . . . . . 104
3.2.6.2 Periodieke verlating . . . . . . . . 104
3.2.6.2.1 Die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie eksploreer ontoereikend . . . . . . 105
3.2.6.2.2 Die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie emansipeer ontoereikend . . . . . . 107
3.2.6.2.3 Die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie distansieer hom ontoereikend . . . . . . 109
3.2.6.2.4 Die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie differensieer on-

toereikend . . . . . . . . 109
3.2.6.2.5 Die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie objektiveer ontoereikend . . 110
3.3 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . 112

HOOFSTUK 4

DIE ANTROPOLOGIESE GRONDTREKKE VAN OPVOEDING EN DIE MOONTLIKHEDE VIR DIE ONTSTAAN VAN 'N PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE

4.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . 114
4.2 Opvoeding word altyd tussen mense, noukeuriger gesê, in die interaksie tussen mense aangetref . . . . 115
4.2.1 'n Prinsipiële beskouing van die aantasting van die mens in die problematiese opvoedingsituasie 115
4.2.2 Die aantasting van die mens se status as verhoudingswese in die opvoedingsituasie . . . 116
4.2.3 'n Prinsipiële beskouing van a-normatiewe hantering van verhoudinge in 'n opvoedingsituasie . . . . 117
4.2.3.1 'n A-normatiewe verhouding van die mens tot sy Struktuurgewer . . . . . . . . 117
4.2.3.2 A-normatiewe en skeefgetrokke intermenslike verhoudinge . . . . . . . . . . 117
4.3 Opvoeding vind plaas as gevolg van sekere eienskappe van die opvoedeling . . . . . . . . . . . . 122
4.3.1 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan as gevolg van ontbrekende of skeefgetrokke eienskappe van opvoeder en opvoedeling . . . . . . . . 122
4.3.1.1 Die onvoltooidheid van die mens as oorsaak van

'n problematiese opvoedingsituasie . . . 122
4.3.1.2 Onvervulde opvoedingsbehoeftes by die opvoedeling as oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . . 124
4.3.1.3 Skynbare volwassenheid as eienskap van 'n problematiese opvoedingsituasie . . . . 127
4.4 Die opvoeder word altyd aan die beeld wat hy uitstraal uitgeken . . . . . . . . . . . . . . . . . 128
4.4.1 Oriënterend . . . . . . . . . . . . . 128
4.4.2 'n Prinsipiële beskouing oor die skeefgetrokke, a-normatiewe beeld wat 'n opvoeder in die problematiese opvoedingsituasie kan uitstraal . . . . . . . 130
4.4.2.1 Skewe "religieuse beeld" van die opvoeder 130
4.4.2.2 A-normatiewe binding van die hart van die opvoedeling deur skewe voorlewing . . . 131
4.4.2.3 'n Skeefgetrokke voorlewing van die individualiteitsbeeld van die opvoeder . . 131
4.4.2.4 A-normatiewe voorlewing van die opvoeder 131
4.4.2.5 A-normatiewe voorlewing van die tydse faset 135
4.4.2.6 'n Skrifmatige perspektief op die beeld van die opvoeder . . . . . . . . . . . 135
4.4.3 'n Skewe beeld van die opvoeder deur a-normatiewe voorlewing . . . . . . . . . . . . . . 136
4.5 Opvoeding veronderstel altyd 'n vorm van asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling . . . . . . . . . 138
4.5.1 Oriënterend . . . . . . . . . . . . . 138
4.5.2 'n Gebrekkige kennis van opvoeding in die asimmetriese verhouding as oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . . . . 139
4.5.3 A-normatiewe gebeure of handelinge in die opheffing van die asimmetrie . . . . . . . . . . . 141
4.5.3.1 Skewe vorming, groei en ontwikkeling 141

4.5.3.2 A-normatiewe "wordingshulp" . 142
4.5.3.3 Onewewigtige opvoedende onderwys 142
4.5.3.4 Eensydige onderrig . . . . . 142
4.5.3.5 A-normatiewe opleiding . . . . 143
4.5.3.6 Gebrekkige leiding en begeleiding 143
4.6 Opvoeding vind altyd in 'n georganiseerde praktyk plaas . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145
4.6.1 Oriënterend . . . . . . . . . . . . . 145
4.6.2 Die skeeftrekking van die normatiewe aktstruktuur van die gesinslede as moontlike fondament vir 'n problematiese opvoedingsituasie in 'n georganiseerde praktyk . . . . . . . . . . . . . 146
4.6.2 Skeefgetrokke opvoedingshandelinge in die skool as moontlike oorsaak vir 'n problematiese opvoedingsituasie in 'n georganiseerde praktyk . . . . . . . 152
4.6.3.1 'n Struktuuranalise van die skool as 'n opvoedende onderwysinstansie . . . . 152
4.6.3.2 Indien die skool as onderwysinstansie sy opvoedende karakter verloor, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan . . . . 153
4.6.3.3 A-normatiewe en skeefgetrokke onderrigleersituasie in die skool, as onderbou vir problematiese opvoedingsituasies . . . . . . 155
4.6.3.4 Oneffektiewe begeleiding in die skool as oorsaak van problematiese opvoedingsituasie . 157
4.7 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . 160

HOOFSTUK 5

ANALISERING VAN DIE MENS IN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE: 'N VERANTWOORDING

5.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . 162
5.2 'n Skrifmatige perspektief op die multidimensionaliteit en eenheid van die (i.c. problematiese opvoedingsgesitueerde) mens . . . . . . . . . . . . . 162
5.2.1 Oriënterend . . . . . . . . . . . . . 162
5.2.2 'n Skrifmatige antropologie as sleutel tot 'n perspektief op die multidimensionaliteit en eenheid van die mens 163
5.2.3 'n Skrifmatig-prinsipiële beskouing op die (i.c. problematies-opvoedingsgesitueerde) mens se analiseerbaarheid . . . . . . . . . . 165
5.3 Die veroorsaking van 'n problematiese opvoedingsituasie deur 'n een-, twee- of driedimensionele blik op die mens . . . . . . . . . . . . . . . . . . 166
5.3.1 Dualistiese beskouinge oor die mens as eenheidswese as moontlike oorsaak vir 'n problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . . . . . . . . 167
5.3.2 Gevolgtrekking oor die eenheid en totaliteit van die mens . . . . . . . . . . . . . . . 169
5.3.3 Implikasies van 'n dualistiese mensbeskouing vir die problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . 172
5.4 Mensonwaardige mensbeskouinge as oorsaak van die problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . . 173
5.5 Analise van die problematiese opvoedingsituasie: onder watter omstandighede dit mag geskied en toelaatbaar is . . . . . . . . . . . . . . 176
5.6 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . 178

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Oriënterend . . . . . . . . . . . . . . . . 180
6.2 Probleemstelling . . . . . . . . . . . . . . 180
6.3 Algemene navorsingshipoteses . . . . . . . . . . 180
6.4 Metodologiese verantwoording . . . . . . . . . . 181
6.5 Resultate van die navorsing . . . . . . . . . . 181
6.5.1 Die nie-benutting van die omgangsituasie is 'n gepreformeerde veld vir 'n moontlike problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . . . 181
6.5.2 Die a-normatiewe benutting of skeeftrekking van die grondtrekke van opvoeding vorm 'n moontlike grondslag vir problematiese opvoedingsituasies . . . . . 182
6.5.2.1 A-normatief, skeefgetrokke ontologiese grondtrekke van opvoeding as moontlike oorsake van problematiese opvoedingsituasies . . . 182
6.5.2.2 Die antropologiese grondtrekke van opvoeding en die ontstaan van 'n problematiese opvoedingsituasie . . . . . . . . 183
6.6 Ander bevindinge . . . . . . . . . . . . . . 184
6.7 Hoofbevinding . . . . . . . . . . . . . . . 185
6.8 Verdere navorsingsmoontlikhede wat ontsluit is . . . . 185
6.9 Moontlike tekortkominge van die navorsing . . . . . 186
6.10 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . 186

Bronnelys . . . . . . . . . . . . . . . . . 187

HOOFSTUK 1

# 1. ORIëNTERING, PROBLEEMSTELLING, METODOLOGIESE VERANTWOORDING EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Die problematiese opvoedingsituasie is veral in die orto-sosiopedagogiek nagevors deur onder andere Botha (1977), Du Plessis (1974), Gresse (1971), Hoffman (1978), Nel (1978), Pistorius (1980), Pretorius (1976, 1979), Sonnekus (1977), Sonnekus en Ferreira (1979), Stander en Sonnekus (1967) en Van Niekerk (1976, 1981).

Wat die problematiese opvoedingstituasie betref, neem die orto-opvoedkunde (Van der Walt, 1980(b):61)/Remediërende opvoedkunde (Meyer, 1979:19-20) 'n besondere plek in. Elke problematiese opvoedingssituasie is egter in die eerste plek ook nog steeds 'n opvoedingsituasie. Die problematiese opvoedingsituasie is in werklikheid 'n opvoedingsituasie waarin daar 'n disharmonie ingetree het betreffende die sigbaarwording van opvoedingsgrondtrekke (vgl. Van Niekerk, 1980:273).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In die orto-sosiopedagogiek (Stander & Sonnekus, 1967; Gresse, 1971; Du Plessis, 1974; Pretorius, 1976, 1979; Van Niekerk 1976, 1981; Botha, 1977; Hoffman 1978; Pistorius 1980), die psigo-pedagogiek (Nel 1968; Sonnekus 1977; Sonnekus & Ferreira, 1979), remediërende opvoedkunde (Meyer, 1979), Psigologie (Hurlock, 1978; Hallahan & Kauffman, 1982) en die psigo-sosiologiese opvoedkunde (Johnson, 1970) is die omstandighede van die problematiese opvoedingsgesitueerde in 'n meerdere of mindere mate reeds verken.

Die probleem wat in hierdie navorsing ondersoek word, is egter of die problematiese opvoedingsituasie vanuit 'n fundamenteel-opvoedkundige perspektief ondersoek en ontleed kan word.

Die navorsingsprobleem nader geformuleer lui soos volg: Hoe lyk en ontstaan 'n problematiese-opvoedingsituasie - fundamenteel-opvoedkundig beskou?

## 1.3 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID VAN DIE NAVORSING

### 1.3.1 Die fundamentele rol van teorie in opvoedkundenavorsing

Die problematiese opvoedingsituasie en problematies- opvoedings-gesitueerde is soos in par. 1.1 vermeld reeds in 'n meerdere of mindere mate vanuit die orto-sosiopedagogiek, psigopedagogiek, remediërende opvoedkunde, psigologie en sosiologie belig.

Omdat teorie ook (model/konstruk) (Van Dyk, 1980:203) 'n fundamentele rol in opvoedkundenavorsing vervul, word daar gepoog om perspektief te kry op die problematiese opvoedingsituasie vanuit fundamenteel-opvoedkundige perspektief. Navorsingsprobleme wat uit 'n teorie afgelei is, hou die moontlikheid in om 'n bydrae tot wetenskaplike kennis te maak (Johnson 1977:34-40; De Wet, Monteith & Venter, 1979:30). Trouens, navorsing wat uitgevoer word om 'n afgebakende probleem soos die problematiese opvoedingsituasie te ondersoek wat nie verband hou met 'n teorie of 'n model/konstruk nie, sal van beperkte waarde wees (Sax, 1968:84). Die noue verbondenheid en wisselwerking tussen teorie en praktyk, tussen dink en doen, asook tussen skou en beweeg, moet nie uit die oog verloor word nie (Van Dyk, 1980:202).

### 1.3.2 Aktualiteit van die navorsing

Volgens navorsingsinligting (RGN, INO P/4) en die literatuur soos vermeld in 1.1 en 1.2 is die problematiese opvoedingsituasie of aspekte daarvan veral vanuit 'n fenomenologies orto-sosiopedagogiese perspektief belig, met die uitsondering van Hoffman (1978) en Meyer (1979). Uit gesprekke van die ondersoeker met kollegas blyk dit dat daar 'n behoefte bestaan om die problematiese opvoedingsituasie fundamenteel-opvoedkundig te beskou en te belig vanuit 'n Skrifmatige vooronderstellingsraamwerk binne die kontoere van 'n Skrifmatige wetenskapsidee en opvoedingsfilosofie (Van der Walt, 1983(b):160).

## 1.4 ALGEMENE NAVORSINGSHIPOTESE

Van der Walt & Dekker (1982-83:114) sê dat as een van die grondtrekke van opvoeding in 'n intermenslike situasie ontbreek, so 'n situasie nie 'n opvoedingsituasie is nie, al sou al die ander eienskappe van opvoeding teenwoordig wees.

Die hipotese wat hierdie navorsing gerig het, was dus:

- Indien enige van die essensies of grondtrekke van opvoeding in 'n intermenslike situasie onbenut gelaat word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

- Indien enige van die grondtrekke of essensies van opvoeding a-normatief benut of skeefgetrek word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

## 1.5 DOEL VAN DIE NAVORSING

* Om te bepaal of die nie-benutting van die omgangsituasie 'n gepreformeerde veld bied vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

* Om vas te stel of die a-normatiewe benutting of skeeftrekking van die grondtrekke van opvoeding 'n problematiese opvoedingsituasie ten grondslag lê.

* Om te bepaal of die aantasting van die totaliteit en eenheid van die opvoedeling deur 'n analise van die mens en van opvoeding kan lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie.

## 1.6 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

In hierdie navorsing is die volgende metodes van ondersoek toegepas:

### 1.6.1 Literatuurondersoek

In die opsporing van primêre en sekondêre bronne oor die problematiese opvoedingsituasie is die gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge (G K P V) geraadpleeg. Vervolgens is 'n rekenaarsoektog in verband met die voorgestelde navorsing uitgevoer (RGN, INO P/4). Hierdie fase voor die literatuurstudie het inligting verskaf ten aansien van verhandelinge en proefskrifte in Suid-Afrika oor die problematiese opvoedingsituasie. Genoemde bronne het ook inligting verskaf ten aansien van navorsing wat tans aan die gang is oor die fundamentele-opvoedkundige grondslae (Sax, 1968:96; Ary, 1972:56; De Wet et al., 1979:47).

In die tweede fase van die literatuurstudie oor die fundamenteel-opvoedkundige aspekte van die problematiese opvoedingsituasie is gebruik gemaak van inligting uit die vakreferente-afdeling (nr. 2216, 1978:1-45) van die Universiteit van Suid-Afrika.

### 1.6.2 Die prinsipieel-besinnende en prinsipieel-beskrywende metode

In hierdie ondersoek word veral gebruik gemaak van die prinsipieel-besinnende en die prinsipieel-beskrywende metodes (Van der Walt, 1982(b):37).

Daar is gepoog om met hierdie ondersoek normatief te werk te gaan, omdat hierdie studie fundamenteel-opvoedkundig van aard is (Landman, 1980:4-5). Hoewel in hierdie navorsing gepoog is om 'n Skrifmatige blik te werp op die problematiese opvoedingsituasie, is daar gepoog om nie in Biblisisme te verval nie, maar om hermeneuties (singewend) -wetenskaplik interpreterend en vertolkend te werk te gaan (Van der Walt, 1984(a):29-30; 32-33).

### 1.6.3 Die verskynsel-ontledende of fenomeen-analitiese metode

By die analisering van die problematiese opvoedingsituasie is daar ook verskynsel-ontledend te werk gegaan. Dit geld ook vir die verstaan van die omgangsituasie as gepreformeerde veld vir opvoeding (Langeveld, 1959:30; Landman, Roos & Liebenberg, 1977:25). Die verskynsel-ontledende metode is ook ingeskakel in die verkenning van die verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur van opvoeding in die opvoedingsituasie, en die a-normatiewe benutting, nie-benutting of skeeftrekking van genoemde strukture in die problematiese opvoedingsituasie.

### 1.6.4 Die Transendentaal-kritiese metode

Soos reeds in 1.6.2 vermeld is, is daar gepoog om 'n Skrifmatige blik te werp op die problematiese opvoedingsituasie. Dit impliseer noodwendig dat die analisering van die grondtrekke van opvoeding bepaal word of die problematiek van die problematiese opvoedingsituasie Skriftuurlik in perspektief geplaas en geïdentifiseer kan word (Van der Walt, 1982(b):42; 1984(a):36), en of daar in ooreenstemming met wetenskaplike,

antropologiese, lewensopvatlike en praktyk-eise gehandel word (Landman, 1980:27).

## 1.7 TERREINAFBAKENING

### 1.7.1 Terreinafbakening in terme van begrippe

#### 1.7.1.1 Die term "problematiese opvoedingsituasie"

'n Problematiese opvoedingsituasie is 'n pedagogiese noodsituasie (Pretorius, 1976:15), pedagogies in die enger sin van "**kinderleiding**" (die woord "**pedagogiek**" is ontleen aan die Grieks **Pedos** = kind en **agein** = lei) (Pistorius, 1974:11).

Die term "**problematiese opvoedingsituasie**" word in hierdie verhandeling konsekwent gebruik sonder om na "**pedagogiese noodsituasie**" of "**andragogiese noodsituasie**" te verwys. Aangesien opvoeding altyd in konkrete situasies plaasvind (Van der Walt & Dekker, 1982-83:194), ontstaan probleme noodwendig in konkrete problematiese opvoedingsituasies. So 'n problematiese opvoedingsituasie bestaan dan nie noodwendig net uit 'n kind alleen nie, maar kan ook bestaan uit nie-beskawingsmondige, onontslote, swak toegeruste onvolwaardige noodgesitueerde onvolwasse persone wat opvoeders behoort te wees, en wat alleen of saam met die kind deur die sonde (prinsipieel) medeverantwoordelik is vir die problematiese opvoedingsituasie.

#### 1.7.1.2 Die term "fundamenteel-opvoedkundig"

"**Fundamenteel**" dui op die basis-deelwetenskap van die opvoedkunde, en wat werk met die fundamenteelste vrae met betrekking tot die opvoeding (handeling) en die opvoedkunde (wetenskap).

- Dit werk met beginsels, norme en grondslae van die opvoeding en opvoedkunde.

- Dit besin oor die wese, doel en sin van die opvoeding en opvoedkunde.

- Dit besin oor die samestelling en struktuur van opvoeding en opvoedkunde.

- Dit bied 'n verwysingsraamwerk vir opvoeding en opvoedkunde (Van der Walt, 1980(b):85).

#### 1.7.1.3 Die term "beskou"

Die term "**beskou**" dui op grondig prinsipiële bevindinge wat verkry is ten opsigte van opvoeding as deel van die skepping, onderworpe aan die wetsorde van God; oor die mens in die opvoedingsituasie of problematiese opvoedingsituasie (opvoeder en opvoedeling) (Van der Walt, 1980(b):86).

### 1.7.2 Terreinafbakening ten aansien van deel- en hulpwetenskappe

Aangesien hierdie ondersoek fundamenteel-opvoedkundig is, lê dit nie as sodanig op die terrein van die orto-opvoedkunde of remediërende opvoedkunde nie.

Die problematiese opvoedingsituasie met problematies opvoedingsgesitueerdes is die gemeenskaplike faktor wat egter daartoe kan lei dat daar ook telkens na die bevindinge van hierdie deelwetenskappe van die opvoedkunde verwys moet word.

Alhoewel daar noodwendig na die gesin as primêre opvoedingsituasie verwys word (Van der Walt, Dekker & Van Wyk, 1980:93; Van Rensburg, Kilian & Landman, 1979:114; Steyn, 1982:5; Stander & Sonnekus, 1967:4), en na die skool met sy onderrigleersituasies as 'n sekondêre

opvoedingsituasie waarin problematiese opvoedingsituasies kan ontstaan, lê die navorsing nie op die gebied van die Sosiopedagogiek en Didaktiese Opvoedkunde nie. Ter wille van perspektief is daar soms noodwendig by die Didaktiese Pedagogiek kers opgesteek om die disharmonie van die onderriggebeure (Van Niekerk, 1981:36), soos die afwesigheid of skeefgetrokkenheid van die diadiese situasie [1] (De Wet, Monteith & Van der Westhuizen, 1981:4) en/of diagogiese [2] karakter van die opvoedingsituasie (Van Rensburg et al., 1979:28), te belig.

## 1.8 STRUKTUUR VAN DIE VERHANDELING (navorsingsverslag)

In Hoofstuk 1 word daar oriënterend te werk gegaan met klem op die probleemstelling, die doel en aktualiteit van die navorsing, die metodologiese verantwoording, en die terrein van ondersoek.

Hoofstuk 2 handel oor die fundamenteel-opvoedkundige presisering van die terme "**situasie**", "omgangsituasie", "**ware opvoedingsituasie**", "**opvoedingsituasie**" en "**problematiese opvoedingsituasie**"

Die etiologie van die problematiese opvoedingsituasie aan die hand van die grondtrekke van opvoeding word in Hoofstuk 3 en 4 fundamenteel-opvoedkundig in oënskou geneem.

[1] 'n **Diadiese situasie** dui op 'n interaktiewe situasie tussen twee persone (of groepe persone) wat van twee kante handel. Die opvoedeling se inherente begeerte om iemand te wil wees of om te leer en die opvoeder se begeerte of roeping om die opvoedeling wat aan hom toevertrou is, op te voed, skep 'n diadiese situasie (De Wet et al., 1981:4).

[2] **Diagogies** wys in die opvoedingsituasie meer na die wedersydse afhanklikheid van die opvoeder en opvoedeling om gesamentlik die pad van "**menswording**" te loop (Van Rensburg et al., 1979:28).

In Hoofstuk 5 word die implikasies van analise van die problematiese opvoedingsituasie en die problematies opvoedingsgesitueerde in oënskou geneem.

Hoofstuk 6 bied 'n samevatting van die ondersoek, die gevolgtrekkings waartoe gekom is, enkele aanbevelings en 'n aantal riglyne vir verdere navorsing.

## 1.9 SAMEVATTING

Omdat niks wat die mens doen onafhanklik van hom as mens wat die daad verrig, plaasvind nie, vind die fundamenteel-opvoedkundige ondersoek, vraagstelling, terreinafbakening, doelstelling, hipotesevorming en metodologiese verantwoording oor en in verband met die problematiese opvoedingsituasie ook nie in 'n lugleegte plaas nie. Die ondersoeker behoort hermeneuties in sy totale menswees, dit sluit sy lewens- en wêreldbeskouing in, by die vraagstelling betrokke te wees (Van der Walt & Dekker, 1982-83:108; Van der Walt, 1984(a):32; Landman, 1980:17).

In Hoofstuk 2 word daar nou vervolgens gepoog om die fundamentele begrippe **"situasie"**, **"omgangsituasie"**, **"ware opvoedingsituasie"**, **"opvoedingsituasie"** en **"problematiese opvoedingsituasie"** gestruktureerd en planmatig te deurskou. Ten slotte word daar in Hoofstuk 2 'n analise gemaak van die omgangsituasie aan die hand van die bepaalde religieuse vooronderstellinge soos vergestalt in die Godgeskape werklikheid.

HOOFSTUK 2

# 2. DIE VERHOUDING OMGANGSITUASIE-OPVOEDINGSITUASIE

## 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n fundamenteel-opvoedkundige perspektief ten doel gestel ten aansien van die beoogde verloop en doelstelling van hierdie navorsing. Alvorens die problematiese opvoedingsituasie se vorm en ontstaan fundamenteel-opvoedkundig beskou kan word, verg die begrippe "**situasie**", "**omgangsituasie**", "**opvoeding**" en "**opvoedingsituasie**" nadere omskrywing.

Aangesien daar uiteenlopende standpunte bestaan oor die omgangsituasie as gepreformeerde veld vir opvoeding, oor die vraag of die omgangsituasie as integrale deel van die opvoedingsituasie beskou kan word, word ruimte afgestaan ter opklaring van 'n onduidelikheid. Hiermee saam word daar gepoog om vas te stel of 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien daar te lank gewag word vir die omgangsituasie om sogenaamd "**oor te skakel**" in 'n opvoedingsituasie.

Voordat die problematiese opvoedingsituasie ten volle begryp kan word, is 'n mens genoodsaak om in hierdie hoofstuk by die perspektief-gewende lig van Gods Woord 'n vergelyking te tref tussen die volmaakte vóór-sondevalse opvoedingsituasie en die sogenaamde "**normale**" opvoedingsituasie soos dit in hierdie na-sondevalse gebroke werklikheid gestalte aanneem.

Ten slotte word die a-normatiewe trekke in die omgangsituasie as problematiese opvoedingsituasie bespreek soos wat hulle vergestalt word in die modale synswyses van die Goddelike werklikheid.

## 2.2 DIE BEGRIP "SITUASIE"

### 2.2.1 Situasies in die algemeen

Die begrip **"situasie"** speel 'n belangrike rol in die verloop van hierdie ondersoek wat handel oor die problematiese opvoedingsituasie. Daar moet dus noodwendig verantwoording ten aansien van die begrip **"situasie"** gegee word.

'n **"Situasie"** word omskryf as 'n geheel van omstandighede waarin die mens of iets verkeer, 'n toestand, 'n gesteldheid (Odendaal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booyens, 1979:971). Tweedens is 'n situasie 'n geheel van gegewens ten opsigte waarvan gehandel moet word (Langeveld, 1959:150; Van Zyl, 1980:131). Hierdie geheel van gegewens dui op 'n feitlikheid wat is.

Die feitlikheid van 'n situasie waarin 'n mens hom bevind, moet noodwendig aanvaar word, omdat dit nie ongedaan gemaak of weggedink kan word nie. Uit so 'n situasie moet nuwe normatiewe situasies geskep word, omdat die mens nie uitgelewer is aan die situasie waarin hy verkeer nie (Van Zyl, 1980:131). Die gesitueerde mens is toerekeningsvatbaar en kan van sy geloof, kenne, waardering en doene rekenskap gee (Stoker, 1967:13). Ten aansien van opvoeding het hierdie sienswyse belangrike implikasies. Opvoeding sou trouens nie moontlik gewees het as die opvoedeling en opvoeder tevrede was met die staat of situasie waarin die opvoedeling verkeer nie en as daar nie 'n drang tot verbetering was nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:196). Aan hierdie hele **"verbeterings-"** (normatiewe) handeling van toerekenbaarheid, moet die opvoedeling aktief deelneem. Die opvoeder moet aan hom soveel verantwoordelikheid oordra as wat hy kan behartig (Van der Walt & Dekker 1982-83:197). Die opvoedeling moet volgens die Christen-opvoeder in die Here Jesus Christus groei en toeneem tot 'n selfstandige, verantwoordelike lewe wat met inspanning gepaard gaan (Van der Walt & Dekker, 1982-83:197).

Die situasie is 'n geleentheid om te handel, en bied die geleentheid om te handel, te verander en te verbeter. Geleentheid om nuwe situasies te ontwerp word gebied.

Die situasie soos dit is, is 'n geleentheid wat oproep tot verbetering. Verbetering is geen noodwendigheid nie. Deur die handeling in 'n situasie kan die situasie ook versleg en problematies word, dit wil sê daar kan a-normatief gehandel word (Van Zyl, 1980:131). Dit is juis in hierdie soort situasie waarin die problematiese opvoedingsituasie sy beslag kry.

Verbetering van die situasie as 'n skeppende verantwoordelikheid vereis dat die handelende mens die huidige situasie, wat ook 'n problematiese opvoedingsituasie kan wees, moet begryp en evalueer. Daarby moet die mens, die opvoeder en opvoedeling, toekomsperspektief hê. Die mens moet bereid wees om volgens die norme te handel wat niveauverheffing sal teweegbring (Van Zyl, 1980:131).

Landman & Gous (1969:4) lê klem op die verhoudinge in 'n situasie. Hulle sê waar 'n mens werklik aanwesig is en in egte kommunikasie met dinge en mense om hom verkeer, skep hy bepaalde verhoudinge met die dinge en mense en is hy ook in staat om ten opsigte van hulle te handel. So 'n toedrag van sake word 'n situasie genoem. Die situasie is die mens se hele persoonlike wêreld. Die mens is nie net betrokke by sy situasie nie, maar hy dra ook die situasie (Landman & Gous, 1969:4). Indien die mens dus nie sy situasie betekenisvol en sinvol kan verwerk nie, kan so 'n situasie problematies word.

Die mens is medeverantwoordelik vir die geskiedenis van sy situasie. Hy kies en beslis voortdurend sy belewing en gedraginge in verband met sy situasie. Sy handelinge word gemotiveer deur bepaalde betekenisse wat in sy handelinge as waardes bevestig word (Landman & Gous, 1969:4).

* Samevattend kan dus gesê word dat 'n situasie:

- 'n geskiedenis het van 'n plek, 'n toestand, of, anders gestel: 'n geheel van omstandighede is waarin mens(e) werklik aanwesig is en in kommunikasie verkeer met dinge en mense;

- die geleentheid bied vir handeling, passiwiteit, verandering, nie-verandering;

- die geleentheid bied om te kies en te beslis;

* Daar kan ook gesê word dat 'n situasie 'n normatiewe karakter kan dra omdat so 'n situasie:

- geleentheid bied om nuwe situasies te skep wat gemotiveerde handelinge kan bevat wat bepaalde betekenisse en waardes bevestig;

- 'n geleentheid bied wat oproep tot verbetering met 'n toekomsperspektief en die verantwoordelikheid om die veranderinge te aanvaar.

* 'n Situasie kan ook 'n problematiese karakter dra as dit a-normatief van aard is. Dit is juis in die a-normatiewe situasie waarin die problematiese opvoedingsituasie sy beslag kan kry.

**2.2.2 "Eksistensiële karakter" van die begrip "situasie"?**

In die ondersoek na die problematiese opvoedingsituasie moet steeds in gedagte gehou word dat die term "situasie" soos in die

orto-sosio-pedagogiek toegepas, 'n histories-filosofies belaste begrip is, aangesien die term sy oorsprong het in die eksistensieel-fenomenologiese filosofie in die algemeen en in die pedagogiek in die besonder (vgl. Heidegger, 1949:299; 1978:346).

Die eksistensiefilosofie maak duidelike melding van die gesitueerdheid van die mens (Landman & Kilian, 1973:63). Die term "**situasie**" of "**lage**" (Heidegger, 1949: 299; 1978:346) dra 'n ruimtelike karakter en kan dus gelokaliseer word as behorende tot die "**Dasein**" (van die mens) (Dooyeweerd, 1955, II:25). Die lokalisering is gefundeer in die begrip om-in-die-wêreld-te-wees ("**In-der-Welt-Sein gehört**") (Heidegger, 1949:299). Dooyeweerd (1955, II:20) sê dat hierdie "**in-die-wêreld-wees**" van Heidegger (1949:299) dui op "**geworpenheid**" en "**verwerping**" in betekenloosheid. Volgens Kilian (1973:63) lê die bydrae van die eksistensiefilosofie onder andere in die feit dat daar klem gelê word daarop dat die mens in verhouding staan tot dinge en ander mense in situasies.

Vir die Christen-opvoeder is daar bepaalde skadelike elemente in die eksistensialisme wat die mens en sy eksistensie as die middelpunt neem waarom alles draai, - 'n suiwer humanistiese lewensbeskouing (Van Wyk, 1979:91). Vir die eksistensialis is die konkrete situasie van die mens van belang (Van Wyk, 1979:91). Omdat die eksistensialis normatiwiteit ontken, ontken hy eintlik die moontlikheid van opvoeding (Landman & Kilian 1973:64). Deur die verabsolutering van die eksistensie word transendensie ook ontken (Landman & Kilian, 1973:64). Die eksistensialisme is dus vreemd aan die openbaring van God en aan die God van die openbaring (Van Wyk, 1979:97).

Vir die Christen-opvoeder is die mens nie uitgelewer aan sy situasie nie. Die mens se situasie dra dus nie die karakter van noodlotsverloop nie. Al is 'n situasie nie wegdinkbaar nie, rig dit 'n appèl op die mens om uit sy situasie normatiewe situasies te skep (Van Zyl, 1980:131). Dié eksistensialisme open wel die oog vir die mens in sy konkrete situasie in hierdie wêreld, maar wie op hierdie wanhoopsfilosofie sy opvoedkunde wil bou, bou sy huis op sand (Van Wyk, 1979:98).

Alhoewel die mens "**in-die-wêreld-is**" (1 Joh. 4:17), is hy transendentaal nie van die wêreld nie (Joh. 15:19) en moet die mens nie gelykvormig word aan hierdie wêreld nie (Rom. 12:2). Die mens isoleer hom egter nie van die wêreld nie; as Christen het hy 'n roeping om die Christelike lewensbeskouing te konkretiseer op alle terreine van die werklikheid (De Klerk, 1972:17), deur as volwassene, ontslotene en mondige sy roeping te vervul deur God en sy naaste lief te hê (Matt. 22:37-40) en die kosmos te ontgin (Gen. 1:28; 2:19, 20). Christelike situasie-etiek dra duidelik die "**agape**"-karakter van liefde teenoor God en die naaste (Fletcher, 1966:30; Reese, 1980:531; Brown, 1976:538).

"**Eksistensie**" en "**situasie**" is nie sinonieme soos wat daar in Rooms-Katolieke en sekere Protestantse kringe beweer is nie (Fletcher, 1966:36). Vir die Christen-opvoeder is die mens nie uitgelewer aan sy situasie nie, want die Christen-opvoeder het die roeping om sy naaste lief te hê (Matt. 22:39) en te voorkom dat hy aan sy situasie uitgelewer word. Die Christen se situasie het ook nie 'n noodlotsverloop nie, want die mens behoort in lewe en in sterwe nie aan homself (I Kor. 6:19) of die noodlot nie, maar aan sy getroue Saligmaker Jesus Christus (I Kor. 3:23). In die Christelike etiek staan die liefdesbeginsel voorop en alle ander sogenaamde praktykresepte is relatief ten aansien van konkrete situasies (Fletcher, 1966:34). Prinsipieel rus die Christen-opvoeder se begrip van "**situasie**" op die voorafgaande uiteensetting.


## 2.3 DIE BEGRIP "OMGANGSITUASIE"

### 2.3.1 'n Analise van die verskynsel: Omgangsituasie

Om die geheel van 'n "**omgangsituasie**" te bevraagteken vereis dat die vraagstelling sal klassifiseer, relasioneer en ordelik sal verloop (Potgieter, 1980:245).

Skematies kan die vraagstelling ten aansien van 'n omgangsituasie soos volg voorgestel word:

Diagram 2.1




(ontleen aan: Potgieter, 1980:246)

Die volgende stellings kan na aanleiding van hierdie vraagstellingsdiagram gemaak word:

* Mense is in omgangsituasies betrokke. Omgang is tog 'n interaksie tussen mense (Van der Walt & Dekker, 1981-82:100). 'n Omgangsituasie is dus onder andere 'n situasie tussen 'n volwassene en 'n kind (Van Rensburg et al., 1979:104; De Vries, 1978:48) of onvolwassene (Langeveld, 1957:27) of opvoedeling (Landman et al., 1977:25) of volwasse-wordende (Gunter, 1977:28).

* Oral waar mense in tyd en ruimte bymekaar is en van mekaar se teenwoordigheid bewus is, en waar daar handeling plaasvind, word 'n omgangsituasie aangetref (Landsman et al., 1977:25). 'n Mens kan sê waar gebeurtenis is, is tyd, en waar tyd is, is gebeurtenis (Stoker, 1970:351).

* Die handelinge wat in 'n omgangsituasie aangetref word, kan insidenteel of onbewus wees, of die handelinge in die opvoedingsituasie kan insidenteel of "toevallige" of terloopse beïnvloeding wees (Langeveld, 1957:27; De Vries, 1978:49; Van der Walt & Dekker, 1982-83:168), wat onder andere 'n gebiedende, verbiedende, vermanende ingrypende karakter en 'n tugkarakter kan dra (Oberholzer, 1968:53).

Die omgangsituasie is volgens fenomenologiese beskouing 'n "**opvoedingsvoorbereidende**" of 'n gepreformeerde veld vir opvoeding, die plek waar die geleentheid afgewag word om op te voed (Langeveld, 1959:30; Landsman et al., 1977:25). Die "**afwagtings**"-moment waar die omgangsituasie plotseling in 'n opvoedingsituasie omskakel (Langeveld 1959:33), skep die moontlikheid dat "**opvoedingskanse**" kan verminder (Van der Walt & Dekker, 1982-83:165) en problematiese opvoedingsituasies kan intree.

### 2.3.2 Die ontoereikende verloop van die omgangsituasie as gepreformeerde veld vir 'n problematiese opvoedingsituasie

#### 2.3.2.1 Ontoereikende omgang

Oral waar 'n volwassene of opvoeder en 'n kind of opvoedeling bymekaar in omgang met mekaar is, kan opvoeding as 'n intensionele handeling sy verskyning maak (De Vries, 1978:48, Landman et al., 1977:25).

Ontoereikende pedagogiese omgang bied die geleentheid vir 'n problematiese opvoedingsituasie. Ouers en kinders kan te dikwels van mekaar verwyderd wees. Die vader se werksomstandighede kan aanleiding gee dat hy te veel uit die gesin weggeneem word. Die moeder is dalk te veel betrokke by buitenshuise bedrywighede. Die opvoedeling neem dalk aan te veel aktiwiteite buite die gesin deel (Van Niekerk, 1976:175). Daar is dalk te min geleentheid vir opsetlike leiding (Van Zyl, 1980:128; Steyn, 1981, 1625) aan die opvoedingsbehoeftige. Die opvoeder kry dalk te min geleentheid om vir die opvoedeling situasies te reël waarin hy hom vooruit sal wil opvoed vir situasies waarin hy in die toekoms mag beland (Harmse & Kirstein, 1979:22). Die opvoeder kry dalk as gevolg van die min saamwees nie geleentheid om situasies te skep waarbinne (anasta-

tiese) [1] ontsluiting van die aktstruktuur van die opvoedeling kan geskied nie (Schoeman, 1979:188).

### 2.3.2.2 Ontoereikende opvoedingsappèl

Wanneer in die omgang 'n opvoedingsappèl gerig word, dit wil sê wanneer die opvoedeling deur 'n woord, 'n daad, 'n handeling of 'n situasie 'n appèl tot die opvoeder rig om òf instemmend óf herstellend (in 'n problematiese opvoedingsituasie) of voorkomend op te tree, begin die duidelike aanloop vir ontmoeting (De Vries, 1978:49). Opvoeding kan dus reeds doelbewus of ondoelbewus in die omgangsituasie plaasvind, dit skyn egter noodsaaklik te wees dat 'n opvoedingsappél van die opvoedeling na die opvoeder moet uitgaan (Van der Walt & Dekker, 1982-83:168). In die ontmoetingsituasie is die opvoeder en opvoedeling veronderstel om innig op mekaar afgestem te wees (Landman, Barnard, Gerber, Roos, Van der Westhuizen, Smit, 1978:55).

In 'n problematiese opvoedingsituasie geskied hierdie ontmoeting of op mekaar afgestem wees op ontoereikende wyse (Van Niekerk, 1976:175). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan dus ontstaan indien die opvoeders in veronderstelde opvoedingsgesprekke met die opvoedeling, op grond van ontoereikende wedersydse vertroue, begrip en gesag, in feite bloot monoloë voer. Die opvoedeling kan dalk ervaar dat sy opvoeders vir hom ontoeganklik is. Daar ontbreek dalk intimiteit tussen die opvoedeling en sy opvoeders. Die opvoedeling kan dalk voel dat sy opvoeders hom dalk nie begryp nie en nie vir hom omgee nie (Van Niekerk, 1976:175).

[1] Anastaties: Dit wil sê die omhoogleiding na God (Schoeman, 1979:188).

### 2.3.2.3 Ontoereikende opneem van aanspreeklikheid

In die voorafgaande paragraaf is melding gemaak van die moontlikheid om tot opvoedende bemoeienis oor te gaan nadat opvoedingsgeleenthede sigbaar geword het. Dit beteken nie dat die opvoeder noodwendig sal voortgaan om aan die opvoedingsgebeure sy verloop te gee nie (Landman et al., 1978:56). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan dus reeds in hierdie verloopsfase ("**opneem van aanspreeklikheid**") geantisipeer word, omdat geleenthede om op te voed of "**opvoedingskanse**" (Van der Walt & Dekker, 1982-83:165) nie benut word nie. Die opvoeder kan byvoorbeeld die opvoedingsgeleenthede nie raaksien nie óf maak asof hy dit nie raaksien nie (Landman et al., 1978:57).

Die opvoedeling het egter ook 'n definitiewe bydrae te maak ten aansien van sy eie grootwording. Hy is nie 'n rubberstempel of passiewe meeloper van die opvoeder nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:196; Pretorius, 1976:19).

Die fondament vir 'n problematiese opvoedingsituasie kan reeds gelê word indien opvoeder en opvoedeling nie aanspreeklikheid vir die opvoedingsdaad wil aanvaar nie (Van Niekerk, 1976:175).

Die nie-aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die opvoedingsdaad kan 'n werklikheid word indien daar 'n gebrek aan gevoelens van aanspreeklikheid om opvoedingsverhoudinge te stig by die opvoeders of die opvoedeling of by albei is. Daar is dalk die afwesigheid van 'n opvoedingsdoel wat vir die kind bestrewe behoort te word. Daar is dalk 'n onwilligheid by die opvoedeling om hom vir opvoedingsbeïnvloeding beskikbaar te stel. Daar is dalk 'n strewe by die opvoedeling om sy opvoeders te vermy. Die opvoedeling word dalk te min opgeroep tot verantwoordelikheid. Die opvoedeling ontdek dalk dat daar te min vir hom in die vooruitsig gestel word. Die opvoeders begryp dalk hulle opvoedingsverantwoordelikheid en verpligtinge op gebrekkige wyse (Van Niekerk, 1976:175-176).

#### 2.3.2.4 Ontoereikende opvoedingsbemoeienis in die omgangsituasie kan van die omgangsituasie 'n problematiese opvoedingsituasie maak

Al die handelinge soos omgang, appèl, ontmoeting, aanspreeklikheid, substansieer of beliggaam 'n besondere opvoedingshandeling: opvoedingsbemoeienis (Landman et al., 1978:58). Anders gestel, alle aktiewe begrypende en ingrypende deelname van die opvoeder aan die innerlike lewe van die opvoedeling is opvoedingsbemoeienis (De Vries, 1978:50).

Aangesien onder andere Landman et al., (1978:58) en De Vries (1978:50) die handeling in die verloopstruktuur van opvoeding vanaf omgang tot opvoedingsbemoeienis as opvoedingshandelinge beskou, kan aanvaar word dat die fondamente van 'n problematiese opvoedingsituasie reeds in die omgangsituasie gelê word. Alle kontak soos onder andere aanraking, handgee, geneëntheid betoon, simpatiek wees, 'n aanmoedigende (of teregwysende) blik van die oog (Van der Walt & Dekker, 1982-83:247-248) is opvoedende kontakhandelinge en speel 'n kernrol in die omgangsituasie en sy verloop tot opvoedingsbemoeienis. Indien van hierdie handelinge in die omgangsituasie sou skeeftrek, foutief toegepas word of a-normatief geïmplementeer word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie reeds beslag kry in die omgangsituasie. (Die verband omgangsituasie/opvoedingsituasie word in par. 2.6 breedvoerig bespreek.)

## 2.4 SONDELOSE WARE "NORMALE" OPVOEDINGSITUASIE

### 2.4.1 Die begrippe "normaal" en "abnormaal" in die konteks van hierdie navorsing

As die begrip "**normale opvoedingsituasie**" gebruik word, word daar met "**normale**" bedoel: dit wat as "**normaal**" aanvaar word in hierdie ná-sondevalse bedeling (Taljaard, 1976:61-62). As gevolg van die sonde "... is niemand regverdig nie, selfs nie een nie" (Rom. 3:10)."

Die mens is sondaar; die kosmos (stof, plant, dier en mens) is met kwaad deurtrek. Al die mense is onder die mag van die sonde en as gevolg van die sondeval het die mens afvallig van God geraak (Van Wyk, 1974(b):3; Taljaard, 1976:96). Volgens God se Woord het God in die begin sy skepping goed, trouens, baie goed geskape (Gen. 1:31). Aan die hand van Rom. 3:10 sê Stoker (1970:83) as ons die mens in 'n prinsipiële sin "**normaal**" noem, dan is die mens en die kosmos in ons ná-sondevalse bedeling in 'n prinsipiële sin "**abnormaal**", deurdring met kwaad. Dit geld ook vir die situasies waarin die mens hom bevind. Hiervoor kan God nie verkwalik word nie, want die geskape mens is produk van God se handeling en die sondige mens 'n produk van sy eie handelinge (Heyns, 1974:138).

Hierdie prinsipiële "abnormaliteit" van mens en kosmos is en bly steeds relevant vir die beoefening van wetenskap. Die lig van God se Woord op die wesenlike "**abnormaliteit**" van die mens en kosmos is geen meganiese en uitwendige lig wat aan die mens en kosmos toegevoeg word nie, maar is 'n beligting van die mens en kosmos self soos hulle werklik en waarlik is, 'n beligting wat essensieel en inherent tot die veld van wetenskaplike ondersoek behoort. Christelike wetenskap en die fundamentele ondersoek na die problematiese opvoedingsituasie hou toerekenbaar en verantwoordelik ten volle rekening met die mens se prinsipiële "**abnormaliteit**" (Stoker, 1970:84). Wie in sy wetenskapsbeoefening nie rekening hou met die prinsipiële "**abnormaliteit**" van mens en kosmos as gevolg van die sonde nie, loop die gevaar om die onvolmaakte werklikheid tot norm of tot die "**normale**" te verhef (Van Wyk, 1979:112-113).

Omdat die wortelverhouding waarin die mens staan, naamlik dié tot God, deur die sonde aangetas is, is ook alle verhoudinge en situasies waarin die mens lewe deur die sonde besmet (Heyns, 1974:131).

Die mens is en bly geroepe om teen die sonde en die kwaad te stry, maar 'n God-afvallige mens in 'n afvallige wêreld kan vanuit sy afval, sonde en kwaad nie finaal oorwin nie. En hier wys God se Woord die mens op die finale oorwinning van sonde en kwaad deur die ingrype van God, deur die verlossende en herskeppende betekenis van die kruis van Christus

en sy wederkoms. Hieruit blyk andermaal die begrensdheid van die mens (Stoker, 1970:85; Dooyeweerd, 1955, II:34-35).

Dit is vir die mens troosryk en heerlik om te weet dat God hom nie vanweë die sonde uit sy hande gelaat het nie (Heyns, 1974:74, Taljaard 1976:164). In God se genade het Hy die mens in die verbond opgesoek en hom in Jesus Christus gered van ondergang en vernietiging (Heyns, 1974:74, Dooyeweerd, 1955, II:35), sodat die verloste mens in die sogenaamde ná-sondevalse **"normale"** bedeling toegerus kan wees om buitengewoon **"abnormale"** situasies, waaronder die problematiese opvoedingsituasie te hanteer. 'n Feit wat nie in 'n fundamentele ondersoek na die problematiese opvoedingsituasie uit die oog verloor moet word nie, is die sonde. Nieteenstaande Christus se finale oorwinning oor die sonde is die sonde in hierdie bedeling nog nie verwyder nie. Selfs die hart van die verloste in Christus kan nie daaraan ontkom nie. In samehang daarmee het die verloste in Christus 'n taak en roeping deur die genade van God in Christus (Heyns, 1974:74) om as 'n nuwe mens ook alles rondom hom nuut te help maak, ook die sondebesmette problematiese **"abnormale"** opvoedingsituasies. Die begenadigde **"heelgemaakte"** (herstelde, verloste) mens kan nooit vrede hê met die sondegebroke wêreld waarin hy hom bevind nie.

### 2.4.2 'n Vergelyking tussen 'n veronderstelde sondelose ware "normale" opvoedingsituasie en 'n nasondevalse "normale" ("gewone") opvoedingsituasie

#### 2.4.2.1 Die gerigtheid van die mens

VOOR DIE SONDEVAL

Voor die sondeval was die mens volkome op God gerig, dit wil sê volkome anastaties (Taljaard, 1976:158).

## NA DIE SONDEVAL

Na die sondeval was die mens volkome apostaties, dit wil sê weg van God gerig (Taljaard, 1976:159).

* Sedert die sondeval en moederbelofte is daar twee basiese dryfkragte in die lewe van die mens aan die werk, naamlik:

- dié van die Heilige Gees wat die afvallige hart van die mens na sy ware oorspronge terugdring, en so die nuwe dryfkragte van die in-Christus-herbore mensehart word (Schoeman, 1979:9). So kry die mensehart weer sy anastatiese karakter terug;

- dié van die sonde of, groot afval van God, as dualistiese dryfkrag, wat die hart van die mens in afgodegerigtheid neig (Dooyeweerd, 1955, 22:32). Hierdie apostatiese religieuse grondmotiewe openbaar die innerlike kenmerke van tweespalt, dubbelslagtigheid, teenstrydigheid en gespletenheid (Schoeman, 1979:9).

In die opvoeding en opvoedkunde moet deeglik kennis geneem word van hierdie dryfkragte wat dwarsdeur die kosmos sny en waaraan letterlik géén mens, beslis ook nie die verloste in Christus, kan ontkom nie, en so ook géén enkele lewensterrein nie (Schoeman, 1979:10).

* Die grondmotief van vorm-materie

Die apostatiese gerigtheid van die mens laat hom onder andere betekenis soek in die vorm materie-motief van die antieke Griekse oudheid. Hierdie motief het 'n duidelike dualistiese aard en karakter. As 'n mens hierdie motief van nader beskou, val dit in die volgende breë trekke uiteen:

- Die materie-motief

Die materie-motief in die Griekse denke ontspring uit die voorvaderlike natuurreligie ('n noodlotsgerigtheid). Volgens hierdie beskouing was die **physis** (die ewigvloeiende lewenstroom wat uit die aarde opkom) (Venter 1973:27) die bron van alle lewe, van alles wat bestaan en wat vorm en gestalte besit. Alle lewende wesens wat uit die **physis** opkom, val egter die blinde **Anangké** (die noodlot) ten prooi: lewende wesens word afgemaai en word teruggedwing na die ewigvloeiende, vormlose lewenstroom, sodat laasgenoemde sy kringloop van geboorte, wasdom, dood en herlewing kan voortsit (Schoeman, 1979:12). Per implikasie dui dit op 'n doellose bose kringloop waarin die lewende wese verval, en van 'n ware eindbestemming is daar dus nie sprake nie.

- Die vorm-motief

Die latere kultuurreligie (met sy vergoddelikking van die kultuuraspek van die Griekse samelewing) van die Olimpiese veelgodedom het 'n standpunt ingeneem as religie van die redelike vorm, wat neergekom het op die verabsolutering van die redefunksie van die mens (Schoeman, 1979:13). Dit was 'n besondere invloedryke denkrigting wat sy neerslag gevind het in die latere skolastiek en humanisme, en in resente tye nog die apostatiese wekroep van die outonomie van die mens se rede weerklank vind (Venter, 1973:27). Hier word andermaal 'n grype na die apostatiese gevind.

Plato en Aristoteles het tevergeefs gepoog om 'n sintese tussen vorm en materie te bewerkstellig, maar as gevolg van die valse en verskeurde grondmotief kon daar nooit 'n eenheidsvisie kom nie (Schoeman, 1979:18). Antropologies is die menslike liggaam as minderwaardig beskou, teenoor die siel wat ewigheidswaarde het (Postma, 1983:130; Durand, 1982:29).

Hierdie heidense gedagte dat die mens 'n **"twee-substansie"** is, is vir die Christen onaanvaarbaar. Die mens as 'n eenheidswese is in sy totaliteit na die beeld van God geskape (Postma, 1983:130). So is die opstanding van die liggaam vir die Christen van besondere belang.

Dit gaan nie net om die redding van die siel nie, maar om die redding van die mens - en volle menswees is ook liggaamlikheid (De Klerk, 1975:26,28). Sogenaamde handearbeid is dus nie benede die beskaafde mens se waardigheid nie, en toeganklikheid tot Skrifwaarhede is nie net verstandlikbegaafdes se voorreg nie. Rede is maar één funksie van die mens (Postma, 1983:130).

* Die grondmotief van natuur-genade.

Die opkoms van die religieuse grondmotief van natuur en genade (apostaties gerig) is toe te skryf aan 'n poging om 'n sintese te bewerkstellig tussen die heidens-Griekse en die Skriftuurlike religieuse grondmotief (Schoeman, 1979:20, Van der Linde, 1984:697). Venter (1970:7) verwys na die tydperk as die neo-thomistiese (Rooms-Katolieke) wysbegeerte.

Aanhangers van hierdie grondmotief hanteer die natuur as 'n voorstadium van die bonatuurlike genade, want genade as **"hoëre"** trap van volmaaktheid staan verhewe bo die natuur. Genade kan alleen deur middel van die sakramentele genademiddel van die Roomse kerk in die orde van die natuur gestort word. Ingevolge hierdie dualistiese denkskema word die radikale karakter van sowel sondeval as verlossing gekanselleer (Schoeman, 1979:21). Hierdie grondmotief dra dus duidelik 'n apostatiese karakter, omdat die kerk (Roomse kerk) tot God se plek as Genadegewer verhef word. Die mens word ook deur die grondmotief van natuur en genade in twee wesensverskillende dele, onderskeidelik deur die rede en die geloof, aangedryf (die mens as totaliteit word uit die oog verloor). Hierdie onskriftuurlike tweedeling en neiging om die rede en die geloof as bestaanswyses te reduseer kan en mag nooit aanvaar word nie (Schoeman, 1979:21).

* Die grondmotief van natuur-vryheid.

Venter (1970:69) meld dat die grondmotief van natuur en genade gepoog het om die grondmotiewe van vorm materie, skepping, sondeval en verlossing, natuur genade, te versoen op grondslag van die waardigheid van die menslike persoonlikheid. (Hier word die apostatiese- die waardigheid van die menslike persoonlikheid- tot norm verhef.)

In die tydperk van die natuur-vryheid religieuse grondmotief (vanaf die Renaissance-humanistiese tydperk) word die mens vervul met 'n "**nuwe blik**" op homself, en die fiksie van die outonome, die selfgenoegsame mens wat sy eie wetgewer en eindbestemming is, ontstaan (Schoeman, 1979:22). So kry die mens 'n sentrale posisie in die wêreld van tyd en natuur (Heyns, 1974:19). Die goeie, ware en skone word nie in die buitemenslike aangetref nie, maar wel in die mens (Heyns, 1974:21). Aan die mens met sy skeppende geestesfunksies moet reg geskied en daarom word die mens sentraal geplaas (Heyns, 1974:20). Voortaan sou die mens die gronde van sy sekerheid alleenlik in homself soek (Schoeman, 1979:23).

Die Christelike belydenis van die soewereine heerskappy van God word langsamerhand vervang deur 'n hoogmoedige geloof in die skeppende mag van die menslike denke, en daarom staan die humanis skepties teenoor wonders en verklaringe wat nie deur die menslike rede aanvaar of verklaar kan word nie (Heyns: 1974:20).

**2.4.2.2 Die religieuse grondmotief van die mens**

VOOR DIE SONDEVAL

Voor die sondeval was die religieuse grondmotief van skepping, diens, eer en verheerliking van God volkome in die volste sin van die woord aanwesig.

## NA DIE SONDEVAL

Na die sondeval is die Skriftuurlike grondmotief van skepping - sondeval - en - verlossing in gemeenskap met die Heilige Gees.

* Skepping

Die Skrif as die openbaring van God se wil ontsluit aan die mens inligting aangaande die skepping van die mens na Gods beeld:

- Die mens is sonder smet of sonde geskape na die beeld van sy Skepper (Gen. 2:17) (Taljaard, 1976:164).

- Die mens ontvang 'n besondere roeping, taak en opdrag om die skepping te help ontplooi (Gen. 2:15, 19).

- Die ganse skepping word tot beskikking van die mens gestel (Gen. 2:19), hy is medearbeider van God in die skepping. Al sy lewensuitgange is op God gerig, daarom ontsluit hy die tydelike dinge wat aan sy sorg toevertrou is net tot Gods eer.

- As skepsel is die mens onselfgenoegsaam en "**onvolledig**", nooit 'n god nie, maar onder die wet van God wat in Christus sy sinvolheid en bestemming vind (Schoeman, 1979:16; Heyns, 1974:129).

* Sondeval

Geskape-wees bring die mens in verband met God. Sondaar-wees bring die mens in verband met homself (Heyns, 1974:128). Die skepping soos deur God in aansyn geroep, is volmaak, en so ook die mens wat na sy beeld geskape is. As gevolg van die radikale verwerping en wegbreek van God se wil (Gen. 17 en 3:3) deur die mens Adam se sonde, is hy, tesame met die skepping vervloek en aan die toorn van God blootgestel (Schoeman, 1979:17; Bavinck, 1920:135).

Die mens sal nooit die sonde kan verklaar nie (Bavinck, 1920:95). Die volgende wesenstrekke van die sonde is egter onmiskenbaar:

- sonde is opstand teen God (Dekker, 1980:19, 28; Bavinck, 1920:97)
- Sonde is 'n aktiewe berowing wat die band met God afsny (Dekker, 1980:19)
- Sonde het die geestelike dood van die mens tot gevolg (Dekker, 1980:20)
- 'n Sondetoestand is 'n soort gevangenis wat deur sonde beheers word (Rom. 5:21; 6:14)
- Sonde kan nie selfstandig bestaan nie, dit is 'n parasiet (Heyns, 1974:128)
- Sonde orden nie maar verwoes en vernietig (Heyns, 1974:128)
- Sonde is 'n misdaad (Spreuke 8:36)
- Sonde is krom of verkeerd, 'n afdraai van die goeie pad (Heyns, 1974:29)
- Sonde is ook 'n nie-opsetlike vergissing of dwaling (Heyns, 1974:129).

Opsommend kan dus gesê word dat sonde opstand teen God is, verwerping van die afhanklikheid van God, 'n soeke na die lewe buite God, 'n poging om sonder God self koers en rigting aan die lewe te gee. By implikasie kan daar gesê word die mens is nie tevrede met sy posisie onder God nie, maar wou hom naas God en dus eindelik bo God stel (Heyns, 1974:129). Die mens wil dus spreek en nie hoor nie, hy wil gebied en nie gehoorsaam nie (Rom. 8:7).

* Verlossing

Ten spyte van die mens se afval van God onttrek Hy hom nie totaal van die mens nie. Deur die versoeningsdood van Christus, die Tweede Adam, word die religieuse band met God weer deur genade herstel. In wese beteken dit dat die mens se hart wedergebore word en die oorspronklike plan van God met die mens word herstel (Dekker, 1980:24; Bavinck, 1920:83). Die mens het nou as geroepe wese 'n dringende taak om te vervul. Hy moet tot Gods eer die wêreld en natuur herskep en dit tot Godwelgevallige kultuur omvorm (Schoeman, 1979:19). As herskape wese moet die Christenopvoeder nou as profeet, priester en koning die Christelike verbondskind, gebind deur die doopbelofte, onderrig of laat onderrig in Christusgeborgenheid en in diens van sy Skepper (Dekker, 1980:28).

### 2.4.2.3 Die grondtrekke van opvoeding

VOOR DIE SONDEVAL

Alle universele trekke (grondtrekke) van opvoeding was volmaak maar nie volkome gerealiseer nie.

As die grondtrekke van opvoeding geanaliseer word, leer die Skrif die volgende aangaande die grondtrekke van die opvoedingshandeling.

* Opvoeding is altyd 'n handeling, 'n gebeure, 'n werklikheid (Van der Walt & Dekker, 1982-85:116).

- Opdrag-gee is 'n handeling.

  "... God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak ..." (Gen. 2:15).

- Die skepping is 'n werklikheid wat onuitwisbaar sy beslag gevind het. God handel met die mens deur hom te skep, te vorm (Gen. 2:7).

* Opvoeding geskied slegs in die ryk van mense (Van der Walt & Dekker, 1982-83:117).

- God gee aan die mens die opdrag om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak; hierdie opdrag is nie aan diere of plante gegee nie (Gen. 2:15).

- In Gen. 2:19 kry die mens opdrag om aan die diere en voëls wat deur God na hom gebring moet word, hulle name te gee. Die mens word dus "**opgevoed**" om 'n taak te volvoer.

* 'n Opvoedingsituasie word gekenmerk deur die aanwesigheid van 'n opvoedingsbevoegde (Van der Walt & Dekker, 1982-83:124).

- God is die Almagtige Skepper, die Volmaakte, die Algenoegsame God. Wie is of kan ooit meer opvoedingsbevoeg wees as: "Ek (...) die Here jou God ..." (Exodus 20:2).

* 'n Opvoedingsituasie word gekenmerk deur die aanwesigheid van 'n opvoedingsbehoeftige (Van der Walt & Dekker, 1982-83:253).

- Die mens is opvoedingsbehoeftig. Al is hy volmaak en na Gods beeld geskape, is hy nie volledig en voltooi nie, want so lank daar lewe is, is groei (ook geestelike groei) moontlik, volgens 'n mededeling van Helberg (1983(b)) (Van der Walt & Dekker, 1982-83:176; Pistorius, 1974:64).

- Die mens se onvoltooidheid blyk ook daaruit dat God vir Hom 'n hulp gemaak het (Gen. 2:24).

- Die opvoedingsbehoeftigheid van die mens spreek uit die feit dat God 'n proefgebod vir die mens daarstel (Gen. 16, 17).

As die mens voltooid was, sou hy nie hierdie gebod oortree het nie. Sy opvoedingsbehoeftigheid spreek uit sy onvoltooidheid (Pistorius, 1974:64; Schoeman, 1979:16).

* Daar vind 'n bepaalde opvoederlike interaksie tussen die **"persone"** plaas (Van der Walt & Dekker, 1982-83:117).

- God roep die mens in aansyn, die mens moet gehoorsaam (interaksie). Die mens kry opdrag om die skepping te bewerk en te bewaak (Gen. 2:15). Hy moet handel, hy is dus medebetrokke.

- Die mens moet gehoorsaam, want God gee opdrag dat hy aan die diere en voëls name moet gee (Gen. 2:19).

- God stel die proefgebod (Gen. 2:16, 17), die mens moet gehoorsaam. Dit dui op interaksie.

* Die opvoederlike interaksie word gekenmerk deur 'n behartiging van belange van die opvoedingsbehoeftige (Van der Walt & Dekker, 1982-83:167).

- God wil die mens as opvoedingsbehoeftige se belange behartig: God gee aan die mens kos om te eet (Gen. 2:16); God gee aan die mens 'n hulp, die vrou (Gen 2:21, 22); God wil voorkom dat die mens sterf en gee aan hom die proefgebod (Gen. 2:17).

* Daar is een of ander vorm van opvoederlike gesag soos bepaal deur die bevoegdheid van die opvoeder.

- God as die hoogste Gesagsdraer gee die proefgebod (Gen. 2:17), wat gehoorsaam moet word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:175).

- As Hoogste Gesag gee God opdrag dat die mens sy skepping moet bewerk en bewaak (Gen. 2:15). Die mens moet gehoorsaam.

* Opvoeding vind plaas om die opvoedingsbehoeftige te lei, begelei, vorm beïnvloed, onderrig en toe te rus tot volle verantwoordelikheid vir sy lewenstaak (Van der Walt & Dekker, 1982-83:169).

- Vorm: God is Absolute Almagtige Algenoegsame Vormgewer, Hy modelleer die mens uit die stof van die aarde en het die asem van die Lewe in sy neus geblaas, sodat die mens beeld van die Skepper kan wees (Gen. 2:7).

- Lei: God stel die mens in die tuin van Eden (Gen. 2:15). Mens kan ook sê God lei die mens in sy skepping in om dit te bewerk en te bewaak, volkome en tot sy eer.

- Begelei: God begelei die mens deur hom te verbied om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad (Gen. 2:17). God dra sy skepsel se belange op die hart, daarom lei Hy die mens weg van dit wat hom kan benadeel.

- Beïnvloed: God as Algenoegsame Alwyse beïnvloed die mens ten goede deur hom te verbied om te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad (Gen. 2:17).

- Onderrig: God as hoogste onderriggewer laat die mens heers oor sy skepping deurdat die mens dit moet bewerk en bewaak (Gen. 2:15). Die mens moet al die lewende wesens name gee (Gen. 2:19). Op hierdie wyse kom die mens tot Godskennis, natuurkennis en tot kennis van die ganse skepping tot Gods eer.

- Toerus: God rus die mens volkome toe, want God het die mens geskape na Sy beeld en gelykenis (Gen. 1:26-27) in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper kan ken,

Hom van harte kan liefhê, en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys (H.K., Sondag 3; Ef. 4:24, Kol. 3:10; II Kor. 3:18) in al sy doen en late.

* Opvoeding geskied altyd onder normatiewe gesigspunte wat religieus, lewensopvatlik bepaal word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:191).

- Gen. 1:31 "Toe sien God alles wat Hy gemaak, en - dit was baie goed ..." Dit is die normatiewe, die normale, die riglyn, die maatstaf waarvolgens God alles gemaak het, alles was baie goed.

- God stel die mens ook voor 'n normatiewe behorenseis deur die proefgebod daar te stel (Gen. 2:17). God wil dat sy skepping goed en Godwelgevallig bly, daarom verbied God die mens om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Die mens moet hierdie normatiewe eis gehoorsaam.

* Alle opvoeding is doelgerig en bepaald (Van der Walt & Dekker, 1982-83:188).

- Die doelgerigtheid van God as Almagtige, Alomteenwoordige, Algenoegsame, Alwyse, Alwetende Opvoeder, blyk as God die mens seën en sê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers ..." (Gen. 1:28). God het die mens deur sy seën volkome toegerus vir hierdie taak.

## NA DIE SONDEVAL

Alle universele trekke (grondtrekke) van opvoeding word sondegebroke en onvolmaak gerealiseer.

* Omdat opvoeding handeling is, kan opvoeding ook a-normatief plaasvind, weg van God af.

- Na die sondeval stel God deur sy herstellende genade deur die soenverdienste van Jesus Christus opvoeding in die hand van die mens om die vernietiging van die sonde teen te werk om sodoende die herbore mens op God te rig.

Heyns (1974:129) sê dat die wese van die sonde 'n eiewillige bestemmingsverongelukking is. **Geskape-wees** bring die mens in verband met God. **Sondaar-wees** bring die mens in verband met homself (Heyns:128). Die sonde is nie skeppend en ordenend nie, maar verwoestend en vernietigend (Heyns:128). Hierdie vernietigingswerk vind ook duidelik sy neerslag in die opvoeding.

Die mens (opvoeder en opvoedeling) wat deur God geskape is, het in sonde geval en daarmee het hy hom teen God en sy naaste verset. Hy wil sy eie norm en gesag wees. Die sondeval het dus 'n addisionele verpligting op die opvoeder gelê: hy moet die opvoedeling bewapen vir sy stryd teen die bose (Van Wyk: 1974(c).13). Die mens (opvoeder en opvoedeling) is as gevolg van die sonde van nature geneig om te oortree, liefdeloos en egosentries te wees. In die opvoedingsituasie is daar dus 'n voortdurende stryd teen die sondes van wangedrag, luiheid, oneerlikheid, skepping van wankultuur, huislike probleme, siektetoestande of aanpassingsprobleme wat 'n invloed op die leer- of aanpassingsvermoë van die kind kan uitoefen (Dekker, 1980: 22, 23).

Die opvoedeling sien ook in die primêre (huislike) opvoedingsituasie die feilbare, in-sonde-gevalle skepsel van God; hy sien mense (ouers) wat twyfel en glo, wat sukses en teleurstelling moet verwerk. Hy sien mense wat val en opstaan, hy sien hartseer en skuldbesef maar ook die vreugde van sondevergifnis. Die mens moet weet dat al sy aktiwiteite kreatuurlik begrens en deur die sonde verduister is. Hy moet egter ook weet dat hy na Gods Beeld geskape is (Bavinck, 1920:86) en dus toerekenbaar en verantwoordelik is (Dekker, 1980:23). Opvoeding sal dus voortdurend die sonde in die mens moet afbreek.

#### 2.4.2.4 Die normatiewe geneigdheid van die mens

VOOR DIE SONDEVAL

Die mens word volkome normgehoorsaam toegerus volgens die wil en wet van God (= "**norm-ale**" opvoeding).

* Berkhof (s.a.:28) sê dat daar nie sinvol oor die mens gespreek kan word as sy verhouding tot God nie gesien word as die middelpunt van sy bestaan nie. Dit is die hoogste en fundamenteelste wat hom kenmerk. Die feit dat die mens volkome normatief volgens God se wil en wet geskape is, blyk duidelik uit Gen. 1:31: "Toe sien God alles wat hy gemaak het, en - dit was baie goed ..."

NA DIE SONDEVAL

Die mens is anti-normatief geneig vanweë sondegebrokenheid (= "**ab-norm-ale**" opvoeding).

* Die mens wat goed geskape is, het in sonde geval en daardeur het hy in opstand gekom teen God en sy naaste. Dus is alle verhoudinge waarin die mens staan in hulle eie teendeel verander (anti-normatief). God het egter nie die mens uit sy hande laat gaan nie. Hy het hom in sy verbond opgesoek en in Jesus Christus sy lewe gered van ondergang en vernietiging (Heyns, 1974:74).

**2.4.2.5 Die sonde se invloed op die mens**

VOOR DIE SONDEVAL

Die opvoeder en opvoedeling is volmaakte en sondelose mense maar nie volkome en voltooid nie: hulle moet nog groei, ontwikkel en ontplooi (Pistorius, 1974:56, 57, 64; De Vries, 1978:81; Van der Walt & Dekker, 1982-83: 145, 176).

NA DIE SONDEVAL

Opvoeder en opvoeding is sondegebroke, onvolkome en onvolmaak.

* Implikasies vir die opvoeder.

  Die harmoniese band met God is met die sondeval radikaal deurgesny en 'n afvallige religie het op die mens se hart beslag gelê, 'n religie wat die lewensuitinge van die mens sleg gemaak het en nie tot eer van God gerig het nie (Dekker, 1980:19). Hierdie feit geld ook vir die opvoeder en opvoedeling. Hierdie afval, soos Dooyeweerd (1969:17) dit tereg stel, het die geestelike dood van die mens tot gevolg gehad, aangesien die menslike "**ek**" in homself niks is nie en slegs uit die Woord van God en in liefdesgemeenskap met sy Skepper kan leef.

* Implikasies vir die opvoeding

  Die mens (opvoeder en opvoedeling) wat deur God geskape is, het in sonde geval en hom daarmee teen God en sy naaste verset. Vanweë die sonde wil hy sy eie wil en sy eie norm wees en sy eie gesag skep. Die sondeval het dus 'n addisionele verantwoordelikheid op die opvoeder gelê: hy moet die opvoedeling bewapen vir sy stryd teen die bose (Van Wyk, 1974(c): 13). Die mens (opvoeder en opvoedeling) moet weet dat al sy aktiwiteite kreatuurlik begrens en deur sonde verduister is, maar hy moet ook weet dat sy geskapenheid na Gods beeld van hom 'n geroepe toerekenbare verantwoordelike wese in onderskeiding van ander skepsele maak (Van der Walt & Dekker, 1979:67).

### 2.4.2.6 Die doel van opvoeding

VOOR DIE SONDEVAL

Die ware doel van opvoeding is diens aan God, ontginning van die kosmos en diensbaarheid aan die medemens, volkome, volmaak en bereikbaar.

NA DIE SONDEVAL

Die ware doel van opvoeding is vanweë die sonde verborge en verduister, in werklikheid onbereikbaar.

* Vanweë die erfsonde het die mens van God afvallig geword en het die doel om God volkome en volmaak te dien verbrokkel. Die mens rig nou van nature sy uitgange in die afval, weg van God, dit wil sê apostaties. Hierdie apostase is van universele omvang sodat geen enkele lewensfaset, ook die opvoedingsdoel, daaraan kan ontkom nie; dit tref die hele mens as ondeelbare eenheid (Schoeman, 1979:101). As gevolg van hierdie gevalle en verdorwe natuur van die mens om sy lewensuitgange (ook sy voorstellings) nie op God te rig nie, is opvoeding in die eerste plek noodsaaklik om die opvoeding doelbewus en planmatig na Bo, dit wil sê na God, te lei (Schoeman, 1979:102).

### 2.4.2.7 Gevolgtrekking

'n Vergelyking tussen 'n Veronderstelde sondelose ware "**normale**" opvoedingsituasie en 'n na-sondevalse "**normale**" (gewone) opvoedingstiuasie is gemaak om aan **te** toon dat die na-sondevalse "**normale**" (gewone) opvoedingsituasie prinsipieel vanweë die sondige aard van die mens reeds 'n skeefgetrokke, a-normatiewe, problematiese opvoedingsituasie is. Vir die doel van hierdie navorsing word laasgenoemde egter as nie normale, "**gewone**" opvoedingsituasie beskou.

Daar word dus basies drie kategorieë opvoedingsituasies onderskei wat diagrammaties soos volg voorgestel kan word:

Diagram 2.2

'n Veronderstelde
ware voorsondevalse
"Prinsipieel" normale
Opvoedingsituasie

'n Na-sondevalse "in-genade-herstelde" tydelike Gewone opvoedingsituasie"

'n Na-sondevalse skeefgetrokke, A-normatiewe "Problematiese Opvoedingsituasie"

Prinsipieel verskaf die ware vóór-sonde-valse **"Prinsipieel normale opvoedingsituasie"** die norm vir die **"gewone opvoedingsituasie"** en die **"problematiese opvoedingsituasie"**

## 2.5 DIE BEGRIP "OPVOEDINGSITUASIE"

### 2.5.1 Oriënterend

Die praktyk van opvoeding of die plek waar opvoeding gestalte kry, is 'n verskeidenheid opvoedingsituasies (Landman & Gous, 1969:1). Anders gestel: werklike opvoedingsgebeure of opvoedingshandelinge vind in die een of ander opvoedingsituasie plaas (Landman & Gous, 1969: 2; Stander & Sonnekus, 1967:5).

### 2.5.2 Die struktuur (d.i. Goddelike bouplan) van 'n opvoedingsituasie

'n Situasie waarin opvoeding plaasvind, kan 'n vierledige karakter dra:


* 'n Volwasse (Gunter, 1977:28; De Vries, 1978:49), beskawingsmondige, toegeruste persoon wat as opvoeder optree;

* die opvoedingsmiddele waarmee die opvoeder toegerus is om hom by wyse van opsetlike, doelbewuste (Gunter, 1977:28) Godgegewe handelinge te bemoei met die opvoedeling deur middel van leiding, begeleiding, vorming, toerusting en beïnvloeding (Van der Walt & Dekker, 1982-83:169);

* 'n opvoedingsbehoeftige of nie-volwassene (Van der Walt et al., 1980:7) of "**onvolwassene**" (Coetzee, 1973:65) (onvolwaardige) of nie-mondige (Bavinck, 1917:45);

* 'n doel ter bereiking van 'n bepaalde oogmerk (Oberholzer, 1968:56; Van Zyl, 1980:135) om die opvoedingsbehoeftige beter vir sy lewenstaak toe te rus (Van der Walt & Dekker, 1982-83:169).

Diagram 2.3




'n Opvoedingsituasie bied die geleentheid om te handel, te verander, te verbeter en om nuwe situasies te ontwerp (Van Zyl, 1980:131). Selfs wanneer opvoeder en opvoedeling nalaat om te handel kan die opvoedingsituasie nie as noodlotsverloop beskou word nie (Van Zyl,

1980:131). Die opvoedingsituasie is tog nie 'n "**noodlotsverloop- situasie**" [2] nie. Die geleentheid om te verander en te verbeter was daar. Die keuse om nie die verantwoordelikheid tot verandering en verbetering te aanvaar nie, is reeds 'n wyse van antwoord deur die opvoeder en opvoedeling (Van Zyl, 1980:131). Die nie-verantwoordelikheid vir en die nie-aanvaarding van verandering en verbetering van 'n problematiese opvoedingsituasie het vanselfsprekend ingrypende implikasies vir die problematies opvoedingsgesitueerde (opvoedeling) en in baie gevalle onvolwaardige, beskawingsonmondige ("**onvolwassenes**").

Die eerste en primêre opvoedingsituasie is dié tussen ouer en kind. Dit is die eerste en belangrikste situasie waarin opvoeding plaasvind (Steyn, 1982:5; Van der Walt et al., 1980:93; Stander & Sonnekus, 1967:4, Van Rensburg et al., Landman, 1979:114). Mens sou ook kon sê dat die "**opvoedingsmisloping**" (Van Niekerk, 1976:59) in die primêre opvoedingsituasie 'n disharmonie teweeg sal bring ten aansien van die fundamentele bouplan van 'n opvoedingsituasie, en 'n problematiese opvoedingsituasie kan die gevolg wees.

'n Belangrike kenmerk van die opvoedingsituasie is dié van handeling deur opvoeder en opvoedeling (Gunter, 1977:34). Langeveld (1959:11) kwalifiseer die standpunt as hy sê opvoeding is 'n handeling, maar omvat meer as handeling, want opvoeding het die hele opvoedingsituasie in sy kompleksiteit as verantwoordelikheid. Dit impliseer derhalwe almal en alles wat in so 'n opvoedingsituasie betrokke is: opvoeder, opvoedeling, hulpmiddels, en die doel. Wanneer die kind òf die volwassene òf albei

[2] Vir die Christen is die begrip "**noodlot**" nie aanvaarbaar nie, want wanhoop, uitsigloosheid, vertwyfeling is on-bybels. Die Christen het hoop op die toekoms (Van Wyk, 1979:97). Vir die Christen is sy enigste troos dat hy in lewe en in sterwe nie aan homself behoort nie (H.K. Sondag 1; Rom. 14:8; I Kor. 6:19), maar aan sy getroue Saligmaker Jesus Christus te behoort (I Kor. 3:23), sonder wie se wil geen haar van sy hoof kan val nie (Matt. 10:30; Luk. 21:18).

ontoereikend deelneem aan die opvoedingsgebeure, kan 'n problematiese opvoedingsituasie vorm aanneem (Van Niekerk, 1976:59).

Die opvoedingsituasie is ook 'n situasie waarin 'n nie-volwassene in werklike kommunikasie verkeer met 'n wêreld waarin mense as opvoeders en opvoedelinge in opvoedingsverhoudinge betrokke raak en waaruit opvoedingshandelinge moet voortvloei (Landman & Gous, 1969:4). Ontoereikende en verskraalde dialoogvoering of kommunikasiemisloping in primêre en sekondêre opvoedingsituasies kan die gevolg wees van skewe verhoudinge en kan 'n problematiese opvoedingsituasie ten grondslag lê (Van Niekerk, 1976:171).

Samevattend kan dus gesê word 'n opvoedingsituasie is 'n komplekse, interafhanklike geheel van faktore (feitlik-werkende kragte) wat die volwassewording van die opvoedeling of opvoedingsbehoeftige kan beïnvloed, deur die volwassewording of beskawings-mondigwording te bevorder of te belemmer, (Pretorius, 1976:9; Ter Horst, 1973:22). Dit is juis hiérdié opvoedingsbelemmerende faktore wat die klimaat skep vir die ontstaan van 'n problematiese opvoedingsituasie.

## 2.6 DIE VERBAND OMGANGSITUASIE-OPVOEDINGSITUASIE

Gunter (1977:28) huldig die mening dat die opvoedingsituasie as omgangsituasie 'n situasie is waarin daar omgang is tussen minstens een volwassene as opvoeder en een volwasse-wordende as opvoedeling, waarin omgang 'n noodsaaklike voorvereiste is. Sonder so 'n omgangsituasie kan daar geen opvoeding plaasvind nie. Daar is egter ook baie omgang tussen mense wat nie noodwendig opvoeding is nie (Langeveld, 1959:30). Die blote bymekaar-wees bepaal nie noodwendig opvoeding nie (Gunter, 1977:28). Só kan 'n opvoeder en 'n opvoedeling in mekaar se teenwoordigheid verkeer sonder dat opvoeding plaasvind, byvoorbeeld wanneer die kleuter op die mat met blokkies sit en speel terwyl sy vader koerant lees of televisie kyk (Van der Walt & Dekker, 1982-83:164).

Die fondament vir 'n problematiese opvoedingsituasie kan egter gelê word in 'n situasie waarin die vader byna nooit met sy kind kommunikeer nie, deur byvoorbeeld elke dag op bogenoemde wyse koerant te lees of televisie te kyk. So 'n vader as opvoeder laat dus **"opvoedingskanse"** verbygaan (Van der Walt & Dekker, 1982-83:165). Die opvoeder kan so geleenthede verspeel om sy roeping te vervul deur die skepping van opvoedingsituasies om sy kind omhoog te lei na God (Schoeman, 1979:188), om hom anastaties te help ontsluit.

Langeveld (1959:30) meld dat omgang tussen mense nie noodwendig opvoeding is nie, maar die omgang kan enige oomblik oorgaan in opvoeding, of omgekeerd. Omgang is dus 'n pedagogies gepreformeerde veld ('n opvoedingsvoorbereidende veld). Langeveld (1959:34) beskou ook die omskakeling van die omgang-situasie na 'n opvoedingsituasie as 'n uiters waardevolle of omgekeerd, gevaarlike opvoedingsmoment. Hy bepleit dat hierdie omskakeling so onopsigtelik moontlik moet geskied, omdat dit die kind ontneem om homself te wees, wat op sy beurt duursame vervreemding tot gevolg kan hê en opvoedingsgeleenthede kan beperk (Langeveld, 1959:34). Wanneer 'n mens opvoedingsgeleenthede beperk, kan 'n mens sê jy versaak jou roeping om op te voed, want opvoeding is tog 'n opsetlike werksaamheid en bemoeiing (Coetzee, 1973:67; Steyn, 1981:1625). As 'n mens geleenthede verspeel om op te voed kan 'n mens die teelaarde skep vir problematiese opvoedingsituasies, omdat hierdie **"lugleë"** ruimtes in 'n sondige wêreld bes moontlik die geleentheid bied vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

'n Omgangsituasie kan plotseling in 'n opvoedingsituasie omskakel as 'n kind byvoorbeeld in sy doen en late 'n handeling uitvoer wat die ouers se goedkeuring of afkeuring wegdra en wat die ouers noop om op te tree (Langeveld, 1959:33). Langeveld (1959:33) meld dat indien die ouer verbiedend ingryp, die omgangsituasie 'n opvoedingsituasie word. Deur te gebied of te verbied, deur vermaning en tug kan die opvoeder ingryp, en die opvoedeling kan positief of negatief daarop reageer (Oberholzer, 1968:53). Langeveld (1959:30-33) loop die gevaar om die wil en regte van die opvoedeling, wat beskawingsonmondig is, te oorspan as hy sê dat sodanige opvoederlike ingrype so onopvallend en onnadruklik moontlik

gedoen moet word, anders ervaar die opvoedeling dit as inbreuk op sy regte en lok dit protes uit. Opvoedingsgeleenthede word so verminder (Van der Walt & Dekker, 1982-83:165), en die geleenthede vir problematiese opvoedingsituasies kan toeneem indien die beskawingsonmondige opvoedeling sy regte oorspan, want die begeleiding van die kind van vryheid tot verantwoordelikheid is 'n normatiewe opvoedende handeling (Landman et al., 1978:81). Christelike vryheid is geen willekeur nie (Coetzee, 1973:272).

Langeveld (1959:26) meld dat blote omgang en invloed nie opvoeding is nie. Vir hom is opvoeding bewustelike en opsetlike invloed wat uitgaan om die kind tot mondigheid ter vervulling van sy lewenstaak te bring. Langeveld (1959:26) handhaaf die standpunt dat bewuste invloed na die opvoedeling moet uitgaan nie konsekwent nie; hy lê groot nadruk op die onopsetlike invloed, wat hy 'n "**onwille- keurige faktor**" noem (Langeveld, 1959:29). In die omgangsituasie kan daar wel opvoeding plaasvind, maar dan wel insidentele of "**toevallige**"[3] beïnvloeding van die kind (in die sin van opvoeding as kinderleiding) deur die voorbeeld of optrede van die volwassene, wat as onbewuste opvoedende beïnvloeding bekend kan staan (De Vries, 1978:49). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan dus reeds in die omgangsituasie ontstaan indien die sogenaamde "**onwillekeurige faktor**" (Langeveld, 1959:29) of insidentele of "**toevallige**" beïnvloeding (De Vries, 1978:49) in die voorbeeld en voorlewing van die opvoeders gebrekkig of skeefgetrokke sou wees. Voorlewing as rusie tussen vader en moeder, wedersydse minagting, jaloesie, konflik, spanning as "**onwille keurige faktore**" kan en sal waarskynlik problematies opvoedingsituerend wees (Olivier, 1982:5).

[3] "**toevallig**" word in aanhalingstekens geplaas omdat die woord "**toevallig**" nie vir die Christen aanvaarbaar is nie. Nêrens in die geskape werklikheid van God gebeur dinge by toeval nie, maar by geval.

Gielen en Strasser (1969:55) lig nog 'n aspek van die omgangsituasie toe in 'n bondige uiteensetting van die beëindiging van die opvoedingsituasie. Die opvoedingsituasie eindig blykbaar wanneer die opvoedeling die intensie wat strydig is met die opvoedingsdoel staak of laat vaar, en die opvoedeling doen wat van hom verwag word. Op dié manier verander die opvoedingsituasie weer in 'n omgangsituasie. Volgens Gielen en Stasser (1969:55) spruit die eindelike opvoedingshandeling dus voort uit omgang en keer terug tot omgang. Omgang vorm op die wyse die verbindingselement tussen verskillende opvoedingsituasies. Indien hierdie opvoedingsverbindingselement (omgang), afgewag sou moes word voordat daar opgevoed kan word, kan problematiese opvoedingsituasies ontstaan, omdat die opvoeder gerem word om situasies te reël (Harmse & Kirstein, 1979:22) of te skep, (Schoeman, 1979:188) om die opvoedeling te steun (Stander & Sonnekus, 1967:5); spesifiek te beïnvloed (Coetzee, 1973:67, Schoeman, 1975:96); opsetlik en planmatig met opvoedelinge werksaam te wees (Van Loggerenberg & Jooste, 1980:36), en om hom opsetlik met die opvoedingsbehoeftige te bemoei (Van der Walt et al., 1980:7).


Samevattend kan met De Vries (1978:49) saamgestem word dat dit streng gesproke foutief is om te sê dat 'n omgangsituasie oorgaan in 'n opvoedingsituasie, omdat 'n omgangsituasie reeds opvoedingselemente soos beïnvloeding, voorlewing en verhoudinge bevat. Die omgangsituasie behoort dus in 'n sin as deel van die opvoedingsituasie beskou te word. Daar is ook in die voorafgaande paragrawe getoon hoe die grondslae vir 'n problematiese opvoedingsituasie reeds in die omgangsituasie teenwoordig kan wees.

## 2.7 A-NORMATIEWE TREKKE IN DIE PRIMêRE OMGANGSITUASIE AS MOONTLIKE BOUSTENE VIR PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIES

Daar word onder hierdie opskrif gehandel oor die modale samehang (ante- en retrosiperend) van die sosiale aspek. Die begrippepaar "**omgang**" en "**verkeer**" word toegelig aan die hand van geantisipeerde gebeure in die primêre opvoedingsituasie - die gesin. Die gesin as sodanig is die eerste, die basiese en natuurlike opvoedingsituasie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:92; Steyn 1981:5). 'n Mens sou ook kon sê: die omgangsituasie,

omdat omgangsituasie en opvoedingsituasie mekaar veronderstel (De Vries, 1978:49). 'n Antisiperende analise van die omgangsituasie (d.i. omgang en verkeer as sin-kern van die sosiale funksie of synswyse) word gedoen aan die hand van bepaalde vooronderstellings aangaande die werklikheid soos vergestalt in die modaliteite, bestaanswyses of aspekte van die werklikheid soos wat hulle in die Godgeskape werklikheid na vore tree.

**Diagram 2.4**




Verduideliking:

A. Onoorbrugbare grens tussen God en Sy Skepping. Wat bó hierdie lyn is, is God; wat onder hierdie lyn is, is aan-die-Goddelike-wetsorde-onderworpe skepping. In horisontale orde is die verskillende wetskringe wat in die kosmiese tyd die konkrete werklikheid deursny. Die getalskring is die eenvoudigste; die pistiese kring is die ingewikkeldste.

B. Funksionele kultuurkringe (kultuurnorme);

C. Funksionele natuurkringe (natuurwette);

D. Skematiese afbeelding van die mens wat in al vyftien wetskringe as subjek optree;

E. Skematiese afbeelding van die dier;

F. Skematiese afbeelding van die plant;

G. Skematiese afbeelding van lewelose dinge.

(Ontleen aan: Schoeman, 1979:36)

### 2.7.1 Die sinkern van die sosiale aspek in die omgangsituasie

Aangesien die sosiale aspek van die werklikheid so 'n belangrike rol ten aansien van die omgangsituasie vervul, word die sinkern daarvan eerste behandel. Geen mens bestaan alleen nie, want hoewel die mens 'n unieke, individuele persoonlikheid met 'n eie geaardheid, aanleg, vermoëns en beperkinge is, kan hy nooit los van sy lewensmilieu van stof, plante, diere, mense en verbande gedink word nie, en ook nie los van sy oorsprong - God - nie (Schoeman, 1979:208). Langeveld (1959:15) meld onder andere dat waardes met betrekking tot mense en dinge vergestalt word. Bo alles trag opvoeding nie net om waardes te vind nie maar om God te vind (Van der Walt et al., 1980:34).

Diagram 2.5:





**Diagram 2.5** is 'n poging om (diagrammaties) aan te toon hoedat ál die mens se kosmiese funksies in sy hart (siel, selfheid, ego) saamgetrek word en deur hierdie hart op God of in die afval van God gerig kán word. (Ontleen aan: Schoeman, 1979:25)

Die mens as individuele persoonlikheid is ook lid van 'n samelewingsverband soos die gesin, kerk, staat, skool; hy is lid van gemeenskappe soos huwelik, familie, volk en uiteindelik ook van talryke maatskappyverhoudinge soos onder andere vriendskap, buurskap (Schoeman, 1979:208). Die mens se sosiale funksie moet ook Godgerig ontsluit word. Gevolglik is die Christenopvoeder geroepe om die opvoedeling in die gesin en via elke skoolvak in sy omgang binne en buite die klaskamer, te lei tot 'n welaangepaste en -ingepaste aanvaarbare lid van die gemeenskap en samelewing waarin hy hom bevind (Schoeman, 1979:208). 'n Wanaangepaste onaanvaarbare opvoedeling is omgekeerd 'n geskikte kandidaat vir problematiese opvoedingsituasies.

Die sinkern van die sosiale aspek word deur Spier (1972:38) aangedui as omgang en verkeer, dit wil sê met en by mekaar wees (Hoffman, 1978:58). Egte omgang bestaan alleen in die interaksie tussen mense (Van der Walt & Dekker, 1982-83:117). In die diereweêreld is daar wel simbiose, saamleef en kollektiwiteit, maar dit is instinktief-psigiese verskynsels, en kan nie omgang genoem word nie (Hoffman, 1978:58). **"Omgang"** en **"verkeer"** moet dus intuïtief begryp word (Hoffman, 1978:59). Die by-mekaar-wees word in die oorgang na die met-mekaar-wees meer as bloot 'n tyd en-ruimte-aspek. Die met-mekaar-wees kan verdiep tot 'n intuïtiewe gevoel van nabyheid, teenwoordigheid in vertroue, 'n belewing van toeganklikheid, innigheid, 'n op-mekaar-aangewesenheid, 'n opvallende aangetrokkenheid, 'n diepwortelende geneentheid. Op hierdie wyse word 'n geestesingestelde situasie vir opvoedingsbemoeienis geskep (Landman et al., 1978:55-56).

By die hieropvolgende hantering van die modale aspekte in ante- en retrosiperende verband met die sosiale (omgang en verkeer) is dit van belang dat die onderskeibare modaliteite nie as los of geïsoleerde aspekte beskou moet word nie; die onderlinge verweefdheid en sin-samehang van hierdie aspekte as ordelike argitektoniese geheel moet nie misgekyk word nie.

### 2.7.2 A-normatiewe ontsporings: Modaal beskou

#### 2.7.2.1 Geloofsaspek

Die geloofsaspek (Dooyeweerd, 1955, II:304) van die gesin openbaar hom in die sekerheid of omgangsvertroue. Die getroudes en gesinslede moet wedersydse vertroue in mekaar hê Die geloofsfunksie van die Christelike gesin kom tot uitdrukking in die priesterskap, profeetskap en koningskap van die vader. Die Christelike vader saam met die moeder moet die Christelike lewenswandel aan die gesin voorhou en voorleef. Die liefdesband binne die gesin moet ook in die geloof ontsluit word (Hoffman, 1978:73). Wanneer die vader sy besondere "**ampte**" sou versaak, loop die gesinslewe die gevaar om 'n problematiese opvoedingsituasie te word.

Sosiale sekerheid is essensieel vir die ontwikkeling van die ewewigtige persoonlikheid van die kind. As hierdie omgangsvertroue die gesin ontbreek, kan die volgende toestande by die opvoedeling ontstaan: onveiligheid, ongeborgenheid, verwerping, en gebrekkige selfvertroue, dit wil sê toestande wat by die meeste problematies opvoedingsgesitueerdes aanwesig is (Pretorius, 1972:51).

Omgangsvertroue kan slegs ervaar word indien daar voldoen word aan die norm van oorsprongsgerigtheid. Dié norm werk uitermate verdiepend in op en ontsluit en positiveer alle ander sosiale norme in die gesin (Hoffman, 1978:75).

#### 2.7.2.2 Etiese aspek

Die etiese (sedelik, morele) aspek se sinkern is liefdesorg, betroubaarheid en trou (Van der Walt, Dekker & Van der Walt, 1983:71, Dooyeweerd, 1955, II:144).

Eties-gekwalifiseerde omgang tussen ouers en kinders is die middel vir opvoeding in die gesin (Hoffman, 1978:74). Die norm van getrouheid en

betroubaarheid speel ten aansien van die etiese 'n baie belangrike rol (Taljaard, 1976:106). Indien die norm getrouheid en betroubaarheid in die omgang tussen gesinslede ontbreek sal 'n problematiese opvoedingsituasie sy beslag kan kry (Hoffman, 1978:75).

Wanneer daar in stryd met die norm van betroubaarheid troueloos in die omgang met mekaar gehandel word, sal dit lei tot wantroue wat opregte omgang met mekaar sal knou en sal dit na alle waarskynlikheid 'n problematiese opvoedingsituasie as uitkoms hê (Hoffman, 1975:76).

**2.7.2.3 Juridiese aspek**

Die sinkern van die juridiese aspek is regsgevolg (Dooyeweerd, 1955, II:130) of reëlbaarheid of reguleerbaarheid (Van der Walt et al., 1983:71). Regverdigheid is 'n norm en plig op gesinslede in hulle omgang met mekaar; daar moet wedersydse respek tussen gesinslede heers, want dit gee aanleiding tot die ewewigtige harmonisering van belange (Spier; 1950:93). Onregverdige bevoordeling van een opvoedeling ten koste van 'n ander sou in die omgang tussen gesinslede verantwoordelik kan wees vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Hoffman, 1978:76).

**2.7.2.4 Estetiese aspek**

Die skone harmonie vorm die sinkern van hierdie modaliteit (Dooyeweerd, 1955; II:128). Sosiale geregtigheid sal alleen beoefen kan word indien die omgang tussen gesinslede ook gekenmerk word deur sosiale welwillendheid teenoor mekaar. Indien welwillendheid en omgangsharmonie in 'n omgangsituasie versteur sou raak, word die basis gevorm vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Hoffman, 1978:76).

#### 2.7.2.5 Ekonomiese aspek

Die sinkern van die ekonomiese modaliteit is waarde-afweging (Van der Walt et al., 1983:71). Omgangsharmonie word slegs vergestalt indien omgangsewewig bewaar word, en omgangsewewig veronderstel gehoorsaamheid aan die norm van sosiale ewewigtigheid.

Gesinslede moet dus in hulle omgang en verkeer normatief-siftend en -afwegend handel. Indien dit nie die geval is nie, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan as gevolg van verwenning, oorbeskerming, verwaarlosing, ongebalanseerdheid of wanaanpassing (Hoffman, 1978:76).

#### 2.7.2.6 Linguale aspek

Die sinkern van hierdie modaliteit is simboliese betekening (Dooyeweerd, 1955; II:137) deur onder andere taal en gebare (Van der Walt et al., 1983:85; Taljaard, 1976:101). Omgang in die gesin is slegs sinvol, heilsaam en liefdevol indien daar voldoen word aan die norm sosiale verstaanbaarheid. Dan alleen sal openhartige gesprekke tussen ouers en kinders moontlik wees. Ongehoorsaamheid aan hierdie norm sal lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie met tragiese misverstande, onenigheid, onsekerheid en vervreemding, 'n sogenaamde generasiegaping tussen ouers en kinders, met rampspoedige gevolge vir die opvoeding van kinders (Hoffman, 1978:76).

#### 2.7.2.7 Historiese aspek

Die sinkern van hierdie modaliteit is beheersende vormgewing of beskawingsontwikkeling (Schoeman, 1979:202; Dooyeweerd, 1955, II:120). Om sosiale verstaanbaarheid te verwerklik moet hierdie historiese norm gepositiveer word. Dit stel die eis aan die ouers as opvoeders om die verskeidenheid beginsels wat geld vir die omgangslewe van gesinslede korrek eietyds te positiveer en te verwerklik.

Vorming vorm die sinkern van die historiese modaliteit (Dooyeweerd, 1955; II:120). Die algemene beskawingstoestand van die opvoedeling moet krities in oënskou geneem word. Die opvoedeling moet gelei (Schoeman, 1979:186) en gevorm [4] word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:27) deur sy opvoeders, binne die historiese (kultuur-) aspek ontsluit tot 'n stylvolle beskaafde persoonlikheid (Schoeman, 1979:186). Indien die opvoeder in gebreke sou bly om die opvoedeling doelbewus te vorm versaak hy sy roeping en dit kan lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie.

Eietydse of temporale positivering van die sosiale beginsels impliseer om aan te pas by die stand van sake en die nuwe probleemsituasies van die dag. Dit beteken egter nie 'n relatiwistiese en onvoorwaardelike oorgawe aan heersende gebruike van die samelewing nie. Die invloed van die sonde is en bly verantwoordelik vir die verval en ontaarding in die omgangsituasie van die gesin en die samelewing, en vind veral gestalte in problematiese opvoedingsituasies. Die Christenouer is dus geroepe om die sosiale beginsels so te positiveer dat hulle steeds hul Godgegewe kultuuropdrag in onder andere die opvoeding van hulle kinders doeltreffend kan uitvoer (Hoffman, 1978:76-77).

### 2.7.2.8 Logiese aspek

Die analities-logiese modaliteit het as sinkern analitiese onderskeiding (Dooyeweerd, 1955, II:118). Om norme te kan positiveer moet opvoeders gehoorsaam wees aan hierdie norm. Dit stel die opvoeder in staat om korrek te oordeel telkens as hy, kragtens sy normatiewe keusevryheid 'n redelike keuse moet maak hoedanig hy 'n omgangsnorm moet positiveer

[4] Die gedagte van vorming impliseer "**modellering**". Christelike vorming dui daarop dat die beskawingsmondige/onmondige al hoe meer "**gevorm**" word tot "**model**" van sy Skepper (Van der Walt & Dekker, 1982-83:27).

om stande van sake die hoof te bied (Hoffman, 1978:77). Gebrekkige beoordeling van intermenslike verhoudinge of omgangsverhoudinge en optredes teenoor 'n bepaalde lid van die gesin in 'n gegewe situasie kan 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg hê (Hoffman, 1978:77). Die vraag ontstaan terloops of die positivering van omgangsnorme nie die stimulus is wat die opvoedingshandeling aan die gang sit nie.

### 2.7.2.9 Psigiese aspek

Die psigiese modaliteit het as sinkern gevoel (Dooyeweerd, 1955, II:115-117).

Omgang en verkeer in die gesin berus verder op die sensitiewe aanvoeling vir en behoefte aan omgang en verkeer. Indien hierdie sensitiewe gevoelslewe, kragtens die emosionele wilsmoment, sonder beheerstheid die leiding neem in intermenslike omgangshandelinge kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontplooi. Die opvoedeling se emosionele belewing van sy opvoedingsgesitueerdheid laat hom nie ongedeerd nie, dit is gunstig of ongunstig vir sy grootwording, en versteurde belewinge van die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie belemmer sy psigies-geestelike ontplooiing (Pretorius, 1976:28). Die norm van beheerstheid en oordeelkundigheid moet veral by die jong kind en opvoedeling ingeskerp word sodat hy gevoelig is vir intermenslike goedkeuring en afkeuring (Hoffman, 1978:77-78).

### 2.7.2.10 Biotiese aspek

Die sinkern van die biotiese aspek is organiese lewe (Dooyeweerd, 1955, II:107). Afsydige, koue en doodse omgang en verkeer kan geen opvoedingsituasie positiveer en laat lewe nie. Hierdie elemente bied tewens boustene vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Hoffman, 1978:78). 'n Mens kan ook vra of afsydigheid, koudheid en doodsheid nie 'n gestagneerde opvoedingsituasie kenmerk nie.

Omgang en verkeer in die gesin moet gekenmerk word deur gesonde lewe en groei. Die norm wat hier op die spel is, is dus sosiale (omgangs-) wellewendheid ('n biotiese samehang van die sosiale) (Hoffman, 1978:78).

### 2.7.2.11 Fisiese aspek

Die fisiese aspek se sinkern is energiewerking (Taljaard, 1976:100; Van der Walt et al., 1983:85).

Die gesonde, liefdevolle en normgebonde omgang en verkeer tussen gesinslede berus op die kragvolle wisselwerking van omgangsnorme. Die norm wat hier geld, is een van sosiale wisselwerking (Hoffman, 1978:78). Indien hierdie kragvolle wisselwerking in intermenslike situasies soos die opvoedingsituasie sou ontbreek, ontbreek 'n belangrike voorwaarde vir gewenste sosiale gevolge om te vergestalt. Die ontbreking van gesonde wisselwerking in die opvoedingsituasie impliseer noodwendig 'n problematiese opvoedingsituasie. Snel veranderende lewensituasies noodsaak normgebonde sosiale soepelheid in die omgang tussen gesinslede in die primêre opvoedingsituasie (Hoffman, 1978:78).

Die Norm wat ook hier van toepassing is, is dus een van aanpasbaarheid (biotiese samehang). Gehoorsaamheid aan die norm van aanpasbaarheid impliseer nie onvoorwaardelike aanpasbaarheid aan alle lewensituasies nie, maar dit stel die opvoeder in staat tot toepaslike gestaltegewing van (Christelike) norme om veranderende of a-normatiewe problematiese opvoedingsituasies die hoof te bied (Hoffman, 1978:78).

### 2.7.2.12 Kinematiese aspek

Die sinkern van die kinematiese aspek is beweging w.o. voortgaande ontsluiting (Van der Walt et al., 1983:84; Dooyeweerd, 1955, II:98; Taljaard, 1976:99). Die gesin moet inskakel in 'n steeds veranderende wêreld en by veranderende tydsomstandighede om die onversteurde intrede van die jeugdige in die sosiale lewe moontlik te maak, en om nie

kontak met die werklikheid te verloor nie. Die gesinslewe is en moet daarom dinamies wees (Pretorius, 1979:58). 'n Statiese gesinslewe beskik aan die ander kant oor elemente wat kan lei tot problematiese opvoedingsituasies. Opvoeding is trouens 'n doelbewuste planmatige proses (Van Loggerenberg & Jooste, 1966:28; Pistorius, 1974:61).

Baie opvoedelinge het neurologiese gebreke as gevolg van skade of agteruitgang van die sentrale senuweestelsel. Die neuraal-gestremde opvoedelinge (serebraal-verlamdes, distrofielyers, lyers aan byvoorbeeld aangebore defekte soos wanskapenheid, opvoedelinge wat in ernstige ongelukke betrokke was en so neurologies gestremd geraak het, opvoedelinge wat deur mishandeling neurologies beseer is (Hallahan & Kauffman, 1982:324-350), se vryheid van beweging word in 'n ruim mate beperk (Murray-verslag, 1969:28). Dit bemoeilik of belemmer opvoeding en bied dikwels die aanloop tot problematiese opvoedingsituasies.

In die dinamiese omgangsbeweeglikheid manifesteer die kinematiese samehang van die sosiale aspek hom in 'n gebrek aan omgangsoepelheid (Murray-verslag, 1969:28) en kan problematiese opvoedingsituasies tot gevolg hê, want sonder omgangsoepelheid kan niemand tot eietydse gestaltegewing van omgangsnorme in die snel-veranderende lewensituasies kom nie (Hoffman, 1978:64).

### 2.7.2.13 Ruimtelike aspek

Die sinkern van die aspek is kontinue uitgebreidheid (Schoeman, 1979:28); Dooyeweerd, 1955, II:95-97; Taljaard, 1976:99). Die primêre opvoedingsituasie (die gesin) vergestalt hom êrens, dit het êrens 'n plek, nie slegs ruimtelik nie, maar ook gevoelsmatig, soos wat dit deur ouers en kinders (Pretorius, 1979:56) in hulle omgang beleef word.

Sosiale samehorigheid (as ruimtelike analogie) is 'n noodsaaklike substraat vir gesonde omgang in die gesin (Hoffman, 1978:78). Waar die noodsaaklike boustene van samehorigheid en aanvaarding in 'n omgangsituasie ontbreek, is die omgangsituasie in wese reeds 'n problematiese opvoedingsituasie.

'n Gees van samehorigheid en aanvaarding impliseer aanvaarding van mekaar se status: elkeen moet sy sosiale grense ken en handhaaf sodat gesonde omgangs- en gesagsverhoudings in die a-simmetriese verhouding tussen opvoeder en opvoedeling nie versteur word en in problematiese opvoedingsituasies ontaard nie (Hoffman, 1978:78).

### 2.7.2.14 Getalsaspek

Die sinkern van hierdie, die mins gekompliseerde modaliteit, is onderskeie hoeveelheid (Schoeman, 1979:27; Dooyeweerd, 1955, II:91; Taljaard, 1976:99). Die uitlewing van norme van samehorigheid en aanvaarding is slegs moontlik indien gesinslede ook gehoorsaam is aan die norm van sosiale eenstemmigheid (getalsanalogie). Indien die eenheid in die veelheid omgangsnorme, omgangsverhoudinge en omgangshandelinge ontbreek, word 'n teelaarde geskep vir problematiese opvoedingsituasies. Meer nog, indien een enkele omgangsverhouding in die gesin in so 'n mate geïsoleer word of in botsing kom met die veelheid ander regmatige sosiale omgangsverhoudinge waarmee dit vervleg is, is 'n problematiese opvoedingsituasie 'n waarskynlike uitvloeisel (Hoffman, 1978:78).

Alle sosiale verhoudinge en handelinge in die gesin as primêre opvoedingsituasie moet trouens vir die Christen 'n eenstemmige Christelike karakter dra (Hoffman, 1978:79).

### 2.7.2.15 Opmerkings ten aansien van moontlike ontsporings in die omgangsituasie

Ten slotte moet dit altyd in gedagte gehou word dat vir die ontsluiting en ontwikkeling van die sosiale aspek, van omgang en verkeer, vir die opvoedeling se persoonlikheid nie alleen bogenoemde primêre norme ingeskerp moet word nie, maar daar moet situasies geskep word waar die opvoedeling geleentheid kry om dié norme daagliks toe te pas (Hoffman, 1978:79).

Om psigies toereikend te kan ontplooi, het die kind nood en behoefte aan liefdevolle, sorgende gerigtheid van die ouers (Pretorius, 1979:56). Indien liefdevolle versorging en omgang met die ouers sou ontbreek, ontstaan 'n problematiese opvoedingsituasie in die gesin. Omgang en begrip in opvoedingsituasies is van die belangrikste voorwaardes vir doeltreffende opvoeding en oplossing van opvoedingsprobleme (Hoffman, 1978:79).

## 2.8 Samevatting

Hierdie hoofstuk is veral benut om die begrippe "**situasie**", "**omgangsituasie**", "**normale opvoedingsituasie**" en "**opvoedingsituasie**" op te helder.

Uit die voorafgaande bespreking van die verhouding tussen 'n omgangsituasie en 'n opvoedingsituasie kan die gevolgtrekking gemaak word dat "**omgang**" en "**verkeer**" handelinge is wat plaasvind waar mense in tyd en ruimte bymekaar is. Die afleiding kan ook gemaak word dat die begrippe "**omgangsituasie**" en "**opvoedingsituasie**" onderskei, maar in wese nie geskei kan word nie. Dit is streng gesproke foutief om te sê dat 'n omgangsituasie oorgaan in 'n opvoedingsituasie, omdat 'n omgangsituasie reeds opvoedingselemente soos beïnvloeding, voorlewing en verhoudinge bevat (De Vries, 1978:49).

Uit die analise van die begrippe "**omgangsituasie**" en "**opvoedingsituasie**" het die insig na vore getree dat problematiese opvoedingsituasies gestalte kan kry indien die omgang en verkeer, as handelinge in die omgangsituasie, verkeerd, skeef of a-normatief geïmplementeer sou word. Wat verder aandag verdien, is dat die "**afwagtings**"-moment (waar daar gewag word vir die omgangsituasie om oor te gaan in 'n opvoedingsituasie) opvoedingskanse verminder (Van der Walt & Dekker, 1982-83:165) en dat gebrekkige voorlewing in die omgangsituasie problematiese opvoedingsituasies tot gevolg kan hê (Olivier, 1982:5). Hierdie hoofstuk het hom ook daartoe geleen om te toon dat die nie-benutting van opvoedingskanse in die omgangsituasie reeds aan 'n problematiese

opvoedingsituasie beslag kan gee. Ten slotte is aandag geskenk aan die modale samehange van die sosiale synswyse van die mens (omgangsituasie).

In Hoofstuk 3 gaan nou gepoog word om vas te stel of die skeeftrekking of a-normatiewe benutting van die ontologiese opvoedingsgrondtrekke 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg kan hê.

HOOFSTUK 3

# DIE ONTOLOGIESE GRONDTREKKE VAN OPVOEDING EN DIE ONTSTAAN VAN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE

## 3.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 is benut om die terme "**situasie**", "**omgangsituasie**", "**normale opvoedingsituasie**", "**opvoedingsituasie**", en by wyse van implikasie en toepassing die "**problematiese opvoedingsituasie**" te ontleed. Ruimte is ook afgestaan om die verhouding omgangsituasie/opvoedingsituasie aan te dui. Ten slotte is Hoofstuk 2 benut om aan te toon hoe die omgangsituasie 'n gepreformeerde veld kan wees vir 'n problematiese opvoedingsituasie en hoe 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien opvoedingskanse onbenut gelaat word.

Hoofstuk 3 word gewy aan ses geïdentifiseerde ontologiese grondtrekke van opvoeding, wat as riglyn gaan dien om a-normatief benutte en skeefgetrokke grondtrekke in die problematiese opvoedingsituasie te beskou. Die skeiding in ondergenoemde elf geïdentifiseerde grondtrekke van opvoeding (Van der Walt & Dekker, 1982-83:116-152) vir die doel van hierdie navorsing.

Hierdie grondtrekke is:

* Die ontisiteit van opvoeding as handeling en verskynsel;

* Opvoeding word deur 'n lewensbeskouing bepaal;

* Opvoeding is 'n handeling of gebeure;

* Opvoeding is 'n bewuste handeling;

* Opvoeding het 'n verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur;

* Die fenomeen opvoeding maak sy verskyning periodiek;

* Opvoeding word altyd in die interaksie tussen mense aangetref;

* Opvoeding vind plaas as gevolg van sekere eienskappe van die opvoedeling;

* Die opvoeder word altyd uitgeken aan die beeld wat hy uitstraal;

* Opvoeding veronderstel altyd 'n vorm van a-simmetrie tussen opvoeder en opvoedeling;

* Opvoeding vind altyd in 'n georganiseerde praktyk plaas.

In wese kan die grondtrekke van opvoeding nie onderling geskei word nie; onderskeiding van die grondtrekke van opvoeding word bloot gedoen vir die doel van wetenskaplike ondersoek.

## 3.2 DIE SKEEFTREKKING EN A-NORMATIEWE BENUTTING EN/OF AANTASTING VAN DIE ONTOLOGIESE GRONDTREKKE VAN OPVOEDING IN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE

Aangesien hierdie navorsing primêr handel oor problematiese gebeure of handelinge in die opvoedingsituasie, is 'n blinde definiëring (Van der Walt & Dekker, 1982-83:106) van opvoeding in baie opsigte beperkend. Daar gaan derhalwe aan die hand van universele en gemeenskaplike eienskappe (grondtrekke) van opvoeding na die skeefgetrokke en a-normatiewe manifestasies van die opvoedingsituasie gekyk word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:114).

Voordat daar na die ontologiese status van opvoeding aan die hand van die grondtrekke van opvoeding gekyk word, is 'n mens genoodsaak om

saaklik na die begrip "**partikulier**" te kyk. Sodra daar na 'n "**partikuliere**" trek van opvoeding verwys word, is so 'n trek nie 'n grondtrek van opvoeding nie, omdat dit nie universeel voorkom nie (Van der Walt & Dekker, 1981-83:114). 'n Mens het nog nie ten diepste vasgestel wat opvoeding is as 'n mens die ontologiese vraag in verband met die opvoedingsverskynsel gevra het nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:115). Die begrippe "**universele**" en "**gemeenskaplike**" maak egter nie die begrip "**lewensbeskoulikheid**"in wetenskapsbeoefening ongedaan nie, want die partikuliere trekke van 'n bepaalde opvoedingsituasie (ook problematiese opvoedingsituasie) hou onder andere regstreeks verband met die lewensopvatting van die opvoeder en met die opvoedingshandelinge in die opvoedingsituasie (Landman & Roos, 1973:125). Landman en Roos (1973:125) sê baie duidelik dat die-wek-van-lewe in die opvoedingsgrondtrekke genoodsaak word deur hulle lewensloosheid maar tog lewensvatbaarheid.

Christen-wees en -bly is dus nie 'n hindernis in die vraagstelling na die ontisiteit van opvoeding in die problematiese opvoedingsituasie nie. Christen-wees strek die ondersoeker inteendeel tot voordeel in sy beskouing ook van die problematiese opvoedingsituasie, want Christen-wees verskaf die visie van die Heilige Skrif as die perspektiefgewende Woord van God (Van der Walt & Dekker, 1982-83:116).

### 3.2.1 DIE ONTISITEIT VAN OPVOEDING AS HANDELING EN AS VERSKYNSEL

#### 3.2.1.1 Die kenbaarheid van die problematiese opvoedingsituasie

Die ontologie vorm die basis van die antropologie, epistemologie (Taljaard, 1976:28) en alle ander vertakkinge van die fundamentele denke oor die opvoedingswerklikheid soos dit vergestalt word in die ganse geskape werklikheid (Van der Walt et al., 1983:35).

Opvoeding is 'n werklikheid met synstatus (Van der Walt, et al., 1983:87). Ook die problematiese opvoedingsituasie het ontiese status (Van der Walt et al., 1983:87).

As 'n intermenslike handeling kan opvoeding in 'n problematiese opvoedingsituasie in die gedaante van skeefgetrokke en a-normatiewe handelinge gestalte aanneem, en as sodanig is dit kenbaar en ontleedbaar deur opvoedkundiges as wetenskaplikes (Van der Walt & Dekker, 1982-83:31, 116).

### 3.2.1.2 Die aantasting van die ontisiteit van opvoeding as handeling en as verskynsel in die problematiese opvoedingsituasie

Die sonde het in die Godgeskape werklikheid die ontiese status van opvoeding as handeling en as verskynsel aangetas (Stoker, II, 1970:83).

Ook al die verhoudinge waarin die mens staan, is deur die sonde besmet, omdat die wortelverhouding waarin 'n mens staan, naamlik die tot God, deur die sonde skeefgetrek is (Heyns, 1974:131). Die problematiese opvoedingsituasie vind prinsipieel juis sy beslag in hierdie sondetoestand.

Geskape-wees bring die mens in verband met God; dit is die eerste en basiese fundamentele waarheid. Sondaar-wees bring die mens in verband met homself en dit is juis hierdie sekondêre waarheid oor die mens wat aanleiding gee tot die problematiese opvoedingsgesitueerde mens. Vanweë die sonde is die mens verdorwe (Heidelbergse Kategismus (H.K.), Sondag 3; Gen. 3; Rom. 5:12), onbekwaam (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 4) en van nature geneig om God en sy naaste te haat (H.K., Sondag 2; Rom. 3:10, 20, 23; I Joh. 1:8, 10). Prinsipieel tas hierdie apostatiese sondetoestand die synstatus van die opvoedingshandeling aan en trek die handeling skeef.

Vanweë die erfsonde het die mens dus van God afvallig geword en sy uitgange apostaties gerig (Schoeman, 1979:101). Die mens kan vanweë sy sondige aard nie self die sonde (prinsipieel die grondslag van die

problematiese opvoedingsituasie) ongedaan maak nie; trouens, hy maak daagliks sy skuld meer (Job 9:2; 15; 16; 4:18, 19; Ps. 130:3; Matt. 6:12; 18:25; 16:26). Deur God se omvattende genade (I Tim. 2:5) laat Hy die mens egter nie los nie. Hy skenk Christus as Herskeppingsmiddelaar (Hand. 2:23) aan die mens tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing (I Kor. 1:30; H.K., Sondag 6). Op hierdie wyse word die skeefgetrokke beeld en a-normatiewe handelinge in 'n problematiese opvoedingsituasie in die perspektiefgewende lig van God se Woord onties betrag, wetende dat opvoeding syn het, maar ook wetende dat God die soewereine gewer van die syn is wat sekere essensiële en universele grondtrekke by opvoeding as handeling en verskynsel ingeskape het (Van der Walt & Dekker, 1982-83:116).

**3.2.1.3 Verobjektivering van die mens as 'n vorm van aantasting van die ontisiteit van opvoeding as handeling en as verskynsel**

By die identifisering en diagnosering van skeefgetrokke, remmende en a-normatiewe trekke van opvoeding as handeling en as verskynsel in die problematiese opvoedingsituasie moet die mens se geskapenheid na die beeld van God nooit uit die oog verloor word nie. Die mens **is** nie sy handelinge nie. Die subjeksfunksies van die mens mag wel geobjektiveer word, maar as mens mag hy nie geobjektiveer word nie, omdat hy meer is as die somtotaal van al sy funksies en handelinge (Van Wyk, 1974(a):17).

Die neiging tot verobjektivering van die mens het 'n historiese aanloop. Die welslae van die natuurwetenskaplike metodes van die afgelope twee en 'n half eeue het daartoe gelei dat die geesteswetenskappe hulle ook van daardie metodes gaan bedien het, met die gevolg dat die rasionele (dit wat natuurwetenskaplik met die verstand alleen verklaar kon word) so sterk op die voorgrond getree het, ook in die geesteswetenskappe. Die mens is soms deur natuurwetenskaplike metodes verobjektiveer met 'n soeke na ooreenkomste tussen die mens en nie-mensvormige (Van Niekerk, 1976:18). Met die opkoms van die naturalisties georiënteerde

antropologie is die mens getipeer as byvoorbeeld 'n psigofisiese organisme en as 'n hoëre dier (Van Niekerk, 1976:19; Adams, 1981:81; Nel, 1968:2; Wilds & Lottich, 1970:3). Met die opkoms van die analities-sintetiese benaderingswyse is die mens enersyds geïsoleer van sy wêreld en andersyds beskou as 'n samestelling van drifmatighede, vermoëns, drange en gedragspatrone wat meetbaar is (Van Niekerk, 1976:19). Hierdie fase het ook bekend gestaan as die elemente-psigologie (Van Strien, 1966:30). Die bevindinge van die algemene psigologie het die nodige teorieë verskaf, wat bekend geword het as die psigotegniek van Stern (Van Strien, 1966:30). Die individuele faset van die unieke persoon is heeltemal misken (Van Strien, 1966:94) en statistiese voorspelling en die beheersing van gedragsprestasies het die hoofdoel van die psigologie geword. Klem is gelê op objektief registreerbare gedrag (Van Niekerk, 1976:20). Die natuurwetenskaplik georiënteerde psigoloog het hom dus in besonder tot die statistiek gewend en die psigoloog-ondersoeker het in wese **"de research-man"** geword (Van Strien, 1966:38).

By die analisering van die subjekfunksies van die mens in die problematiese opvoedingsituasie (Van Wyk, 1974(a):17) sou daar vanuit 'n Skrifmatige wetenskapsbeskouing beswaar gemaak word teen sodanige verobjektivering van die mens. Die mens is altyd subjek omdat sy lewensuitgange op sy religieuse persoonskern gesentreer is (Van der Walt et al., 1983:168). Die mensbeelde waarop die verskillende denkrigtings in die psigologiese wetenskappe uitkom, is geldig maar onvolledig (Frankl, 1980:73), of dit nou Pavlov se refleksbeeld, Watson se gedragsbeeld, Freud se psigoanalisebeeld of Asler se individualiteitsbeeld is. Al hierdie beelde is onvolledig en ontoereikend. Die mens bestaan uit verskeie dimensies sonder om sy deelname aan ander dimensies prys te gee (Frankl, 1980:73). As 'n religieuse wese, 'n modaalbepaalde wese met 'n biotiese, psigiese en normatiewe struktuur, het die mens ook 'n individuele dimensie en 'n tydse dimensie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:78-84). So is die mens byvoorbeeld ten aansien van sy sinnelike gevoelens, organiese lewe **"deel van"** die diere- en planteryk, maar hy is tegelyk oneindig meer as plant of dier (Adams, 1981:83; Frankl, 1980:73). As modale wese beskik die mens oor veel hoër dimensies soos geloof, die etiese, juridiese, estetiese en logiese dimensies (Schoeman,

1979:36; Strauss, 1969:33; Van der Walt, 1983(a):12-13; Van Wyk, 1974(b):10). Indien die mens in die problematiese opvoedingsituasie gereduseer of gekleineer sou word tot 'n objek soos 'n tafel of 'n stoel, verloor die mens sy multidimensionele, geldige, volledige, mensheid en word daar gewerk met 'n reduksie van die werklikheid (Frankl, 1980:71-73). Waar daar van natuurwetenskaplike metodes in die diagnosering van die mens se handeling in problematiese opvoedingsituasies gebruik gemaak word, moet gewaak word teen die Naturalisme. In sy kenteorie is die Naturalisme meestal empiristies: sintuiglike ervarings word verabsoluteer en Skrifgeopenbaarde waarhede word genegeer. Die Naturalisme vereng die waarheid deur sy materialistiese werklikheidsvisie (Van Wyk, 1973(a):19). So moet daar byvoorbeeld by die vasstelling van die problematies opvoedingsgesitueerde leerling se intelligensie of gedragsremming daarteen gewaak word om die hele kind te laat opgaan in sy verstandsmoontlikheid of -probleem, dit wil sê in sy handeling of funksies. Alhoewel die mens se subjeksfunksies, soos in die vorige paragraaf vermeld, geobjektiveer mag word, mag die mens as subjek nie in 'n punt of probleem as objek gestol word nie, omdat die mens oneindig meer is as sy funksies of handelinge (Van Wyk, 1974(a):17).

Aangesien daar binne die raamwerk van hierdie ondersoek met die problematies opvoedingsgesitueerde mens gehandel word, moet daar ook rekening gehou word met die bevindinge van die psigologie en psigo-opvoedkunde. Daar kan byvoorbeeld aan geen opvoedingsituasie gedink word sonder om die psigiese dimensie van die mens in sodanige situasie in ag te neem nie (Van Niekerk, 1981:34). Daar word deur opvoedkundiges en psigoloë by die identifisering, analisering en hulpverlening van opvoedingsbehoeftiges in problematiese opvoedingsituasies, gebruik gemaak van onder andere:

- die psigoanalitiese benadering van Freud (Adams, 1981:73; Adams, 1982:10, 17);

- die psigo-opvoedkundige benadering van onder andere Fagan, Long, Morse en Newman (Hallahan & Kauffman, 1982:170);

- die ekologiese benadering van Hobbs, Rhodes en Swap (Hallahan & Kauffman, 1982:170-171);

- die behavioristiese benadering van onder andere Skinner (Adams, 1982:80, 82), Harding, Philips, Whelan en Lovaas (Hallahan & Kauffman, 1982:171);

- die humanistiese benadering van onder andere Rogers en Mowrer (Adams, 1981:85, 86; Adams, 1982:81).

Indien die volwassewordingsgebeure ten aansien van die unieke opvoedingsbehoeftige multidimensioneel begryp wil word, moet die aktualisering van die psigiese dimensie in die problematiese opvoedingsituasie begryp word (Van Niekerk, 1976:34).

Die mens in die problematiese opvoedingsituasie is noodwendig met sy volle psigiese liggaam struktuur daarin betrokke.

Die psigiese liggaam struktuur is egter nie die "**hoogste**" of mees komplekse nie, daarom word daar vanuit 'n Skrifmatige perspektief ernstig beswaar gemaak teen 'n psigologiese gedagterigting soos die Humanisme met eksponente soos onder andere Rogers en Mowrer (Adams, 1981:86; Adams, 1982:81) wat die mens onafhanklik van God wil verklaar en impliseer dat die mens aan homself verantwoordelik is. God alleen is soewerein en die mens is in alles verantwoordelik aan Hom (Adams, 1981:84; Adams, 1982:83).

Die behaviouristiese denkrigting met onder andere Skinner as eksponent sien die mens as 'n prikkel-reaksie-organisme (Pistorius, 1974:72; De Wet et al., 1981:35; Van Niekerk, 1976:19), 'n komplekse dier (Nel, 1968:2; Van Niekerk, 1976:21; Wilds & Lottich, 1970:3; Adams, 1982:116; Bavinck, 1920:88). Die mens se ware beeld word verder deur die behaviouristiese denkrigting verskraal deurdat daar bepaal word dat 'n ware beeld van die mens se bestaan slegs verkry kan word deur die meting van sy gedrag of handelinge (Van der Walt, Dekker et al., 1983:167; Adams, 1981:8). As subjek bly die mens egter 'n inisiatief van

verhoudinge en juis omdat hy as persoon uniek is, onttrek hy hom van meting in die sin van die res van die werklikheid wat metend ondersoekvatbaar is (Van Niekerk, 1976:27). Die mens is ook nie 'n herprogrammeerbare, ontoerekeningsvatbare organisme wie se gedraginge manipuleerbaar is deur kondisionering soos Freud en Skinner beweer nie (Adams, 1981:81). Die mens as begenadigde van God is in en deur Christus se volmaakte beeldskap toerekeningsvatbaar en verantwoordelik (Admas, 1981:83).

Daar word ook beswaar gemaak teen die psigoanalitiese denkrigting (waarvan Freud die belangrikste eksponent is), wat die mens se gevoels- of affektiewe en "**strewingslewe**" beskou vanuit die vitale drifte (Nel, 1968:2-3; Van Niekerk, 1976:18-24; Adams, 1982:10), want "**Noch mensch, noch wereld is zonder God te begrijpen; in Hem hebben zij beiden hun eenheid, hunne bestemming en doel**" (Bavinck, 1920:87).

In hierdie navorsing sal daar dus gepoog word om op 'n Skrifmatig verantwoorde wyse lig op te steek by 'n psigologie wat aanvoer dat die psigiese liggaamstruktuur slegs 'n substraat van die normatiewe aktstruktuur van die mens vorm, en daarom as benede-struktuur onder leiding en in diens van die normatiewe aktstruktuur staan (Van der Walt et al., 1983:167).

## 3.2.2 OPVOEDING WORD DEUR 'N LEWENSBESKOUING BEPAAL

### 3.2.2.1 Lewensbekouing en die problematiese opvoedingsituasie

'n Lewensbeskouing is dit waaroor die mens (opvoedeling, opvoeder en opvoedkundige) beskik wat sy siening van die werklikheid bepaal (Stoker, 1967:13; Van der Walt & Dekker, 1982-83:180; De Klerk, 1972:13). Elke mens beskik oor oortuigings of aprioriеë wat hom lei in wat hy doen en laat (Van der Walt & Dekker, 1982-83:12).

'n Lewensbeskouing vloei voort uit wat 'n mens glo, en geloof as 'n modale funksie setel in die mens se hart (Van der Walt & Dekker, 1982-83:6), wat die radix van die opvoedeling, opvoeder en opvoedkundige se bestaan is (Van der Walt & Dekker, 1982-83:8). Die mens (ook die problematies gesitueerde opvoeder) se opvoedingshandelinge en -praktyk word wesenlik bepaal deur die religie wat op sy hart as kern van sy persoonlikheid beslag gelê het (Van der Walt & Dekker, 1982-83:8). In die beskouing van die problematiese opvoedingsituasie is dit van wesenlike belang om die religie en hartgerigtheid van die beskouer, opvoeder, en opvoedeling in ag te neem: juis vanweë die mens se inherente religiositeit soek hy na partikuliere inhoude vir sy bedrywighede, sodat sy religieuse gerigtheid sy bestemming sal vind by God of gewaande gode (Landman, Van Zyl & Roos, 1975:110). Trouens, religie is die mens se oorgawe van hart aan sy God wat al sy doen en late bepaal (De Klerk, 1972:12), alles wat die mens dus doen, ook sy (be-)skouing van die problematiese opvoedingsituasie, is gevolglik ten diepste religieus gemotiveerd en derhalwe religieus onneutraal (Schoeman, 1979:62). Landman (in Landman, Roos & Van Rooyen, 1974:91) bevestig hierdie onneutraliteit as hy sê: **"Geen pedagogiese gebeure in voor-of-na-wetenskaplike verband gee van neutraliteit blyke nie"**.

Hierdie uiteensetting van onneutrale lewensbeskoulikheid het besondere implikasies vir die opvoedkundige beskouing oor die problematiese opvoedingsituasie in die eerste plek, en vir die handelinge van die problematies opvoedingsgesitueerdes, dit wil sê die persone wat in die problematiese opvoedingsituasie betrokke is of wat die problematiese opvoedingsituasie veroorsaak of daarvoor verantwoordelik is. Vir die beskouing van die problematiese opvoedingsituasie is lewensbeskouing van grondliggende belang, omdat dit teorieë oor die mens se totale gesitueerdheid, inbegrepe die problematiese opvoedingsituasie, insluit (Pistorius, 1974:159). Anders gestel: lewensopvatting is die oortuiging waaruit die mens alle vraagstukke, ook die in die problematiese opvoedingsituasie, benader en van waaruit fundamentele antwoorde oor dié situasie gegee word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:186).

#### 3.2.2.2 Wanbalans tussen religieuse en lewensbeskoulike differensiasie en kulturele differensiasie as moontlike oorsaak vir 'n problematiese opvoedingsituasie

'n Mens se handelinge, sy doen en late, word lewensbeskoulik bepaal vanweë die religieuse gerigtheid van die mens (Van der Walt & Dekker, 1982-83:8; De Klerk, 1972:12; Landman et al., 1975:110). So kan daar byvoorbeeld 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan in gemeenskappe waar die balans versteur sou word tussen die beginsels van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys (RLDO) en die toepassing van die beginsel van kulturele differensiasie in die onderwys (KDO), by die implementering van onderwysvoorsiening in 'n bepaalde land (Van der Walt, 1984(b):2, 1982(a):43; De Lange-verslag 1981:11-13; Landman, 1982:24; Stone, 1982:69). Prakties beteken dit dat 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan wanneer die religieus-lewensbeskoulike beginsel in 'n onderwysstelsel so oorbeklemtoon en selfs oorspan sou word dat die etnies-kulturele (volksidentiteit, taal, tradisie, herkoms en lotsverbondenheid) tot iets onbeduidend gereduseer en selfs as 'n (differensiasie-)faktor, byvoorbeeld in die skoolse (formele) onderwys, uitgeskakel sou word (Van der Walt, 1984(b):6). Die teenoorgestelde is egter ook moontlik indien die etnies-kulturele (volkseie, nasionale, tradisie, herkoms, lotsverbondenheid) onder druk van omstandighede sodanig oorbeklemtoon word en oorspan kan word dat die religieus-lewensbeskoulike nie tot volle gelding kan kom nie (Van der Walt, 1984(b):6). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan in 'n onderwysstelsel as geheel en in skole afsonderlik ontstaan indien die delikate ewewig tussen die RLDO- en KDO-beginsels versteur sou word of na een of ander kant skeefgetrek sou word.

#### 3.2.2.3 A-normatiewe opvoedingsdoelstellings as veroorsakende faktore van problematiese opvoedingsituasies

Vanuit 'n Skrifmatige standpunt sou 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan indien die opvoeder sy roeping sou versaak om die mens van God volkome toe te rus vir diens aan sy Skepper (Coetzee, 1973:79),

dit wil sê om die mens anastaties weer terug te bind aan God waar hy hoort (Schoeman, 1979:98). Vir die Skrifmatige opvoeder is opvoeding dus omhoogleiding na die mens se ewigheidsbestemming, naamlik God (Van Loggerenberg & Jooste, 1966:31; Schoeman, 1979:98; Van der Walt et al., 1980:26). Indien die omhoogleidingsbeginsel skeefgetrek sou word of a-normatief toegepas sou word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan. Enkele voorbeelde van skeefgetrokke of a-normatiewe opvoedingsdoelstellings is:

'n Problematiese opvoedingsituasie sal vir die Christen-opvoeder ontstaan indien:

- die menslike rede verabsoluteer sou word (Pistorius, 1974:192);

- daar vir die mens geen doel is wat bo die natuur uitgaan nie (Van Wyk, 1973(a):13, 21; Pistorius, 1974:218);

- die opvoedeling bloot opgevoed sou word om die belange van die gemeenskap te bevorder (Van Wyk, 1973(c):5);

- die opvoeding instrument sou wees om 'n klaslose heilstaat (utopie) op aarde te stig (Landman & Kilian, 1973:54, 60; Van Wyk, 1972(a):35);

- die opvoedingsdoel 'n verskraalde praktiese intellektuele skoling vir konkrete lewensituasies en sosiale bruikbaarheid sou wees (Van Wyk, 1973(b), 15; Pistorius, 1974:277, Landman & Kilian, 1973:37, Van der Walt, 1980(b):88).

- die menslike bestaan voorop gestel word (Duvenage, 1972:154), en selfverwesenliking en absolute vryheid die fondamentstene in 'n gegewe werklikheid (genoem: situasie) sal wees (Van Wyk, s.a. :7);

- die opvoedingsdoel anargie en revolusie op die oog het (Van der Walt, 1979:14).

### 3.2.3 OPVOEDING IS 'N HANDELING OF GEBEURE

Waar daar sprake is van 'n problematiese opvoedingsituasie is daar noodwendig sprake van problematiese opvoedingsgebeure en -handelinge wat uiteindelik 'n volwassewordingsgeremde (Van Niekerk, 1981:9) opvoedeling as nagevolg het.

#### 3.2.3.1 Wanvertolkte "opvoedings-" handelinge

Die term "**handeling**" of "**gebeure**" dui daarop dat opvoeding iets is waarby slegs die mens betrokke is; by diere is slegs prosesmatighede aan die werk (Van der Walt & Dekker, 1982-83:145). Opvoeding as handeling en gebeure word egter dikwels verkeerdelik in 'n baie wye sin as sinoniem met afrigting, kondisionering, dressering (Harmse & Kirstein, 1979:9), programmering en manipulering genoem (Adams, 1981:81-82). Dressering word baie duidelik in verband gebring met dieregedrag, waar afrigting met betrekking tot die doen van "**toertjies**" (Wilds & Lottich, 1970:3) voorop gestel word. Deur herhaling word die dier gekondisioneer om op 'n bepaalde manier op 'n bepaalde prikkel te reageer (Pistorius, 1974:72). Programmering as handeling word weer deur Skinner, eksponent van die behaviorisme, gesien om foutiewe gedrag of handelinge van die problematies opvoedingsgesitueerde met behulp van dataverwerkte omgewingsinvloede, deur beloning en strafkontroles te herprogrammeer (Adams, 1981:81). Volgens Skinner kan slegs 'n "**wetenskaplike deskundige**" die mens en sy omgewing manipuleer en die mens leer (afrig) om operante kondisionering te gebruik (Adams, 1981:82). Operante kondisionering vereis dus 'n manipulasie van die problematiese opvoedingsituasie en -gesitueerde, sodat die verlangde respons of handeling na vore sal kom en die verlangde respons of handeling dan versterk (beloon) kan word (De Wet et al., 1981:44).

### 3.2.3.2 Perspektief op a-normatiewe opvoedingshandelinge en -gebeure

Indien die synstatus van opvoeding as 'n interaktiewe menslike handeling (Van der Walt & Dekker, 1982-83:110) wangeïnterpreteer sou word as synde dressering, afrigting (soos bv. eksamenafrigting), kondisionering, progammering en manipulering (in die sin van knoei) dan word ontaarde opvoeding en onderwys beoefen (Gunter, 1977:21, Van der Walt & Dekker, 1982-83:33). Hierdie handelinge sal trouens problematies opvoedingsituerend wees, omdat dit die mens se normatiewe akte van ken, wil en verbeel (Van der Walt & Dekker, 1982-83:38) negeer en ontken.

Samevattend kan dus gesê word dat handelinge soos kondisionering, dressering, programmering en manipulering a-normatiewe handelinge is omdat dit die seggenskap van die mens in die handelinge misken, bloot met die mens gebeur deur blote eksterne faktore bepaal word (Harmse & Kirstein, 1979:11), insiglose prikkel-reaksiehandelinge is (Pistorius, 1974:72; De Wet et al., 1981:35), gelyk gestel word aan dieregedrag wat outomaties in die mens afspeel (Van Niekerk, 1976:19, 21; Adams, 1981:81; Nel, 1968:2), die mens stroop van die verantwoordelikheid vir sy handelinge (Adams, 1981:80).

Prinsipieel is die mens, wat beskik oor 'n normatiewe aktstruktuur, veel meer en hoër as alle ander skepsele, en omdat die aktstruktuur die benedestrukture tot tipies menslike strukture verdiep, besef die Christen-opvoeder dat die mens nie 'n dier is nie, dat sy behoeftes, sy doene en late aan norme onderworpe is en dat metodes en tegnieke, en in besonder die opvoedingshandeling wat in onderwys en opvoeding gebruik word, radikaal verskil van alle metodes en tegnieke wat in die afrigting, dressering, kondisionering, programmering en manipulering van diere en ander objekte gebruik word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:84). Die mens as beeld van God is bo alles nie 'n dier nie, hy is nie 'n produk van omgewingsevolusie nie (Adams, 1981:83), die mens is toerekeningsvatbaar (Adams, 1981:83) met 'n sinvolle liefdeselement in sy straf en dissiplinering (De Wet et al., 1981:83) en bo alles moet hy as beeld van God waardig handel en wandel (Adams, 1981:83).

#### 3.2.3.3 Skeefgetrokke opvoedingshandelinge as problematies opvoedingsituerende handelinge

* Waar kommunikasie as opvoedingshandeling in 'n opvoedingsituasie ontbreek, kan 'n problematiese opvoedingsituasie met misverstande en gebrekkige opvoedingsdialoog ontstaan (Du Plooy, 1982:37; Landman, Roos & Mentz, 1979:174).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die opvoedingshandeling bloot daarop gerig sou wees om tydelike waardes te vind (Langeveld, 1959:15) en nie beginsels nie (Van der Walt, 1980:34).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kan beslag kry indien betrokkenheid by opvoeder en opvoedeling sou ontbreek (Landman & Gous, 1969:4) en die opvoeder in gebreke sou bly om in sy voorlewing behoorlikheidseise, diensbaarheid en verantwoordelikheid te vergestalt (Landman & Gous, 1969:4).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien opvoedingsbemoeienis sy rigtende en voorligtende (korrektiewe) karakter sou verloor (Van der Walt et al., 1980:30).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die gesagshandeling as opvoedingshandeling sou ontbreek in die asimmetriese verhouding van gesagsdraer teenoor gesagsaanvaarder. Want sonder gesag sou die afhanklike, onkundige, onervare mens nie behoorlik kan grootword nie (Schutte, 1971:99; Van der Walt et al., 1980:31). Die gesagsituasie is dus voorwaarde vir die opvoedingsituasie (Schoeman, 1975:100). Misbruikte gesag as tirannie is problematies opvoedingsituerend (Van der Walt & Dekker, 1982-83:285, Gunter, 1977:137).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien vryheid tot verantwoordelikheid in die gesagsituasie sou ontbreek (Gunter, 1977:138, Landman & Gous, 1969:90, Van Niekerk, 1976:182). Gesag impliseer gehoorsaamheid (Landman, Roos & Liebenberg, 1979:61). Indien die gesagonderhorige die gesagsdraer nie sou vertrou sodat hy sy gesag vrywillig aanvaar en hom daaraan onderwerp nie (Gunter, 1977:137), kan problematiese opvoedingsituasies ontstaan (Van Niekerk, 1976:182). Omdat die mens 'n religieuse wese is, beteken sy vryheid verbondenheid aan die ware God van die Skrifte (Van der Walt & Dekker, 1982-83:278).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien liefde as die grondsteen van opvoeding sou ontbreek (Van der Walt et al., 1980:32, 33). Indien die opvoedingsrelasie skeefgetrokke sou wees tot een van gesag-sonder-liefde, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan (Van der Walt & Dekker, 1982-83:176; Schutte, 1971:99).

* 'n Problematiese opvoedingsituasie kry gestalte indien die opvoedeling passief by die opvoedingshandeling betrokke is en sy onafhanklikheidswording (emansipasie) onderdruk sou word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:177).

## 3.2.4 OPVOEDING IS 'N BEWUSTELIKE HANDELING

### 3.2.4.1 Gedegradeerde "opvoedings"-handelinge

Die opvoeder weet wat hy doen en met wie hy dit doen. Sy bemoeienis met die opvoedeling is nie instinkmatig nie, maar 'n gewilde een (Oberholzer, 1968:56; Van der Walt & Dekker, 1982-83:146). Sou die opvoeder die onderrigshandeling en leerhandeling as opvoedingshandelinge bloot afplat en reduseer tot die vorming van stimulus-responsverbindings, word die handelinge gedegradeer (De Wet et al., 1981:48). Gedegradeerde of instinkmatige "**opvoedings**"handelinge

is nie meer opvoedend nie; sulke handelinge kan trouens problematies opvoedingsituerend van aard wees. Die Christen-opvoeder weet dat die mens nie 'n dier is nie, nie 'n instinkmatige wese is nie, omdat die normatiewe aktstruktuur die benedestrukture van die mens soos onder andere die psigies-liggaamlike struktuur verdiep tot tipies menslike strukture (Van der Walt et al., 1979:140).

Die Christen-opvoeder het dus kennis van goed en kwaad en in die lig hiervan weet hy wat hy gaan doen, en hoe hy dit gaan doen (Oberholzer, 1968:56).

### 3.2.4.2 Doellose omgang in die opvoedingsituasie

Opvoeding is ook 'n doelbewuste handeling (Van Loggerenberg & Jooste, 1980:36, 37; Pistorius, 1974:61; Oberholzer, 1968:56) wat die bereiking van sekere oogmerke in gedagte het (Van der Walt & Dekker, 1982-83:147). 'n Opvoeder kan ook opvoedingsmatig doelloos met 'n kind omgaan wanneer hy die opvoedeling se opvoedingsbehoefte miskyk, deur byvoorbeeld 'n eensydige beroep te doen op die kind se verstandelike moontlikheid tydens die lessituasie (Van Niekerk, 1981:12), of om die kind bloot vir 'n beroep voor te berei. Op hierdie wyse word die opvoedingsituasie verskraal en verarm tot 'n problematiese opvoedingsituasie omdat die opvoedeling ontoereikend toegerus word en nie optimaal tot roepingsvervulling nie (Van der Walt, 1983(c):30).

### 3.2.4.3 Planlose handelinge in die opvoedingsituasie

Daar word ook stelselmatig en bepland te werk gegaan (Van Loggerenberg & Jooste, 1980:36), daar kan ook gesê word dat opvoeding 'n gerigte handeling is (Van der Walt et al., 1980:19; Bavinck, 1917:45). Indien die onderwyser-opvoeder nie onderrig-leersituasies as sekondêre opvoedingsituasies beplan en uitvoer nie, is hy in wese besig om nie op te voed nie (Steyn, 1982:5), hy is trouens besig om geleentheid te skep vir 'n problematiese opvoedingsituasie. Oberholzer (1968:56) sê dat die

opvoeder metodies te werk moet gaan omdat die strukture waarmee hy werk uiters delikaat is. Indien die inhoude wat aan die kind onderrig behoort te word nie noukeurig geselekteer en logies, sistematies georden is nie, bevind die kind homself as deelnemer aan ongeordende problematiese opvoedingsgebeure (Van Niekerk, 1981:7), wat 'n hoof bestanddeel is van die problematiese opvoedingsituasie.

Die opvoedingshandeling word voortdurend ook deur opsetlikheid by die opvoeder gekenmerk en staan in verband met bewustheid, doelbewustheid en stelselmatigheid (Oberholzer, 1968:57; Van der Walt & Dekker, 1982-83:147; Schoeman, 1975:96; Coetzee, 1973:66; Van Loggerenberg & Jooste, 1966:27). Trouens, die doel wat die mens voor oë het, vorm die trekkrag wat die opvoedingsdaad aan die gang sit (Van der Walt & Dekker, 1982-83:190). Opsetlikheid impliseer gerigtheid; "**opvoedingshulp is daarop gerig om die nie-mondige in die wêreld in te lei sodat hy sy weg daarin selfstandig moet** vind" (Van der Walt et al., 1980:19). Indien die onderwyser as opvoeder sou faal om opsetlik en doelbewus onderrig-leersituasies te skep waarbinne die kultuur van die gemeenskap, kognitief, affektief en psigomotories oorgedra word, word die skool in wese 'n instansie wat problematiese opvoedingsituasies kan skep (Van der Walt & Dekker, 1982-83:97).

Anders gestel, alle opvoedende onderwys het begeleiding tot toereikende psigiese lewensvoltrekking ten doel, ook gesien binne elke konkrete situasie in die pre-premêre, primêre en sekondêre skool (Sonnekus & Ferreira, 1979:310). In die lig van die voorafgaande is dit dan duidelik dat problematiese opvoedingsgebeure gekonstitueer word deur ontoereikende pedagogiese begeleiding, of in wyer verband, opvoedingsbegeleiding deur sy opvoeders (Van Niekerk, 1981:9).

#### 3.2.4.4 Onverantwoordbare handelinge

Die opvoeder gaan toerekeningsvatbaar te werk; hy is per slot van rekening geen natuurkundige of werktuiglike verskynsel nie. Die opvoeder is 'n religieus-volwaardige persoon en die veranderinge wat hy

teweegbring, is op grond van sy voorkeur en keuses beplan. Hy gee 'n bepaalde rigting aan die bestaan van die opvoedeling en dit bring mee dat hy toerekeningsvatbaar is vir wat met die opvoedeling gebeur. Hy kan tot verantwoording en selfs straf opgeroep word daarvoor. Hy het 'n geweldige aandeel aan die volwassewording van die kind/opvoedeling as religieus-normatiewe wese (Oberholzer, 1968:57; Van der Walt & Dekker, 1982-83:147).

Die goeie gang van opvoeding kan as gevolg van die sonde (prinsipieel beskou) nie gewaarborg word nie, aangesien òf die opvoeder òf die opvoedeling òf albei ontoereikend mag deelneem aan die gebeure in die opvoedingsituasie waarin hulle hulleself bevind (Van Niekerk, 1981:8). Die ongeborge, affektief verwaarloosde, die kind met 'n gebrekkige toekomsperspektief, die verwerpte, oorbeskermde, minderwaardige, gesagslose opvoedeling (Van Niekerk, 1981:14-19) se toerekeningsvatbaarheid is onder verdenking; hierdie remminge maak die opvoedeling 'n potensiële kandidaat vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

Die gekompliseerdheid van die hedendaagse samelewing bied 'n vrugbare bodem vir die ontplooiing van problematiese opvoeding (Van Niekerk, 1981:49). Indien die opvoeder dus nie "**begeleier**" en "**medeganger**" van die opvoedeling op hierdie ontplooingsweg is nie, is hy nie 'n kenner van die kind se opvoedingsbehoefte nie (Barnard, 1975:7). Die opvoeder se toerekeningsvatbaarheid word sterk bevraagteken, want sy ontoereikende opvoedingskennis is nie voldoende om sy omvattende taak toereikend uit te voer nie (Van Niekerk, 1981:48). Dat daar egter ook talle aangeleenthede is waarvoor die onderwyser vandag aanspreeklikheid moet aanvaar en wat nie sonder meer tot sy rekening gevoeg kan word nie, is egter ewe waar (Van Niekerk, 1981:46). Onderwysersopleiding kan ook soms daartoe aanleiding gee dat die onderwyser nie genoegsaam toegerus is ten aansien van toerekeningsvatbare uitsprake nie, want die onderwyser-opvoeder wat nie voldoende onderlê is in onder meer Pedagogiek en Ortopedagogiek nie (Barnard, 1975:13), kan nie suiwere opvoedkundige uitsprake lewer nie.

Dit is ook nie opvoedkundig verantwoordbaar dat die onderwyser vasgevang sou word in 'n stelsel wat prestasie verhef en verabsoluteer ten koste van persoon- en karakterontplooiing nie (Van Niekerk, 1981:49; Meyer, 1979:115-116). So 'n stelsel sal trouens die fondament lê vir problematiese opvoedingsituasies.

### 3.2.5 OPVOEDING HET 'N VERHOUDING-, VERLOOP-, BEDRYWIGHEID- EN DOELSTRUKTUUR

#### 3.2.5.1 'n Prinsipiële beskouing van die begrip "struktuur"

Opvoeding is 'n ingewikkelde handeling met 'n besondere bouplan of struktuur (Van der Walt & Dekker, 1982-83:42) wat in aard en omvang nooit van die mens losgemaak kan word nie (Heyns, 1974:136). Sou opvoeding as struktuur los van die mens bedink word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan. Die mens bly primêr skepsel van God en vir die Christen-opvoeder en -opvoedkundige gee die struktuur van iets, ook opvoeding, uitdrukking aan die wil van God vir daardie skepsel (Van der Walt & Dekker, 1982-83:42).

Hoewel subjekte verander, verander die struktuur en die wet vir die subjek nie, want God se wil is vas en onveranderlik. Strukture is, net soos wette, voorwaardes vir die geskapene, dit is fondamente van die kosmos as geordende eenheid. Deur strukture onderhou God sy werke (Van Wyk, 1974(a):9).

Prinsipieel is opvoeding 'n maatreël teen die sonde (Van Wyk, 1974(c):13; Heyns, 1973:27).

Opvoeding as wapen teen die sonde het besondere implikasies ten aansien van die problematiese opvoedingsituasie, want in 'n problematiese opvoedingsituasie moet die hulpbehoewende en hulpgewende met mekaar in aanraking kom sodat opvoeding as wapen ingeskakel kan word om skeefgetrekte- en a-normatiewe handelinge in die opvoedingstruktuur reg te trek en normatief te benut (Van der Walt et al., 1980:30). Die "met

**mekaar in aanraking kom"** word in besondere strukture aangetref. Vanweë die sonde in die hart van die mens word strukture soos God hulle ingestel en bedoel het, nie gehandhaaf en aanvaar nie (Heyns, 1974:136). Omdat die sonde nie in die hart van die mens gesetel bly nie, maar ook geobjektiveer word, word sonde ook tot groothede buite die mens gemaak; word sonde ook in strukture soos opvoeding se verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur ingebou, sodat daar met reg van **"strukturele sonde"** gepraat kan word (Heyns, 1974:136).

Omdat strukture in hulle aard en funksionering onlosmaaklik aan die mens gekoppel is, kan die mens sy verantwoordelikheid in verband met opvoedingstrukture nakom, en die opvoeder en opvoedeling se lewe kan daaronder gedy. Die mens kan hom egter ook a-normatief aan opvoedingstrukture vergryp en daarom ly die mens in die problematiese opvoedingsituasie daaronder (Heyns, 1974:136), soos dit sal blyk in die paragrawe wat hierna volg.

In die herstrukturering van problematiese opvoedingsituasies na **"normale"** opvoedingsituasies moet daar altyd in gedagte gehou word dat alleen die mens wat van sonde losgemaak is, deur die genade van God, in en deur Christus Jesus deur die werking van die Heilige Gees, hierdie opvoedingstrukture van sonde sal kan help bevry en sy beginsels en norme in die strukture sal kan inbou (Heyns, 1974:137).

Die Christen-opvoeder en -opvoedkundige wat hom roepingsbewus bemoei met opvoedingsbehoeftiges in problematiese opvoedingsituasies moet hom vergewis en verantwoord ten aansien van die onderskeie opvoedingstrukture, wetende dat strukture en stelsels daar is ter wille van die mens (Helberg, 1983:3; Heyns, 1974:136). Strukture moet derhalwe nie ter wille van die struktuur self verabsoluteer word nie en die mens tot objek maak nie.

Alhoewel daar by die bestudering van die strukture van opvoeding gebruik gemaak word van die resultate van opvoedkundiges wat as fenomenoloë bekend is/was (Van der Walt, 1983:164), word na die konkrete situasie en problematiese opvoedingsgesitueerde in die sinsamehang van die strukture van opvoeding 'n perspektiwiese blik behou, soos aangedui in hierdie paragraaf (Van Wyk, 1979:109, 119).

Die ingewikkelde handeling van opvoeding bestaan uit vier strukture wat binne 'n opvoedingsituasie gemanifesteer word:

+ Verhoudingstruktuur
+ Verloopstruktuur
+ Bedrywigheidstruktuur
+ Doelstruktuur

Diagram: 3.1

SKEMA A.

OPVOEDING.

OPVOEDINGSGEBEURE

**A** — *Pedagogiese Verhoudingstrukture*

1. Begrypingsverhouding
2. Vertrouensverhouding
3. Gesagsverhouding

**B** — *Pedagogiese Verloopstrukture*

1. Omgang
2. Ontmoeting Opvoedingsmomente word sigbaar
3. Opneem-van-bemoeienisverantwoordelikheid (Engagement)
4. Pedagogiese bemoeienis
   (i) Ingryping
   (ii) Instemming
5. Terugkeer-na pedagogiese omgang
6. Periodieke verlating van pedagogiese omgang

**C** — *Pedagogiese Bedrywighede*

1. Betekening
2. Inspanning
3. Genormeerdheid
4. Waag
5. Dankbaarheid
6. Aanspreeklikheid
7. Hoop
8. Ontwerp
9. Vervulling
10. Agting
11. Selfbegryping
12. Vryheid

**D** — *Pedagogiese Doelstrukture*

1. Sinvolheid van bestaan
2. Selfbeoordeling en selfbegrip
3. Menswaardigheid
4. Sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling
5. Verantwoordelikheid
6. Normidentifikasie
7. Lewensopvatting

**3.2.5.2 Die ontoereikende verwesenliking van die opvoedingstrukture as moontlike oorsaak van die problematiese opvoedingsituasie**

**3.2.5.2.1 Opvoedingsverwaarlosing**

Die begrip "**opvoedingsverwaarlosing**" as eienskap van die problematiese opvoedingsituasie dui daarop dat die opvoeding van die kind ernstig tekort skiet (Pretorius, 1976:18). Die opvoeder doen te min aan opvoeding, leiding, gesag en dissipline; hy stel **te** min eise van selfbeperking en te min waardes en norme word voorgehou; die kind is te vry om hom te rig op dit wat onmiddellik bevredig (Pretorius, 1976:18).

Vorme van opvoedingsverwaarlosing is:

- Materiële verwaarlosing

- Affektiewe verwaarlosing

- Normatiewe verwaarlosing

Dit beteken dat die kind verstoke bly van dit wat hy vir sy "**normale**" volwassewording nodig het, en dat hy nie voldoende gehelp en gesteun word om sy moontlikhede te aktualiseer nie (Pretorius, 1976:19).

Wanneer die opvoeding van die kind verwaarloos word, is daar sprake van ontoereikende opvoedingsbemoeienis. Dit beteken dat die fundamentele strukture van die pedagogiese (opvoeding-) situasie op ontoereikende wyse verwerklik word. Pretorius (1976:19) meld dat die volgende begrippe dus sinoniem is aan mekaar:

- opvoedingsverwaarlosing;

- ontoereikende opvoedingsbemoeienis;


- ontoereikende verwerkliking van fundamentele pedagogiese (opvoedings-)strukture.

#### 3.2.5.2.2 Die intrapsigiese konflik in die raamwerk van opvoedingstrukture

In die problematiese opvoedingsituasie is lewende en belewende mense. Die psigiese lewe van opvoeder en opvoedeling raak versteurd, omdat albei aan die problematiese opvoedingsituasie negatiewe en versteurde betekenisse toeken. Opvoeder en opvoedeling belewe hulself as onveilig, oorgelewer en onbeskermd in die problematiese opvoedingsituasie. Die problematiese opvoedingsituasie word belewe as uitsigloos, sinloos en bedreigend. Opvoeder en kind belewe moedeloosheid, ontnugtering, skuldgevoelens, pessimisme, verleentheid en vertwyfeling. Die nood in die problematiese opvoedingsituasie is dus onder andere en veral 'n affektiewe nood. Die woord "**onveiligheid**" en "**angs**" kan oor die hele problematiese opvoedingsituasie geskryf word (Pretorius, 1976:25).

Skematisering van die onderhawige aangeleenthede (Pretorius, 1976:25).

**Diagram 3.2**



### 3.2.5.2.3 Ontoereikende opvoedingsbemoeienis by die kind in verskillende fasette van sy problematiese opvoedingsgesitueerdheid

+ DIE VERHOUDINGSTRUKTUUR

* Die Vertrouenstruktuur

Wat vertroue betref, word onder andere die volgende in die problematiese opvoedingsituasie vergestalt:

Wanneer die vertrouensverhouding tussen opvoeder en opvoedeling nie toereikend verwerklik word nie, voel die kind dat sy individuele vryheid bedreig word. 'n Vertrouenskonflik gaan altyd gepaard met onveiligheid by die kind (Pretorius, 1976:25), en die kind se psigiese lewensaktualisering (lewensverwerkliking) bly infantiel (Van Niekerk, 1976:122). Die onveiligheidsgevoel werk verlammend in op die kind en laat hom weerloos en magteloos voel (Pretorius, 1976:26).

Waar die ouers nie vir die kind toereikend vertroue bied nie, word die kind die bedreigde, en word die ervaringsmatige, wilsmatige, kenmatige en gedragingsmatige telkens ontoereikend gereed gemaak vir opvoeding of gepreformeer, soos Van Niekerk (1976:122) dit stel. Vertroue is by die jong kind **"blind"** (onberedeneerd, onbeperk, onkrities, onvoorwaardelik). By gebroke vertroue verander hierdie blinde vertroue in blinde wantroue (Pretorius, 1976:26). Die kind wat gebroke vertroue beleef, voel in die steek gelaat, verlate, verraaid, met gepaardgaande haatgevoelens, angs en onsekerheid (Pretorius, 1976:26).

By die vertrouensarme kind staan 'n labiele en selfs impulsiewe affek baie sterk voorop (Van Niekerk, 1976:122), en hy voel onaanvaard en onwaardig (Pretorius, 1976:26). Gevoelsonsekerheid, of anders gestel affektiewe onsekerheid en wantroue tussen ouer en kind beteken 'n remming vir die kind (Pretorius, 1976:26).

* Die Begrypingstruktuur

Wat begryping betref, word onder andere die volgende in die problematiese opvoedingsituasie vergestalt:

'n Ontoereikende begrypingsverhouding ontmoedig, frustreer en verwar (Pretorius, 1976:26). Waar die vertrouens-verhouding, soos in die voorafgaande paragraaf bespreek, aangetas is en die opvoedeling nie sy opvoeders kan vertrou nie, loop die kenrelasie ook gewoonlik mis, want die opvoeders begryp dan nie werklik die opvoedeling en wat met hom gebeur nie, en veral ook nie wat sy nood impliseer nie (Van Niekerk, 1976:122).

Gebrekkige begrip van die kind lei daartoe dat onvervulbare eise aan hom gestel word. Dit werk ontmoedigend en verlammend, en breek die kind se selfvertroue wanneer daar telkens eise aan hom gestel word waaraan hy nie kan voldoen nie, en dring konflik en ontsporing aan hom op (Pretorius, 1976:26).

Die orde verander ook: waar die opvoedeling nie sy opvoeders "**reg**" begryp nie, word hulle vir hom verteenwoordigers van onveiligheid (Van Niekerk, 1976:123).

* Die Gesagstruktuur

Wat gesag betref, word die volgende onder andere in die problematiese opvoedingsituasie aangetref:

Waar gesag ontoereikend is, leer die kind (opvoedeling) nie norme en waardes ken en gehoorsaam nie, hy bly onseker daaromtrent. Hy raak egosentries, eiewillig en onbeheers. Hy verwerf moeilik sy vryheid en verantwoordelikheid. Sy sosialisering ly ook skade, omdat hy nie rekening hou met sy medemens nie (Pretorius, 1976:26).

+ DIE VERLOOPSTRUKTUUR

* Die Omgangstruktuur

Wat die omgangstruktuur betref, vind onder andere die volgende remmende faktore in die problematiese opvoedingsituasie uitdrukking:

Opvoedingsbeïnvloeding en -bedrywighede is slegs deur opvoedingsomgang en -ontmoeting te realiseer (Pretorius, 1976:26). Vir Langeveld (1959:33) is omgang die gepreformeerde veld vir opvoeding; opvoeder en opvoedeling moet mekaar vertrou, aangesien dit 'n voorwaarde vir ontmoeting is (Landman & Kilian, 1973:22). As die opvoedeling dus in sy omgang met die opvoeder nie hierdie stabiele vertroue beleef en ervaar nie, is die ontmoeting nie moontlik nie (Van Niekerk, 1976:121). In die omgang wil die opvoedingsbehoeftige die volwassene vertrou en hy wil deur die opvoeder vertrou word (Van Niekerk, 1976:121).

* Die Ontmoeting- en Betrokkenheidstruktuur

Wat die ontmoeting- en betrokkenheidstruktuur betref, kan die volgende onder andere binne die problematiese opvoedingsituasie vergestalt word:

Wanneer die opvoedingsontmoeting op 'n labiele grondslag berus, loop dit telkens gevaar om nie te gedy nie. Dan beleef en ervaar die opvoedeling nie dat hy deur die volwassene ontmoet word nie, en daar is nie genoegsame oopstelling vir die aanvaarding van gesag en van norme nie (Van Niekerk, 1976:121).

Faktore soos die volgende kan daartoe lei dat ontmoeting tussen opvoeder en opvoedeling nie realiseer nie, met as gevolg 'n problematiese opvoedingsituasie:

- Opvoeders voer dalk op grond van ontoereikende wedersydse vertroue, begrip en gesag 'n monoloog in hulle omgang met opvoedelinge.

- Die opvoedeling kan dalk sy opvoeders as ontoeganklik beleef en ervaar.

- Die opvoedeling voel dalk dat hy nie begryp word nie of dat die opvoeders nie regtig vir hom omgee nie (Van Niekerk, 1976:175).

* Die Opneem-van-bemoeienis-verantwoordelikheid-struktuur

Binne die raamwerk van hierdie struktuur kan die volgende as dit wel voorkom, lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie:

- Daar bestaan 'n gebrek aan gevoelens van aanspreeklikheid om opvoedingsverhoudinge by opvoeders en opvoedelinge of by albei te stig.

- 'n Opvoedingsdoel wat vir die kind nagestreef word, is afwesig by die opvoeder.

- Daar is 'n onwilligheid by die opvoedeling om hom vir opvoedingsbeïnvloeding oop te stel.

- Daar is by die kind 'n strewe om sy opvoeders te vermy.

- Die kind word te min opgeroep tot verantwoordelikheid.

- Die kind ontdek dat daar nie vir hom veel in vooruitsig gestel word nie.

- Opvoeders en opvoedelinge praat te min oor die toekoms.

- Die opvoeders begryp nie hulle verpligtinge met betrekking tot die wording, vorming en beïnvloeding van die kind nie (Van Niekerk, 1976:175-176).

* Die Bemoeienis-verantwoordelikheid-struktuur

Wat die problematiese opvoedingsituasie betref, kan by ontoereikende opvoedingsbemoeing die volgende vrae gestel word:

Word daar toereikend ingegryp as die kind verkeerd handel?

Word daar genoegsaam ingestem met die opvoedeling se sinvolle en prysenswaardige optrede? In die problematiese opvoedingsituasie word:

- Die opvoedeling dalk te min of te veel teëgegaan;

- te min deur die kind ervaar en beleef dat hy ook die behoorlike kan doen;

- die kind dalk te dikwels gestraf;

- daar dalk net voorskrifte gegee sonder dat toegesien word dat die opvoedeling dit ook uitvoer (Van Niekerk, 1976:176).

* Die Terugkeer-na-die-omgangstruktuur

Ten aansien van die problematiese opvoedingsituasie kan daar ook gevra word:

Ontvang die opvoedeling genoegsaam geleentheid om tot die meer ontspanne verhouding van die omgang terug te keer na die meer "**gespanne**" (inspannende) verhouding tydens die ingryping en/of instemming? (Van Niekerk, 1976:176).

In 'n problematiese opvoedingsituasie:

- ervaar en beleef die kind dalk dat hy "**heeldag**" opgevoed word;

- word die kind dalk met 'n oordosis voorskrifte oorlaai (Van Niekerk, 1976:176).

* Die Periodieke verlatingstruktuur

Tydens die ontoereikende verlating van opvoedingsituasies kan die fondament gelê word vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

- Die opvoedeling kry dalk te min geleentheid om sy verantwoordelikheid ook onder die oë van sy opvoeders uit te beoefen.

- Die opvoedeling word dalk te veel dopgehou.

- Die opvoedeling word dalk te veel "vasgehou".

- Die opvoedeling word dalk te min vryheid-tot-verantwoordelikheid gegun (Van Niekerk, 1976:176).

\+ DIE BEDRYWIGHEIDSTRUKTUUR

* Die Betekeningstruktuur

Wanneer die opvoeder se hulp aan die opvoedeling met betrekking tot die betekening van lewensinhoude ontoereikend geskied (Van Niekerk, 1976:177), word die geleentheid geskep vir 'n problematiese opvoedingsituasie waarin die volgende onder andere na vore tree:

- Die opvoedeling leer nie om na die voorbeeld van die volwasse, beskawings-mondige, telkens op 'n hoë vlak betekenisse aan die werklikheid (mense, dinge, situasies, gebeure) te gee nie. Betekenisse bly soms infantiel (kinderlik) en rem sy wording (Pretorius, 1976:26).

- Die opvoedeling kry dalk te selde die geleentheid om betekenisse van lewensinhoude te toets, en raak dus nie vertroud met betekenisse nie.

- Die opvoedeling kry dalk te min geleentheid om sy dade as betekenisvol te ervaar en te beleef.

- Die opvoedeling kry dalk te min geleentheid om hom verantwoordbaar te vereenselwig met die behoorlike.

- Die opvoedeling word nie toegelaat om verantwoordelik die verkeerde of problematiese toereikend te ontdek nie (Van Niekerk, 1976:177).

* Die Inspanningstruktuur

In 'n problematiese opvoedingsituasie kweek die opvoedeling nie die bereidheid aan om met inspanning mee te werk aan sy eie beskawingsmondige volwassewording nie (Pretorius, 1976:26). Ontoereikende inspanning kan moontlik onder andere op die volgende wyses in 'n problematiese opvoedingsituasie vergestalt word:

- Die opvoedeling kry te selde die geleentheid om te besef wat sy pligte is en te weet watter verantwoordelikhede van hom geëis word.

- Die opvoedeling kan te min geleentheid kry om ook te ontdek waartoe hy hom moet inspan.

- Die opvoedeling kry te min geleentheid om sy positiewe persoonsmoontlikhede te leer ken.

- Die opvoedeling word die voorreg misgun om te ontdek dat hy sy moontlikhede optimaal moet aktualiseer.

- Die opvoedeling word verhinder om tot aktiewe inspanning oor te gaan.

- Die opvoedeling kry te min die geleentheid om sy besluite behoorlik te deurdink.

- Die opvoedeling word te geredelik toegelaat om alles wat hy aanpak, halfklaar te laat, en leer dus nooit dat hy hom moet inspan om iets te vermag nie.

- Die opvoedeling kan "verleer" om te werk met onder andere te veel bediendes wat alles vir hom doen.

- Daar is te min opdragte en take vir die opvoedeling om uit te voer.

- Daar is te min bereidwilligheid by die opvoedeling tot taakverrigting deur onder andere 'n gebrek aan volharding.

- Die opvoedeling word die geleentheid ontneem om op eie inisiatief te handel en moet in alles eers die opvoeder se toestemming vra (Van Niekerk, 1976:177-178).

* Die Genormeerdheidstruktuur

Ontoereikende normering kan lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie wat die opvoedeling rem om behoorlik volwasse (Pretorius, 1976:26) of beskawingsmondig te word. Indien die volgende openbaringswyses ten aansien van ontoereikende normering bestaan, kan dit moontlik lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie:

- Die opvoeder is te onbewus van die kind se gebrek aan insig met betrekking tot die behoorlike.

- Die opvoeder help, lei of begelei die opvoedeling te selde om die essensies van die behoorlike en die onbehoorlike te ontdek, byvoorbeeld weens gebrekkige kognitiewe en normatiewe opvoeding.

- Die opvoedeling word nie gewys op die gevare van die lewe nie.

- Die opvoedeling weier om met die norme van die opvoeders te identifiseer.

- Die opvoedeling herken nie die lewensopvatting van sy opvoeders nie. 'n Gebrekkige voorlewing kan die oorsaak wees.

- Die opvoeders demonstreer te min hulle standpunt ten aansien van bepaalde afkeurenswaardige aangeleenthede.

- Die opvoeders is ongehoorsaam aan hulle eie lewensopvatlike norme.

- Die opvoeders openbaar self 'n miskenning van die behoorlike (Van Niekerk, 1976:178).

* Die sogenaamde "**Waag**"-struktuur

Sonder vertroue wil die opvoedeling dit nie met of weg van die opvoeder waag nie (Pretorius, 1976:27). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan as daar sprake is van 'n tekort aan saamwaag ten aansien van opvoedingsinhoude indien dit onder andere soos volg geopenbaar word:

- Die opvoedeling kry te min geleentheid om selfstandig saam met sy opvoeders te waag.

- Die kind se waaginstelling is te gebrekkig, weens affektiewe verwaarlosing.

- Die opvoedingsgesprek word te dikwels vervang met 'n algemene geraai en gepraat.

- Die opvoedeling voel dat hy hom nie kan toevertrou aan sy opvoeders nie.

- Die opvoedeling beleef die onsekerheid dat hy nie aanvaar word as iemand wat verantwoordelikheid kan dra nie (Van Niekerk, 1976:178).

- Dit ontbreek die opvoeder en opvoedeling aan waagmoed om dapper en onverskrokke te kies vir die behoorlike en dienooreenkomstig te handel (Van der Walt & Dekker, 1982-83:138).

* Die Dankbaarheidstruktuur

In die problematiese opvoedingsituasie kan die onveilige opvoedeling nie dankbaar wees wat betref die geborgenheid wat die opvoeders aan hom moet verseker nie (Pretorius, 1976:27). Die volgende is onder andere van belang ten aansien van genoemde moontlike problematiese opvoedingsituasies:

- Die opvoeders voorsien nie 'n geborgenheidsruimte nie.

- Die dankbaarheidsbetoning word deur die opvoeders oorbeklemtoon.

- Die opvoedeling kry te selde die geleentheid om te ontdek dat hy onvoorwaardelik aanvaar word.

- Word die opvoedeling nie net voorwaardelik aanvaar nie?

- Die opvoeding (versorging) deur die opvoeders is van so 'n aard dat dit juis geen dankbaarheid regverdig nie.

- Die opvoeder, as **"voorlewende"**, openbaar te selde sy dankbaarheid vir goeie gawes.

- Die opvoedeling leer juis om regte en voorregte te verwar op grond van sy opvoeders se optrede (Van Niekerk, 1976:179).

* Die Aanspreeklikheidstruktuur

In die eerste plek moet daar rekening gehou word met die mate van aanspreeklikheid wat van die opvoedeling verwag kan word (Van Niekerk, 1976:179). Wat die aanspreeklikheidstruktuur betref, is die volgende onder andere van belang ten aansien van moontlike problematiese opvoedingsituasies:

- Daar word nie genoegsaam geleentheid gebied aan die opvoedeling om aanspreeklikheid te aanvaar vir sy aandeel aan sy opvoeding en grootwording nie. Dit moet sterk beklemtoon word dat die opvoedeling self 'n aandeel het aan sy opvoeding (Pretorius, 1976:19).

- Die opvoedeling ervaar en beleef nie dat daar op hom 'n verpligting rus om die opvoedingsgebeure te laat slaag nie.

- Die opvoedeling beleef dat sy opvoeders hom betrag as 'n minderwaardige persoon wat self nie veel kan vermag nie.

- Daar kan sprake wees van 'n afwesigheid van 'n intimiteitsruimte waarin die opvoedeling kan voel en weet dat hy ook 'n bydrae kan en moet lewer (Van Niekerk, 1976:179).

* Die Hoopstruktuur

Wat die onderaktualisering van die hoopstruktuur betref, is daar in die hierondergenoemde moontlike problematiese opvoedingsituasies onder andere die volgende van belang:

- Hou die opvoeders vir die opvoedeling 'n "**sinnelose**" toekoms voor?

- Die opvoedeling kry te min geleentheid om te beleef en te ervaar dat hy steeds, in 'n toenemende mate, meer "**volwassene**" of meer beskawingsmondig word.

- Die opvoeders kan 'n ongunstige volwassenheidsbeeld, as 'n toekomsbeeld, vir die kind voorleef en demonstreer.

- Toekomsgevare en toekomsmislukkings kan oorbeklemtoon word.

- Die opvoedeling het self 'n skewe selfbeeld en 'n gepaardgaande skewe of verduisterde toekomsbeeld.

- Die opvoedeling se historisiteit kan te geredelik geïgnoreer word wanneer sy opvoeders hom met toekomstige prestasies konfronteer.

- Die opvoedeling word te veel verwaarloos wat betref die verwerking van nie-verwerkte ervarings en traumas in die verlede wat hom angsvol met betrekking tot die toekoms laat.

- Die opvoedeling is nie geleer dat hy sy moontlikhede optimaal met die oog op die toekoms moet aktualiseer nie.

- Daar word vir die opvoedeling onbereikbare vooruitsigte gestel met betrekking tot skoolprestasies.

- Die opvoedeling word te min gehelp om nou reeds die "**regte**" besluite oor sy toekoms te neem.

- Die hedeaktiwiteite van die opvoedeling kan dikwels te los staan van die toekoms.

- Daar word te selde of te dikwels oor die toekoms gepraat.

- Die opvoedeling beleef en ervaar te selde dat daar 'n geloof in hom en sy toekomstige sukses bestaan (Van Niekerk, 1976:179-180).

* Die Ontwerpstruktuur

Wat die onderaktualisering van die ontwerpstruktuur betref, is die volgende moontlikhede onder andere in die problematiese opvoedingsituasie van belang:

- Die opvoedeling kry te min geleentheid om sy toekoms toereikend te ontwerp deur byvoorbeeld oorbeskerming en te min geleentheid om self dinge te doen.

- Die opvoedeling se persoonlike pogings word te dikwels misken en gering geskat.

- Die opvoedeling word te geredelik daarvan weerhou om self dinge te doen.

- Daar word te veel of te min van die opvoedeling verwag.

- Die opvoedeling kry te min geleentheid om sy verstroue in sy opvoeders te verstewig.

- Die opvoedeling se persoonlike prestasies word as 'n middel tot 'n ander doel as roepingsbewuste beskawingsmondigheid gesien, en kan deur opvoeders misbruik word (Van Niekerk, 1976:180-181).

* Die Vervullingstruktuur

Die problematies opvoedingsgesitueerde se bestemmingsvervulling is gerem (Pretorius, 1976:27). Anders gestel, sy lewe is roepingloos. 'n Problematiese opvoedingsituasie kan onder andere ontstaan indien:

- die opvoeder in gebreke sou bly om die opvoedeling tot 'n besef van roepingsvervulling, en die juiste beoordeling van sodanige roeping te lei;

- die opvoeder die opvoedeling sou rem in die volle ontplooiing en aktualisering van sy moontlikhede, tot eer van God of (anastaties) tot eer van die oorsprong, anker, idool (afgod) wat deur die opvoeder in die plek van God gestel word;

- die opvoeder die opvoedeling nie sou bystaan in die aanvaarding van sy roeping as kind van God of as "kind" van die afgod wat in die plek van God gestel is nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:140).

* Die Agtingstruktuur

Wat die agtingstruktuur betref, is die volgende moontlikhede onder andere van belang in die problematiese opvoedingsituasie:

- Die opvoeder kan die opvoedeling te min oproep tot ontvouing van waardigheid (Van Niekerk, 1976:181).

- Die opvoeder sou nalaat om die opvoedeling te lei om te besef dat mense gelykwaardig is maar nie gelyk is nie, omdat elkeen sy eie waardes op sy eie manier en verantwoordelikheid op sy eie manier verwerklik (Van der Walt & Dekker, 1982-83:141).

- Die opvoedeling se individualiteit kan misken word en sy "**andersheid**" kan aan "**minderwaardigheid**" of "**meerderwaardigheid**" gekoppel word.

- Die opvoedeling ontdek 'n gebrek aan waardering vir ander mense se waardigheid by opvoeders (Van Niekerk, 1976:181).

Samevattend kan dus gesê word dat die mens in die problematiese opvoedingsituasie se agting (eerbied) vir sy eie menswees en vir ander mense ontbreek - ook agting vir wat 'n mens behoort te doen of nie behoort te doen nie (Pretorius, 1976:27).

* Die Selfbegrypingstruktuur

Die problematies opvoedingsgesitueerde leer homself nie begryp en beoordeel nie, en hy oorskat of onderskat homself (Pretorius, 1976:27). Die onderstaande handelinge kan dan dalk lei tot die onderaktualisering van die selfbegrypingstruktuur:

- Die simpatieke kritiek van die kant van die opvoeder ontbreek.
- Die opvoedeling word juis te veel gekritiseer.
- Die opvoedeling kry te selde die geleentheid om homself krities aan die hand van voorgeleefde persoonsbeelde van sy opvoeders te beoordeel.
- Die opvoedeling ontdek te min sy bevraagdheid op grond van 'n gebrekkige demonstrasie deur sy opvoeders (Van Niekerk, 1982-83:182).
- Die opvoedeling word nie gelei tot 'n heldere kennis van die eise wat sy lewensopvatting en beginsels aan hom stel nie, sodoende word die hoogs waardevolle nie verwerklik nie.
- Die opvoedeling word nie gelei om te besef dat hy (ten diepste ook onbewustelik) deur God, of 'n afgod wat in die plek van God gestel word, geroep is om al sy moontlikhede in diens te stel in die poging om die hoogs waardevolle te verwesenlik nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:141).

* Die Vryheidstruktuur

Die problematies opvoedingsgesitueerde verower nie vryheid tot verantwoordelikheid nie (Pretorius, 1976:27). Die problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan as die vryheidstruktuur nie verwesenlik word nie, as gevolg van onder andere die volgende redes:

- Die opvoedeling word te min vryheid gegun.

- Daar word te veel vryheid aan die opvoedeling gegun, en te min verantwoordelikheid word van hom geëis.

- Die opvoeders demonstreer 'n onwilligheid om self vrywillig die gesag van die behoorlike te erken.

- Die opvoeders is in hulle voorlewing ongehoorsaam aan gesagseise wat die opvoedeling moontlik kan uitnooi tot 'n lewe van bandelose vryheid (Van Niekerk, 1976:182).

- Die opvoedeling word nie gelei om eindelik self te besluit om sy verantwoordelikheid op te neem, om sy lewensopvatting getrou te bly, sy beginsels uit te lewe in 'n verantwoordelike bestem-wees tot sy God (Landman, 1972:53) of afgod nie.

\+ DIE DOELSTRUKTUUR

* Ontoereikende singewing aan die eie bestaan

'n Problematiese opvoedingsituasie kan hom vergestalt indien 'n persoon of persone wat betrokke is 'n wanbegrip van die sin van die lewe het - gebrekkige insig in die lewenstaak en roeping openbaar- en/of oor 'n skeefgetrokke toekomsperspektief beskik. Die volgende moontlike stellinge kan verband hou met ontoereikende singewing aan 'n eie bestaan:

- Die "**opvoeder**" en/of opvoedeling in 'n betrokke, problematiese opvoedingsituasie se toekomsperspektief is verduister.

- Die "**opvoeder**" en/of opvoedeling regresseer en isoleer homself.

- Die"**opvoeder**" en opvoedeling is bang om waagstukke op 'n verantwoordbare wyse te neem.

- Die opvoedeling vind hom uitgeslote van 'n sinvolle opvoedingsituasie.

- "**Opvoeder**" en opvoedeling spot met ander se gebreke en siektes.

- Die "**opvoeder**" en/of opvoedeling volhard met dieselfde opvoedingsfoute.

- Die "**opvoeder**" en/of opvoedeling geniet dit om iemand anders teleur te stel.

- Die opvoedeling is tevrede om onder te presteer.

- Die opvoedeling gee nie genoegsaam om oor wat van hom gaan word nie (Van Niekerk, 1976:156, 164).

* Ontoereikende selfbeoordeling en -begrip

'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die "**opvoeder**" en/of opvoedeling hulself ontoereikend beoordeel of begryp.

- "**Opvoeder**" en/of opvoedeling voel en beleef hulself minderwaardig.

- "**Opvoeder**" en/of opvoedeling is ontevrede met hulself.

- Die opvoedeling is oormatig skaam in die teenwoordigheid van sy maats en ander medegangers.

- Die opvoedeling onderneem take wat bokant sy vuurmaakplek is.

- Die opvoedeling voel onwelkom by sy maats.

- Die opvoedeling gee nie om as hy verkeerd optree nie.

- Dié opvoedeling laat hom deur sy gevoelens lei.

- Die opvoedeling oorskat sy bekwaamheid.

- Die opvoedeling tree infantiel op (Van Niekerk, 1976:157, 166).

* Ontoereikende betekening van menswaardigheid

In die problematiese opvoedingsituasie begryp die opvoedeling nie sy eie of ander mense se waardigheid reg nie. Die volgende is dan moontlik:

- Die opvoedeling is ontevrede met homself.

- Die opvoedeling wil homself nie aanvaar nie.

- Die opvoedeling spot met ouer mense se optredes.

- Die opvoedeling spot met ander se gebreke en tekorte.

- Die opvoedeling ignoreer die opdragte van sy meerderes.

- Die opvoedeling toon 'n gebrek aan respek vir sy ouers, onderwysers en ander volwassenes.

- Die opvoedeling wys met opset die behoorlike van die hand.

- Die opvoedeling geniet dalk die onbehoorlike.

- Die opvoedeling verheug hom oor ander se leed.

- Die opvoedeling is ontevrede met sy ouers, sy skool, sy omstandighede.

- Die opvoedeling steur hom nie aan ander se menings nie (Van Niekerk, 1976:158, 166).

* Ontoereikende vorming van (sedelike) besluite en handelinge 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die "**opvoeder**" en/of opvoedeling ontoereikende selfstandige besluite neem of ontoereikend handel ooreenkomstig die besluite wat geneem word. Die volgende stellinge kan dan relevant wees:

- "**Opvoeders**" en/of opvoedelinge kom nie hulle beloftes na nie.

- "**Opvoeders**" en/of opvoedelinge belowe sonder om hulle voornemens uit te voer.

- "**Opvoeders**" en/of opvoedelinge maak maklik en baie beloftes.

- "**Opvoeders**" en/of opvoedelinge het swak insig in die behoorlikheidseise.

- Die opvoedeling kry nie genoeg spyt oor moontlike wandade nie.

- Die opvoedeling en/of "**opvoeder**" is oneerlik.

- Die opvoedeling en/of "**opvoeder**" versuim maklik hulle plig.

- Die opvoedeling en/of "**opvoeder**" laai maklik die skuld op andere.

- Die opvoedeling en/of "**opvoeder**" weier om hulle self in te span ten aansien van take aan hulle opgedra.

- Die "**opvoeder**" en/of opvoedeling is inkonsekwent in hulle optredes (Van Niekerk, 1976:158, 167).

* Ontoereikende verantwoordelikheidsopenbaring

'n Problematiese opvoedingsituasie kan die gevolg wees van 'n ontoereikende mate van verantwoordelikheidsin. Stellinge soos die volgende kan dan relevant wees:

- Die opvoedeling aanvaar nie die gesag van sy opvoeders nie.

- Die opvoedeling is opstandig teenoor sy ouers en onderwysers.

- Die opvoedeling weier om skoolreëls te gehoorsaam.

- Daar is tekens van 'n swak funksionering van die opvoedeling se gewete.

- Die opvoedeling het swak insig in die behoorlikheidseise in die lewe.

- Die opvoedeling versuim dikwels om sy huiswerk te doen.

- Die opvoedeling knou dikwels kleiner kinders af.

- Die opvoedeling gee nie om wat die gevolge van sy dade sal wees nie.

- Die opvoedeling is onwillig om hom in te span (Van Niekerk, 1976:159, 167).

* Ontoereikende identifikasie met norme

Die ontoereikende identifikasie met norme kan die oorsaak of gevolg wees van 'n problematiese opvoedingsituasie. Die volgende stelling kan dan relevant wees:

- Die "**opvoeder**" en/of opvoedeling weier om gesag te aanvaar of verset hom daarteen.

- Die opvoedeling is ongehoorsaam, opstandig en koppig.

- Die opvoedeling wys die godsdiens af.

- Die opvoedeling spot met die behoudende.

- Die opvoedeling neem die besitting van ander persone vir homself.

- Die opvoedeling probeer telkens om sy maats te bedrieg en te mislei.

- Die opvoedeling geniet dit om "**anders**" te wees.

- Die opvoedeling kry nooit spyt oor sy wandade nie.

- Die opvoedeling geniet dit om ongehoorsaam te wees.

- Die opvoedeling soek die geselskap op van diegene wat opvallend anders probeer wees (Van Niekerk, 1976:159, 167).

* Die ontoereikende toeëining van 'n lewensopvatting [1]

Die lewensopvatting is die grondoortuiging van waaruit die mens alle vraagstukke benader en van waaruit fundamentele antwoorde gegee word. Die lewensopvatting leer trouens wat as lewensdoel gehandhaaf behoort

[1] In paragraaf 3.2.2 word die a-normatiewe skeeftrekking van 'n lewensopvatting as 'n grondtrek van 'n moontlike problematiese opvoedingsituasie omvattend bespreek.

te word. Die doel van opvoeding is ten nouste verbind aan die doel van die lewe (Van der Walt & Dekker, 1982-83:186).

Omdat die opvoedeling nie as 'n selfstandige beoefenaar van die normbeeld van volwassenheid gebore is nie, moet die opvoeder as verteenwoordiger van die normatiewe in sy lewe ingryp ten einde 'n bepaalde verloop daaraan te gee en hom te lei om tot 'n eie lewensopvatting te kom (Landman et al., 1977:91). Dit is egter ook waar dat die opvoeder wetens of onwetend 'n bepaalde lewensopvatting, as waardevol, aan die kind voorhou of voorleef (Van der Walt & Dekker, 1982-83:191).

Indien opvoeder en opvoedeling hulleself 'n eie lewensopvatting ontoereikend sou toeëien, kan 'n problematiese opvoedingsituasie dus die uitkoms wees (Van Niekerk, 1976:168), wat kan lei tot:

- Die ligtelike verandering van besluite;
- inkonsekwente optrede omdat daar nie 'n maatstaf is nie;
- 'n gebrek aan vertroue in die opvoedeling omdat daar nie op hom staatgemaak kan word nie (Van Niekerk, 1976:168).

### 3.2.6 Die fenomeen opvoeding maak sy verskyning periodiek

Opvoeding duur nie ononderbroke voort nie, dit verskyn en verdwyn (Oberholzer, 1968:57). Dit beteken nie noodwendig dat die geleenthede om op te voed en om opvoedingsituasies te skep verby gaan nie. Die Christen-opvoeder bly geroepe om opvoedingsituasies te skep waarin die opvoedeling anastaties na God omhoog gelei moet word (Schoeman, 1979:188). Die geleentheid om opvoedingsituasies te skep is belangrik, aangesien die afwagting van die omskakelingsmoment (Langeveld, 1959:34) 'n waardevolle en kritieke moment is (Langeveld, 1959:34), en noodwendig opvoedingskanse verby kan laat gaan (Van der Walt & Dekker, 1982-83:165) wat problematiese opvoedingsituasies kan konstitueer. (Kyk ook Hoofstuk 2 vir 'n vollediger bespreking.)

Die opvoedingsituasie toon 'n baie duidelike aanloop, verloop en afloop (De Vries, 1978:51). Die aanloop verloop en ontoereikende benutting van die omgangsituasie as opvoedingsituasie is reeds omvattender in punt 2.3.2 bespreek.

#### 3.2.6.1 Die terugkeer na omgang

Na die voltrekking van die opvoedingsbemoeienis moet na omgang teruggekeer word sodat die opvoedeling geleentheid kan kry om die bemoeienis met hom te verwerk en die resultaat van die bemoeienis met hom te implementeer (De Vries, 1978:51). Die opvoedingsituasie verander blykbaar in 'n omgangsituasie wanneer die opvoedeling die intensie wat strydig is met die opvoedingsdoel staak en die opvoedeling doen wat van hom verwag word (Gielen & Strasser, 1969:55). 'n Mens sou dus die afleiding kon maak dat 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die opvoedeling voort gaan om te doen wat strydig is met die opvoedingsdoel en teenstrydig handel met wat van hom verwag word.

De Vries (1978:51) meld dat dit ook in die omgang is waar die opvoedeling die geleentheid kry om aan die opvoeders te toon dat hy positief (of negatief in geval van 'n problematiese opvoedingsituasie) antwoord op die bemoeienis wat met hom gemaak is.

#### 3.2.6.2 Periodieke verlating

Met periodieke verlating word 'n besondere soort skeiding bedoel. Wanneer die opvoedeling hom aan die teenwoordigheid van sy opvoeders onttrek om met ander mense te verkeer of as hy huiswerk of ander pligte verrig en nie noodwendig in omgangsverhoudinge met opvoeders verkeer nie, staan die gebeure as 'n verlating van die opvoedingsituasie bekend (Landman et al., 1977:30; De Vries 1978:51).

De Wet (1981:10) stel dit treffend as hy sê dat goeie opvoeding uit 'n hou-vas-en-laat-los-optrede bestaan. Volwasse-word,

beskawingsmondig-word beteken vir die kind 'n reis van ongeveer 20 jaar weg van sy ouers waarin hy steeds meer vryheid en verantwoordelikheid ontvang, maar waarin hy ook leer om selfstandig te wees. Die opvoedeling kry in hierdie fase die geleentheid om die bemoeienis met hom te verwerk (De Vries, 1978:52). Die opvoeders het 'n besondere verantwoordelikheid om nie die opvoedeling te vinnig los te laat met verantwoordelikhede wat hy nie geleer het om te dra nie. Ontsporing van die opvoedeling met die gevolglike konstruering van 'n problematiese opvoedingsituasie kan plaasvind (De Wet et al., 1981:10)

Ontoereikende periodieke verlating van die opvoedingsituasie bied derhalwe 'n gulde geleentheid vir 'n problematiese opvoedingsituasie om te gedy (Van Niekerk, 1976:176). In 'n problematiese opvoedingsituasie kry die opvoeding dalk te min geleentheid om sy verantwoordelikheid ook onder die oë van sy opvoeders uit te beoefen. Die opvoedeling word dalk te veel dopgehou en te min vertrou. Die opvoeders het dalk te min vertroue in hulle eie opvoedingshandelinge. Die kind word met ander woorde te min vryheid-tot-verantwoordelikheid gegun (Van Niekerk, 1976:176).

### 3.2.6.2.1 Die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie eksploreer ontoereikend

Ontoereikende periodieke verlating van die opvoedingsituasie kan daartoe lei dat die problematies opvoedingesitueerde opvoedeling ontoereikend eksploreer (ondersoek), emansipeer (verantwoordelik vry en selfstandig word), distansieer (los maak), differensieer (onderskei) en objektiveer (objektief beoordeel) (Van Niekerk, 1976:125-138; Anon., 1982:56, 58 70, 71, 249).

Die opvoedeling wil psigies onafhanklik van sy ouers wees, dit wil sê hy wil emosioneel so onafhanklik word dat hy nie meer hoef te steun op die oordele en gevoelens van sy opvoeders nie (De Wet et al., 1981:11). Verwaarloosde vertrouensopvoeding is labiliserend en rem die opvoedeling se verkennende, ondersoekende of, anders gestel,

eksplorasie-ingesteldheid (Van Niekerk, 1976:125). 'n Labiele affektiewe niemandsland skep die klimaat vir problematies opvoedingsituerende gevoelens en belewinge van angs, onveiligheid, ongeborgenheid, bedreigdheid, onsekerheid, onbeholpenheid, afhanklikheid, eensaamheid, minderwaardigheid en 'n algemene basiese lewensonsekerheid (Pretorius, 1972:51).

Die belewing van onveiligheid rem die opvoedeling se ingesteldheid om 'n vreemde en onveilige leefwêreld te verken of te eksploreer. Enige ontoereikende opvoedingshandelinge en opvoedingsgebeure lei tot angs en 'n onwilligheid om te eksploreer (Van Niekerk, 1976:126).

Toereikende opvoeding geskied wanneer die kind sy eie kennis en sy eie taal, wat onafhanklik word van dié van sy ouers ontwikkel. Hierin speel die skool 'n groot rol. In die formeel-operasionele denkstadium het sy denke reeds so 'n mate van onafhanklikheid bereik dat hy selfs afstand van homself kan neem en óór homself kan dink (De Wet et al., 1981:11). Die onsekere en minderwaardige problematies opvoedingsgesitueerde opvoedeling is kommunikasie-beangs en sy opvoedingsdialoog is uit die aard van die saak 'n dialoog met tekorte wat die opvoedeling se verkennende en eksplorerende ingesteldheid rem (Van Niekerk, 1976:127). Daar kan dus gesê word dat die beangsde en onsekere problematies opvoedingsgesitueerde opvoedeling nie sy leefwêreld deur gesprekke en die vra van vrae verken nie.

Die onsekere opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie se aktiwiteite kan beperkend wees, want hy sal noodwendig sy ervaringsveld onderaktualiseer omdat hy nie toereikend inisiatief neem om die vreemde te ondersoek, te eksploreer en te begryp nie (Van Niekerk, 1976:128).

Die opvoedeling met 'n swak waagingesteldheid se wilsopvoeding is ook verwaarloos en dit dwarsboom die opvoedeling se inisiatief in velerlei opsigte (Pretorius, 1972:51).

Die problematies opvoedingsgesitueerde kind wat onseker is, wat nie deel is van 'n stabiele opvoedingsmilieu nie, word in baie opsigte gerem: Hy

kan as 'n inisiatief van verhoudinge gedwing word in 'n onsekere afwagtende houding; hy wil aanvaar word maar voel verworpe; hy wil iets werd voel, maar hy voel minderwaardig; hy soek stabiliteit, maar hy belewe labiliteit; hy wil begryp word, maar hy beleef homself onbegrepe; hy soek na steun om sy moontlikhede te aktualiseer, maar hy word uit sy moontlikhede gedwing; hy wil gesag aanvaar maar, hy belewe gesagloosheid. (Pretorius, 1972:51).

Die kind word liggaamlik na geboorte relatief selfstandig maar verwerf met ouerwording nog meer selfstandigheid in die sin dat hy minder van sy ouers se versorging van sy liggaam afhanklik is (De Wet et al., 1981:11). Liggaamlikheid wat verwaarloos word, soos wat dit in baie problematiese opvoedingsituasies gebeur, laat die problematies opvoedingsgesitueerde sy liggaam ervaar en beleef as 'n struikelblok, wat weer affektiewe nood, onveiligheid, ongeborgenheid teweeg kan bring. Die gestremde opvoedeling kan in besonder op hierdie vlak gekonfronteer word (Van Niekerk, 1976:129).

Waar enige gebeure die kind problematies opvoedingsitueer, word hy gevoelsmatig gelabiliseer, byvoorbeeld deur 'n verlies aan selfvertroue, gevoelens van aggressiwitiet of opstandigheid, onsekerheid en so meer, beteken dit ook vir die opvoedeling 'n onwilligheid om sy leefwêreld te verken en te eksploreer (Van Niekerk, 1976:129).

#### 3.2.6.2.2 Die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie emansipeer ontoereikend

In 'n stabiel geordende opvoedingsituasie leer die opvoedeling om selfstandig in sy juridiese en etiese oordele te wees. Hy word ook geleer wat mooi is en wat nie mooi is nie: Sy estetiese oordele ontwikkel. Aanvanklik identifiseer die opvoedeling met die ouers se norme en waardes. Met ouerwording ontwikkel sy gewete en leer hy wat reg en verkeerd binne 'n bepaalde kultuur- en geloofsopset is. Aanvanklik word die kind se gedrag gereguleer deur die ouers; reg of verkeerd sentreer

om hulle wette. Later tree hy onafhanklik op en aanvaar norme op grond van sy eie geloofsoortuiginge (De Wet et al., 1981:11).

Waar die kind in 'n problematiese opvoedingsituasie nie genoegsame vryheid gegun word om "**onder sy ouers se oë uit te kom**" nie, kry hy nie genoegsaam geleentheid om sy ontdekte eties-juridiese oordele te "**oefen**" nie (Van Niekerk, 1976:131). Die ouers wat heeldag wil opvoed, kan die kind verhinder om toereikende verantwoordelike vryheid te ervaar en te belewe (Van Niekerk, 1976:131; Gunter, 1977:163). Dit is vryheid tot diensbaarheid aan God en die naaste (Van der Walt & Dekker, 1982-83:277-278), ware vryheid in gehoorsaamheid (Gunter, 1977:162).

Dit is dus noodsaaklik dat die opvoedeling hom periodiek onttrek deur byvoorbeeld self met sy huiswerk besig te wees, by sy maats te gaan speel ensovoorts. Ouers se prestasiedruk, oorbeskerming, outoritêre opvoeding, en 'n gebrek aan voldoende uitdaging aan die kind skep die teelaarde vir 'n problematiese opvoedingsituasie, omdat die kind onvoldoende in staat gestel word om hom buite die primêre opvoedingsituasie te ontdek (Van Niekerk, 1976:132). Die kind kry nie genoegsaam geleentheid om te besef hy is medewerker aan sy volwassewording nie (Van Niekerk 1976:130), die mens is immers 'n aktiewe deelnemer aan die leer- (De Wet et al., :16) en opvoedingsgebeure.

Die problematies opvoedingsgesitueerde kind verneem (in terme van ervaar en beleef) soms te geredelik dat hy verkeerd handel, faal, en eintlik nie kan slaag nie. Die kind se selfbeeld is vir hom vaag en negatief en hy beleef hom as 'n minderwaardige (Van Niekerk, 1976:131).

Ouers wat dus nalaat om die kind doelbewus te lei en te steun ten aansien van sy verantwoordelike selfstandigwording, of, anders gestel, emansipering (Van Niekerk, 1976:133), loop die risiko dat daar 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan. Die kind moet die vryheid hê om binne beperkende gesagsgrense sy eie besondere weg na "**volwassenheid**" te kies. Hy moet nie 'n willose outomaat of 'n rebel teen dwang wees nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:177).

**3.2.6.2.3 Die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie distansieer hom ontoereikend**

Waar die ouer die kind afhanklik en onselfstandig hou, kan die kind hom nie "**los maak**" of distansieer nie (De Wet et al., 1981:10). Labiel beleefde vertroue van die opvoedeling rem gestabiliseerde affektiewe "**losmaking**" of distansiëring (Van Niekerk, 1976:135). Die problematies opvoedingsgesitueerde opvoedeling se onveiligheidservaring en -belewing, impliseer die oneffektiewe ontplooiing van sy psigiese lewe, sodat die opvoedeling hom nie toereikend kan distansieer nie (Van Niekerk, 1976:135). Opvoeding moet so ver moontlik spanningsvry verloop, sodat die opvoeder - deur sy doelgerigte vermyding van onnodige emosionele spanning - sy bydrae kan lewer tot die bestendige gevoelsewewig in die gemoedslewe van die opvoedeling, sodat die opvoedeling daartoe uitgelei kan word dat hy ook voelend tot God se eer kan leef (Schoeman, 1979:197). Mens sou ook kon sê dat die opvoedeling wat verankerd is in God hom kan distansieer tot selfstandigheid.

Die onveilige en onsekere kind waag dinge slegs met angs en weinig gemoedsrus. Samevattend kan gesê word: die problematies opvoedingsgesitueerde ken, wil, verbeel (Schoeman, 1979:197), ervaar en gedra hom ontoereikend omdat hy homself nie toereikend kan "**losmaak**" of distansieer van die opvoeders in die primêre opvoedingsituasie nie (Van Niekerk, 1976:135).

**3.2.6.2.4 Die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie differensieer ontoereikend**

Die opvoedeling in'n problematiese opvoedingsituasie is traag ten aansien van die differensiëring van sy onderskeie moontlikhede. Waar die kind se verstandsopvoeding verwaarloos word, byvoorbeeld in die geval van 'n ontoereikende beantwoording van sy vrae deur die opvoeders, word die kind se onderskeidingsvaardigheid noodwendig vertraag of bly dit

onontslote (van Niekerk, 1976:136). Waar leiding en onderrig ontbreek, kan verstands- en normatiewe opvoeding nie gedy nie, die kind word trouens die geleentheid ontsê om sy persoonsmoontlikheid te differensieer en sy onderskeidingsvermoë te "**oefen**" (Van Niekerk, 1976:136).

God het die mens immers so geskape dat hy leermoontlikhede het (De Wet et al., 1981:15). Die ontwikkeling van die opvoedeling se logies-analitiese vermoë is van besondere belang, aangesien dit die mondigwordende in staat stel om op logiese wyse te dink en te handel, dit wil sê te differensieer (Schoeman, 1979:200).

Indien byvoorbeeld die ontwikkeling van die opvoedeling se logies-analitiese vermoë in die opvoedingsituasie versaak sou word deur die nie-beantwoording of ontoereikende beantwoording van sy vrae word 'n gepreformeerde veld vir 'n problematiese opvoedingsituasie geskep.

Al is die mens deur die sonde beperk in sy leermoontlikhede, bly hy deur die geloof in Christus nog 'n koninkrykswese. As verbondskind word hy geroep tot diens aan God en sy koninkryk. Hiervoor is bepaalde kennis nodig wat die opvoedeling moet leer (De Wet et al., 1981:15).

#### 3.2.6.2.5 Die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie objektiveer ontoereikend

As die kind nie genoegsame vryheid ervaar en beleef om hom telkens ook los te maak van homself, van sy medemens en die dinge nie, ten einde homself, sy ouers en die lewensinhoude van 'n "**afstand**" af te kan betrag nie, kan hy nie toereikend ken, wil, beleef en ervaar nie (Van Niekerk, 1976:137).

Opvoeders wat nie toereikend onderrig, voorsê, en voordoen nie, kan nie die kind genoegsaam steun tot 'n objektiewe stellingsname nie. Die kind wat nie gelei word om bepaalde take self te doen nie, sekere dinge self te sê nie, om self te dink, self te oordeel, self te ontdek nie, bly subjektief daarby betrokke (Van Niekerk, 1976:137). Daar moet immers


denkharmonie of denkbalans in die denke wees (Schoeman, 1979:201) om te kan objektiveer.

Die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie wat verwerp, oorbeskerm of oorbevra word, sal in alle waarskynlikheid gevoelsmatig gerem word deur die ervaring en belewing van angs, spanning en onveiligheid. Toereikende objektivering is dan sekerlik nie moontlik nie (Van Niekerk, 1976:138). 'n Stabiele gevoelslewe bepaal die sterkte van die wil terwyl onbestendigheid (labiliteit) in die gevoelslewe die wil verswak (Sonnekus & Ferreira, 1979:49).

Waar die kind dus ontoereikend in sy opvoedingsgesitueerdheid begelei word, word hy gerem met betrekking tot 'n toereikende objektivering enersyds, maar andersyds dra die gebrekkige objektivering juis weer by tot verdere labilisering van die gevoelslewe (Van Niekerk, 1976:138). Hier is dus sprake van 'n sirkulêre dinamiek in die problematiese opvoedingsituasie waar die interafhanklike faktor "gevoelslewe" versteurend en belemmerend beïnvloed word (Pretorius, 1976:35).

Voorbeeld:

Diagram 3.3




(Ontleen aan: Pretorius, 1976:35)

Die kind wat geleentheid kry om te objektiveer kry geleentheid om verantwoordelikheid te beoefen en sy wêreld te beteken (Landman, 1972:34). Die geleentheid word ook geskep dat verbetering en verdieping

kan plaasvind sodat hy sy leefwêreld tot eer van God sal beteken (Van der Walt & Dekker, 1982-83:26).

## 3.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ses grondtrekke met ontologiese strekking bespreek, met die doel om daardeur skeefgetrokke/a-normatiewe handelinge wat problematiese opvoedingsituasies ten grondslag lê, te identifiseer. Hierdie grondtrekke is:

* Die ontiese status van opvoeding as handeling en verskynsel.

* Die lewensbeskoulike gestempeldheid van opvoeding.

* Opvoeding as handeling en gebeure.

* Opvoeding as 'n bewuste handeling.

* Die verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur van opvoeding.

* Die periodieke verskyning van die fenomeen opvoeding.

Die volgende hoofstuk word benut om aan die hand van vyf antropologiese grondtrekke van opvoeding die boustene van 'n problematiese opvoedingsituasie te identifiseer. Dié grondtrekke word soos volg onderskei:

* Opvoeding word altyd in die interaksie tussen mense aangetref.

* Opvoeding vind plaas as gevolg van sekere eienskappe van die opvoedeling.

* Die opvoeder word altyd aan die beeld wat hy uitstraal uitgeken.

* Opvoeding veronderstel altyd 'n vorm van asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling.

* Opvoeding vind altyd in 'n georganiseerde praktyk plaas.

# HOOFSTUK 4

# DIE ANTROPOLOGIESE GRONDTREKKE VAN OPVOEDING EN DIE MOONTLIKHEDE VIR DIE ONTSTAAN VAN 'N PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE

## 4.1 INLEIDING

Opvoeding is 'n ontiese feitlikheid (Van der Walt et al., 1983, 34-89). Die status van hierdie ontiese feitlikheid kan aangetas word deur a-normatiewe- en skeefgetrokke handelinge in opvoedingsituasies.

Die antropologiese grondtrekke van opvoeding word na die ontologiese grondtrekke behandel, omdat die antropologie op 'n werklikheidsbeskouing rus (Taljaard, 1976:28).

'n Problematiese opvoedingsituasie kan antropologies beslag kry indien die mens as opvoedeling en opvoeder se aard, wese, oorsprong, bestemmming en roeping deur a-normatiewe handelinge en vooronderstellinge skeefgetrek word. Dit hou die implikasie in dat hierdie a-normatiewe en skeefgetrokke grondtrekke gesoek en geïdentifiseer moet word ter wille van perspektief met die oog op regstellende opvoeding.

Ter wille van die navorsing word daar vyf antropologiese grondtrekke geïdentifiseer (vgl. 3.3) en geanaliseer alhoewel opvoeding as handeling en verskynsel nie 'n gefragmenteerde ontisiteit is nie. **"Menswees"** as iemand-wees wat hom tot opvoeding leen en wat in verhoudinge lewe, kan op verskeie wyses gekwalifiseer word (Heyns, 1974:151; Van der Walt et al., 1983:97, 180). Die mens as geskapene moet egter steeds vanuit die perspektief van sy eenheid en totaliteit beskou word (Van der Walt et al., 1983:180), omdat sy persoonlikheid 'n vervlegte totaalstruktuur vertoon (Strauss, 1969:308).

## 4.2 OPVOEDING WORD ALTYD TUSSEN MENSE, NOUKEURIGER GESê, IN DIE INTERAKSIE TUSSEN MENSE AANGETREF

### 4.2.1 'n Prinsipiële beskouing van die aantasting van die mens in die problematiese opvoedingsituasie

Opvoeding word voltrek tussen mense en mense alleen, die mens is 'n wese wat opvoed, opgevoed word, op opvoeding aangewese is en hom tot opvoeding leen (Oberholzer, 1968:26; Pistorius, 1974:55; Stander & Sonnekus, 1967:5, Schoeman, 1975:96; Van Loggerenberg & Jooste, 1966:27; Landman et al., 1974:97).

Dié interaktiewe handeling vereis ten minste twee mense wat in tyd en ruimte, dit wil sê situatief, sintuiglik met mekaar in aanraking kom (Van der Walt & Dekker, 1982-83:120).

Indien die mens se skeppingstatus afgeplat en skeefgetrek sou word tot dié van 'n hoogs ontwikkelde dier met die besondere vermoëns om toertjies uit te haal (Wilds & Lottich, 1970:3), lei dit tot miskenning van die fundamentele en radikale verskil tussen mens en dier, wat die mens beroof van sy beeldskap van God (Van Wyk, 1979:30).

Hierdie berowing van die Goddelike skeppingstatus het ingrypende konsekwensies vir die opvoedeling in die opvoedingsituasie, want die opvoedingsituasie word so van sy mees fundamentele grondtrek beroof, naamlik dat opvoeding altyd in die interaksie tussen mense plaasvind. Trouens hierdie beroofde grondtrek beteken by implikasie dat daar nie meer 'n opvoedingsituasie bestaan nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:123; De Vries, 1978:43).

Opvoeding is ten eerste 'n uitsluitlike antropologiese verskynsel (Oberholzer, 1968:14); mens-wees het nie deur ewolusie geword wat dit is nie (Oberholzer, 1968:33), maar is gegee deur God (Van der Walt & Dekker, 1982-83:119).

Beroofde beeldskap het 'n verdere implikasie ten aansien van die interaktiewe handelinge tussen mense. 'n Verskraalde, verarmde, skeefgetrokke mens se handelinge is noodwendig a-normatief en skeefgetrokke in sy verhouding (interaksie) met ander mense. In 'n verskraalde, a-normatiewe problematiese opvoedingsituasie sal steungewende (Landman et al., 1979:1) konstruktiewe bemoeienis tot selfstandigheid (Gunter, 1977:10) en algemeen kontrolerende en rigtingewende beïnvloeding (Landman et al., 1977:26) nie toereikend kan plaasvind nie. Die opvoeder sal ook nie die opvoedeling sinvol tegemoet kan tree in sy soeke na 'n bepaalde opvoedingsdoel nie (De Vries, 1978:43).

### 4.2.2 Die aantasting van die mens se status as verhoudingswese in die opvoedingsituasie

As 'n "**iemand**" en 'n "**ek**" lewe die mens nie in volkome isolasie nie. As mens-wees beteken om as iemand te lewe, dan beteken mens-wees ewe fundamenteel om in verhoudinge te lewe (Heyns, 1974:79). Indien die opvoedingsbehoeftige dus fisies of psigies in 'n lugleë ruimte geïsoleer sou word, is hierdie ruimte prinsipieel 'n problematiese opvoedingsituasie (Heyns, 1974:79).

'n Verhouding, ook 'n opvoedingsverhouding, is 'n abstrakte begrip wat as sodanig nie bestaan nie. As 'n abstrakte begrip moet dit met inhoud gevul word (Heyns, 1974:79). Indien hierdie inhoud a-normatief of gebrekkig sou wees, beskik 'n opvoedingsverhouding oor al die potensiaal om problematies te wees. Verder benodig 'n opvoedings-verhouding minstens twee steunpunte: iemand staan met iemand of iets anders in 'n verhouding (opvoeder en opvoedeling) (Heyns 1974:79; Van der Walt & Dekker, 1982-83:120). Wanneer die "**verbande**" wat hierdie steunpunte aan mekaar heg swak of skeefgetrokke sou wees, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

### 4.2.3 'n Prinsipiële beskouing van a-normatiewe hantering van verhoudinge in 'n opvoedingsituasie

#### 4.2.3.1 'n A-normatiewe verhouding van die mens tot sy Struktuurgewer

Die mens staan in hierdie wêreld in vier verhoudinge, naamlik 'n verhouding tot God, sy medemens, die wêreld en homself. Dit is in die eerste plek juis kennis van die Skepper wat deurslaggewend is in die verskaffing van besondere insig van die skepsel, in hierdie geval die mens (Van der Walt & Dekker, 1982-83:77).

Dit is van besondere betekenis vir die Christen dat hy in sy diepste wese slegs geken kan word vanuit sy verhouding tot God: die mens is 'n skepsel van God, geskape na sy beeld en as heerser deur God oor hierdie wêreld aangestel sodat hy as medewerker van God hierdie skeppingswerk kan verwerklik. Deur die sondeval het die mens egter verdorwe geraak en sy werke sleg. In Christus is hy weer in genade herstel (Van der Walt & Dekker, 1982-83:78).

Omdat opvoeding in wese omhoogleiding is, is dit die taak van die Christen-opvoeder om die mensehart (waaruit sy lewensuitgange is) in 'n anastatiese "rig-ting" aan die Ware Lewenswortel, God te herbind (Schoeman, 1979:98-99). Indien hierdie herbinding van die opvoedeling se hart apostaties, weg van God, sou wees, kan 'n problematiese opvoedingsituasie vir die Christen-opvoeder ontstaan.

#### 4.2.3.2 A-normatiewe en skeefgetrokke intermenslike verhoudinge

Die Skrif gee in geen onduidelike taal deur dat mens-wees 'n versorgende en 'n sorg-draende verhouding met die medemens impliseer (Van der Walt & Dekker, 1982-83:112). In Gal. 3 en 4 val die woorde van Paulus aan die ouers duidelik op: Ouers moet hulle kinders met tug en vermaning grootmaak. Hierdie tug en vermaning staan duidelik onder leiding van die liefde: "Jy mag nie wraakgierig en haatdraend teenoor die kinders

van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here" (Lev. 19:18). Hierdie is nie bloot 'n bepaling nie maar 'n beheerste bepaling (Helberg, 1983(a):3), ook met betrekking tot die opvoedingsituasie.

God stippel ook verder baie duidelik uit hoe die verhouding verder teenoor Hom en ons naaste moet wees: "Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is, en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God" (Miga 6:8).

God gebied dat die mens sy naaste moet liefhê soos homself (Matt. 22:39); dat mense hartlik teenoor mekaar moet wees met broederlike liefde (Rom. 12:10); dat mense jeens hulle naaste geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en alle vriendelikheid moet bewys (Ef. 4:2; Gal. 6:1, 2). Die omgang tussen ouers en kinders word gevolglik gekenmerk deur 'n intimiteit en vertroulikheid, omdat dit onder leiding van die liefde staan (Hoffman, 1978:74).

Waar liefde, tug, vermaning, hartlikheid, geduld, vrede, sagmoedigheid en barmhartigheid in intermenslike verhoudinge ontbreek, is hier dus sprake van elemente wat die onderbou kan vorm vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

A-normatiewe/skeefgetrokke verhoudinge kan dien as basis vir 'n problematiese opvoedingsituasie. God sê self dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie en skep dan vir Hom 'n hulp om by hom te pas (Gen. 2:18; 2:22-24) om hom by te staan en tot hulp te wees. Indien hierdie hulp, man of vrou, as ouers ongeborge, onseker, onveilig as onvolwaardige hulpbehoewende "**volwassenes**" die opvoeding van hulle kinders moet behartig, vorm hulle reeds in die kiem elemente van 'n problematiese opvoedingsituasie, want die huweliksverhouding is een van die belangrikste verhoudinge in die gesin "It takes primacy over all others, including parent-child relationship" (Campell, 1982:19). Die kwaliteit van die ouer-kind-verbondenheid en die kind se geborgenheid hang in besonder af van die kwaliteit van die huweliksverhouding (Campell, 1982:19).

Sonder die basis van onvoorwaardelike liefde (I Kor. 13:4-7) is dit onmoontlik om die kind se gedraginge (Cambell, 1982:29), en in besonder sy gedragsremminge in die problematiese opvoedingsituasie te begryp, want alle kinders het 'n sterk hunkering na die liefdevolle versorging en omgang met hulle ouers, wat 'n simpatieke begrip moet hê vir hul probleme (Hoffman, 1978:78). In 'n antisiperende sin sou 'n problematiese opvoedingsituasie hom vergestalt indien die ouer in verhouding tot sy kind by hom verby sou lewe (ignoreer), vanuit sy veronderstelde meerdere posisie, na hom toe af sou lewe ('n tiran sou wees of van die kind 'n slaaf sou maak) of na hom toe op sou lewe (die kind as 't ware vergoddelik) (Heyns, 1974:92, 93).

Slegs wanneer die naaste (in hierdie geval die kind) nie geïgnoreer, vergoddelik, maar ook nie tot slaaf of die opvoeder self tot tiran gemaak word nie, is 'n egte ontmoeting en 'n lewe saam met God moontlik (Heyns, 1974:93).

Die opvoeder moet dus die opvoedeling kan verstaan en begrip teenoor hom toon. Dikwels het ouers hulle eie begrip van 'n kind, en word hulle eise en verwagtinge hierop afgestem. Hulle siening is dié van 'n geïdealiseerde, normale kind, en hulle eie moeilik opvoedbare kind pas allermins by hierdie beeld. Dit maak die ouer pedagogies en affektief onseker wat die kind betref. Op sy beurt belewe die kind weer onsekerheid, asook die gevoel dat hy 'n onbegrepe kind is. Ontbreking van egte begrip lei daartoe dat onvervulbare eise aan die kind gestel word. Dit ontmoedig, frustreer en verwar hom, en gee aanleiding tot skuldgevoelens, konflik en ontsporing (Pretorius, 1976:20). Waar die kind dus nie deur sy opvoeders "**reg**" begryp word nie, word hulle vir hom verteenwoordigers van onveiligheid (Van Niekerk, 1976:123).

In alle verhoudinge tussen opvoeders en opvoedelinge moet die opvoedingsbehoeftige vertroue ervaar. As die opvoedeling dus in sy omgang met die opvoeder nie hierdie stabiele vertroue belewe en ervaar nie, is ontmoeting in die opvoedingsituasie nie moontlik nie. Indien hierdie opvoedingsontmoeting dus op 'n labiele grondslag berus, stel die

opvoedeling hom nie genoegsaam oop vir die aanvaarding van gesag en norme nie (Van Niekerk, 1976:121). 'n Vertrouenskonflik laat die opvoedeling so onveilig en onseker voel dat hy nie wil waag nie. Belangrike aspekte hier is liefde-beloning, liefdevolle versorging, belangstelling, beskerming, simpatie, sosialiteit, stabiele gevoelsmatige bindinge, gemoedsrus, begrip, wedersydse vertroue; die opvoedeling moet voel dat hy welkom is by sy opvoeders en dat hy daar hoort. By ontoereikende verwerkliking van hierdie verhouding word die opvoedeling getraumatiseer (psigies gewond) deur gebrek aan liefde en sorg (Pretorius, 1976:19).

In enige opvoedingsverhouding speel gesag 'n uiters belangrike rol (Gunter, 1977:38). Opvoeding sonder gesag is ondenkbaar, want sonder die teenwoordigheid van gesag in een of ander vorm kan daar geen sprake van 'n opvoedingsituasie wees nie en kan opvoeding nie plaasvind nie (Van der Walt et al., 1980:31). Die kind het behoefte aan konsekwente simpatieke gesagsleiding. Hierdie gesagsleiding moet stabiel wees en nie labiel of inkonsekwent nie. Sodanige gesagsleiding gee die kind veral normatiewe sekerheid, vastheid en geborgenheid. Hierdie verhouding impliseer die stel van grense, eise, verbiedinge, norme, waardes, asook dissiplinering, roetinering, reëlmaat en vaste leiding (Pretorius, 1976:20). Wie hierdie skeppingsmatige kwaliteite misken en afrigting, dressering en kondisionering, tipies van dierlike gedrag, in die plek van bogenoemde wil plaas, ontken en negeer die skeppingsmatige andersheid tussen mens en dier (Van der Walt & Dekker, 1982-83:123). Dit is ook belangrik om daarop te let dat Vedder (1978:182) opvoedingsverwaarlosing, as aspek van die problematiese opvoedingsituasie, terug voer na gesagverwaarlosing en affektiewe relasie verwaarlosing (Vedder, 1978:169).

> **"Wie in zijn jeugd geen normen heeft geleerd, zal zich er later niet aan kunnen houden"**(Vedder 1978:182).

Daar kan dus gesê word dat die kind se opvoedingsgesitueerdheid problematies is as daar voortdurende onsimpatieke, liefdelose, diktatoriale

gesag beoefen word, of wanneer gesagsuitoefening eintlik afwesig is (Van Niekerk, 1976:124).

Samevattend kan daar dus gesê word dat die wortelverhouding waarin die mens staan, naamlik dié tot God, deur die sonde aangetas is, daarom is ook alle ander verhoudinge waarin die mens se lewe afspeel, deur sonde besmet (Heyns, 1974:131). Juis hierin lê die kiem van 'n problematiese opvoedingsituasie wat vergestalt word deur die ondoeltreffende skepping van 'n toereikende opvoedingsmilieu: waar liefdevolle gesagsleiding ontbreek (Van der Walt et al., 1983:152); waar ondoeltreffende kommunikasie plaasvind; waar daar nie balans bestaan tussen vryheid, verantwoordelikheid, pligsbesef, erkenning en respektering nie (Hoffman 1978:74-75; Gunter, 1977:41); waar geborgenheid ontbreek (Van der Walt et al., 1983:152).

'n Problematiese opvoedingsituasie kan ook ontstaan indien die mens se verhouding tot homself skeefgetrek word deur opvoedingsfoute. Opvoedingsfoute soos verwaarlosing (Van Zyl & Van der Walt, 1978:25), verwenning, oorbeskerming, oorstrengheid, onstabiliteit, doodkorrigering en neurotisering kan die opvoedeling se selfbeeld skeef trek (Pretorius, 1976:40-47). 'n Mens se selfbeeld word tog beskryf as 'n spieëlbeeld wat hoofsaaklik bepaal word deur die rol wat 'n mens in opvoedingsituasies vertolk, die verhouding waarin 'n mens staan en van wat die mens glo van wat ander mense aan hom terug voer oor homself (Hurlock, 1978:525). Die emosioneel ontwrigte opvoedeling met 'n swak selfkonsep kan nie sinvolle selfvervulling in die opvoedingsituasie vind nie (Hallahan & Kauffman, 1982:169). Die problematiesopvoedingsgesitueerde met 'n swak selfkonsep openbaar in baie gevalle die volgende kenmerke:

- Hy besit geen of min vertroue in sy eie vermoëns.

- Hy glo hy sal misluk voordat hy met 'n taak begin.

- Hy voel verneder deur sy mislukkings.

- Hy is voortdurend gepreokkupeer met sy swakhede.

- Hy verwag om deur ander verwerp te word.

- Hy vertoon 'n lae selfagting en selfaanvaarding.

- Sy angspeil is baie hoog.

- Sy liggaamsbeeld is swak.

- As gevolg van hierdie eienskappe is die persoon geneig om eensaam te wees (Jacobs & Vrey, 1982:43; Hallahan & Kauffman, 1982:150).

Prinsipieel kan 'n problematiese opvoedingsituasie vir die Skrifmatige opvoeder en opvoedeling ontstaan, indien die mens as sondaar vanuit homself sy plek as mens wil aanvaar, deur nie onder God te wil staan nie, en sy naaste nie te dien nie (Heyns, 1974:132). Die mens wat grensloos hoogmoedig is en wat sy gawes uitsluitlik in diens van homself gebruik: sy eie eer, aansien en verryking, is besig met a-normatiewe selfontplooiing, nie ter wille van die eer van God nie, maar ter wille van homself (Heyns, 1974:132; Waterink, 1977:44).

Die mens wat in gebreke sou bly en 'n swak selfbeeld sou ontwikkel as gevolg van die negering van sy roeping om homself toe te rus tot selfontplooiing in diens van God en sy naaste, kan ook in problematiese opvoedingsituasies beland (Heyns, 1974:132). Laasgenoemde is dus prinsipieel besig om aan 'n swak selfkonsep te bou.

## 4.3 OPVOEDING VIND PLAAS AS GEVOLG VAN SEKERE EIENSKAPPE VAN DIE OPVOEDELING

### 4.3.1 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan as gevolg van ontbrekende of skeefgetrokke eienskappe van opvoeder en opvoedeling

#### 4.3.1.1 Die onvoltooidheid van die mens as oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie

Die moontlikheid van opvoeding is geleë in die betreklik "**onvoltooidheid**" van die mens, want 'n wese wat "**klaar**" of "**voltooid**" die wêreld betree, sal nie opvoedbaar wees of 'n behoefte aan opvoeding toon nie (De Vries, 1978:81). Die teelaarde vir 'n problematiese opvoedingsituasie is juis geleë in die feit dat 'n mens in 'n ope wêreld as 'n onvoltooide subjek maklik kan verdwaal, verkeerd gaan, afdwaal van die norm of misluk (Gunter, 1977:83). Wanneer die mens as opvoedeling verdwaal, afdwaal of misluk, beland hy juis in problematiese situasies wat problematiese opvoedingsituasies kan insluit. Prinsipieel verdwaal, misluk en dwaal die mens af van die norm vanweë die sonde as produk van sy eie handelinge (Heyns, 1974:138).

Die onvoltooidheid van die opvoedeling, wat ook die kind insluit, maak hom fundamenteel afhanklik, hulpbehoewend en steunsoekend (Van der Walt & Dekker, 1982-83:145). 'n Skrifmatige perspektief oor die onvoltooidheid van die opvoedeling is dus nodig.

Die kind (opvoedeling) waarmee die opvoeder in die opvoeding te doen het, is 'n skepsel van God, geskape na die beeld en gelykenis van God en deur Jesus Christus ook kind van God (Coetzee, 1973:223-224). Elke mens is by geboorte volledig geskape en is in elke opsig mens maar hy is nie "**klaar**" of "**voltooi**" soos wat hy behoort te wees nie (Gunter, 1977:80), want die groei, ontwikkeling en wording van die mens is 'n langsame en aaneenlopende proses (Coetzee, 1973:225). In die normatiewe skeefgroei van die opvoedeling is egter onwegredeneerbare elemente vir die problematiese opvoedingsituasie aanwesig.

Die sin-karakter van die werklikheid en die Skriftuurlike religieuse grondmotief verskaf 'n besondere gewigtige perspektief in verband met die moontlikheid van opvoeding. Opvoeding is slegs in die geval van die mens moontlik en wel omdat slegs die mens beeld van die Skepper is (Schoeman, 1979:102). Die mens is juis vanweë sy geskapenheid met besondere gawes toebedeel, en as 'n onklaar, onvoltooide subjek beskik hy oor 'n veelheid van potensiaal (Gunter, 1977:73; De Vries, 1979:81). Die mens is egter geen god nie maar slegs beeld van God. Hy is beeld van niemand minder as God self nie. Dit maak hom 'n uitnemende skepsel.

As sodanig is hy wonderlik toegerus vir sowel sy taak om die skepping te ontsluit as om omhooggelei te word (Schoeman, 1979:102).

Die mens moet egter deeglik rekening hou met die werklikheid van die sonde. Die sonde maak van hom 'n gevalle skepsel van God, 'n verduisterde beeld van God, 'n ongehoorsame verlore kind, voor God skuldig aan die oortreding van al sy gebooie. Met dié sondestaat van die mens moet die opvoeding deeglik rekening hou (Coetzee, 1973:224) want 'n basiselement van problematiese opvoedingsituasies lê in die sonde opgesluit. Byvoorbeeld, ouers wat vanweë die sonde van God afvallig geword het en hulle lewensuitgange in die afval rig, dit wil sê apostaties rig, is verantwoordelik vir die apostatiese en a-normatiewe groei van hulle kinders.Sulke ouers sal instrumenteel wees in die skepping van apostatiese, a-normatiewe opvoedingsituasies waarin die kind of opvoedeling se hart nie teruggebind word aan die ware God van die Skrif nie, maar aan die antitese (Schoeman, 1979:100).

Maar al is die mens in sonde geval, bly daar tog deur die genade van God iets in sy natuur oor wat 'n afskaduwing is van die volkome, heilige natuur wat hy by sy skepping ontvang het (Coetzee, 1973:224). Deur die verlossings- en herskeppingsgenade van God in sy Seun Jesus Christus bly die mens selfs na die sondeval in Adam opvoedbaar (Schoeman, 1979:102-103). Hierdie opvoedbaarheid dien ook as **"ankerpunt"** en **"kragpunt"** om uit problematiese opvoedingsituasies uit te kom, want deur dié genade van God in en deur Jesus Christus kan die opvoedeling deur opvoedingsbemoeienis na Bo, dit wil sê na God gelei word (Schoeman, 1979:103).

#### 4.3.1.2 Onvervulde opvoedingsbehoeftes by die opvoedeling as oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie

In pedagogiese sin het die kind as opvoedeling in sy algehele afhanklikheid, onselfstandigheid en hulpeloosheid 'n eis om hulp en leiding wat opvoeding noodsaaklik maak (De Vries, 1978:82). Self weet

die kind van hierdie behoefte van hom niks en kan hom nie rasioneel daarvan rekenskap gee nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:145).

As 'n onselfstandige en dus afhanklike subjek het dié opvoedeling intuïtief behoefte aan gesag, goedkeuring, bemoediging, eerbied, vertroue en liefde (Gunter, 1977:75). Al is die kind as opvoedeling nie rasioneel bewus van hierdie behoeftes nie, kan die ontbering van bogenoemde behoeftes die steunbehoewendheid vergroot en hom potensieel voorberei as 'n kandidaat vir 'n problematiese opvoedingsituasie, want die kind kan nie geborgenheid beleef sonder 'n steungewende volwassene nie (Landman et al., 1977:100). Anders gestel kan gesê word dat die kind behoefte aan ondersteuning het en daarna hunker:

* Hy het 'n behoefte aan volwassenes

* Hiérdie behoefte word vergestalt deur:

  - Die vra na 'n staanplek;

  - die vra na 'n veilige ruimte;

  - die vra na 'n woning waarin en van waaruit hy kan lewe en gemoedsrus kan ervaar.

Kinderlike opvoedingsbehoefte verdwyn slegs waar 'n veilige ruimte aanwesig is (Landman & Gous, 1969:61). Daar kan dus alternatiewelik gesê word dat indien hierdie veilige ruimte ontbreek, kan 'n opvoedingsnoodsituasie (Pretorius, 1976:15) of 'n problematiese opvoedingsituasie met 'n ongunstig gesitueerde kind ontstaan (Pretorius, 1980:267).

'n Belangrike kenmerk van 'n opvoedingsituasie is die opvoeder se bereidheid om steun te verleen aan die steunbehoewende kind (Pretorius, 1974:84), en wedersydse vertroue tussen die steungewende opvoeder en die steunbehoewende opvoedeling is 'n noodsaaklikheid vir aanvaarding

in 'n opvoedingsituasie (Landman et al., 1977:101). Indien aanvaarding en die bereidheid om steun te verleen sou ontbreek, kan die grondslag vir 'n problematiese opvoedingsituasie gelê word, want die opvoedeling se steunbehoewendheid is so groot dat gesê kan word: wie 'n baie jong kind aan homself oorlaat, spreek opvoedkundig gesproke 'n "**doodvonnis**" oor hom uit; en wie 'n kind op watter stadium ook al nie die nodige opvoedingsteun verleen nie, belemmer of verhinder selfs sy volwassewording" (Pistorius, 1974:85), en is dus instrumenteel ten aansien van 'n problematiese opvoedingsituasie.

Die pedagogies-ongesonde gesin/ primêre problematiese opvoedingsituasie het in uiterste gevalle sy opvoedingsverantwoordelikheid prysgegee (Pistorius, 1980:268), want die opvoeders verskaf as primêre opvoeders nie meer die verlangde steun en hulp nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:145). Die gesin word hier uitgesonder, omdat die gesin die primêre, natuurlike opvoedingsinstelling is, en as sodanig die grondslag van alle ware opvoeding lê (Hoffman, 1978:74).

By die pedagogies-ongesonde gesin bestaan daar 'n vorm van uitsigloosheid. In só 'n problematiese opvoedingsituasie is die vader byvoorbeeld in baie gevalle afwesig, dié onstabiele lid van die groep. Dikwels is so 'n vader 'n oninspirerende en ongeïnspireerde werker. Ouers kan ook dikwels intellektueel swak begaafd wees, sonder of met beperkte skoolopleiding wat daartoe kan lei dat die gesinsinkomste onoordeelkundig bestee word (Pistorius, 1980:269).

Die opvoedeling is vir sy biotiese behoeftes van sy medemense afhanklik (Van der Walt & Dekker, 1982-83:145). In die primêre opvoedingsituasie beteken "**medemense**" ouers. Ouers as opvoeders moet begryp dat biotiese en liggaamlike versorging nie die enigste verpligting is nie, maar vorming van die gewete, gesindheid en motivering is ewe noodsaaklik (Pistorius, 1980:269). Trouens, indien biotiese versorging as primêre "**opvoedingstaak**" beskou sou word, kan 'n normatief verkraalde, arm, problematiese opvoedingsituasie ontstaan omdat grootwording nie natuurwetmatig bepaal word nie, maar op die

personaal-normatief-aktstrukturele vlak lê (Van der Walt & Dekker, 1982-83:145).

Die opvoedeling het behoefte aan konsekwente simpatieke gesagsleiding (Pretorius, 1976:20). Dit beteken by implikasie dat die opvoeder beklee is met 'n gesagskleed wat hy moet dra (De Vries, 1978:97). Indien daar dus gesagsgehoorsaamheid by die opvoeder ontbreek, kan hy nie 'n gesagsgeleier wees om aan die gesagsbehoefte van die opvoedeling te voldoen nie en so vorm hy dan 'n bousteen vir 'n problematiese opvoedingsituasie. Die opvoeder kan in so 'n geval nie as 'n brug dien tussen die onselfstandige wêreld van die opvoedeling en die selfstandige wêreld van die volwassene nie (De Vries, 1978:89).

#### 4.3.1.3 Skynbare volwassenheid as eienskap van 'n problematiese opvoedingsituasie

Die wese van opvoeding moet gesoek word in die verhouding mondigheid (beskawingsvolwassenheid) (Claassen, 1974:73) - onmondigheid (beskawingsonvolwassenheid). Mondigheid of beskawingsvolwassenheid stempel die opvoedingsgebeure by uitnemendheid as normatiewe gebeure (Schoeman, 1979:85-89). Sonder die normatiewe is daar dus geen sprake van opvoeding nie, want volwassenheid staan in direkte verband met die normatiewe (Landman & Gous, 1969:62).

Indien die wese van opvoeding egter bloot gesoek word in die verhouding volwassenheid - onvolwassenheid, ontstaan die probleem dat opvoeding by bereiking van "**volwassenheid**" (&plm. 18de of 19de lewensjaar) afgeloop sal wees, en word dit problematies om te bepaal hoe daar in problematiese opvoedingsituasies met on-opgevoede, wan-opgevoede, beskawingsonmondige, of anders gestel normatief onmondige volwasse persone begeleidingswerk gedoen sal kan word (Schoeman, 1979:89). Die noodsaaklikheid vir begeleiding van 'n wan-opgevoede, gebrekkig-opgevoede, normatiewe onmondige volwasse "**opvoedeling**" spruit voort uit die feit dat die mens prinsipieel in hierdie tydelike

bedeling gebuk gaan onder die las van die sonde (Schoeman, 1979:89), wat 'n primêre oorsaak is vir die problematiese opvoedingsituasie.

Hiérdié "**skynbare**" volwassene of begeleidingsbehoeftige, onvolledig toegeruste "**opvoedeling**", wat hom veelal in problematiese opvoedingsituasies openbaar, se onvolledige toegerustheid skep ruimte en noodsaaklikheid vir opvoeding (Pistorius, 1974:85) in sy ruimer sin (Van der Walt, 1981:1616).

Die volwassene wat nie oor die verantwoordelikheid en toerusting beskik om 'n onselfstandige, liggaamlik en geestelik afhanklike kind na selfstandigheid te lei nie, kan nie op die benaming "**opvoeder**" aanspraak maak nie (De Vries, 1978:87). Sulke volwassenes is in baie gevalle die "**opvoeders**" in problematiese opvoedingsituasies.

Konkluderend kan daar dus gesê word dat problematiese opvoedingsituasies kan ontstaan as daar op personale vlak opvoedingsmisgissings en mislukkings voorkom (Van der Walt & Dekker, 1982-83:146), as daar sekere eienskappe by die opvoeder sowel as by die opvoedeling ontbreek en daar apostatiese ontsluiting plaasvind (Schoeman, 1979:101).

## 4.4 DIE OPVOEDER WORD ALTYD AAN DIE BEELD WAT HY UITSTRAAL UITGEKEN

### 4.4.1 Oriënterend

Dit is moeilik om te sê of iemand deur sy invloed, omgang en gedrag besig is om op te voed (Langeveld, 1959:28). Dit is egter ewe waar dat iemand deur sy optrede 'n bepaalde beeld opbou (Langeveld, 1959:25). Die beeld bemerk 'n mens ook in die segswyse dat iemand in 'n bepaalde maatskaplike of kulturele milieu opgevoed is (Van der Walt & Dekker, 1982-83:143).

Opvoeding word dus nie slegs aan die struktuurelemente daarvan uitgeken nie, want stelsels of strukture bestaan nie ter wille van die strukture self nie, maar ter wille van die mens (Helberg, 1983(a):3). Opvoeding behoort ook uitgeken te word aan dit (die beeld) wat van 'n bepaalde opvoeder of in 'n bepaalde milieu-van-opvoeding uitgaan en die lewenstaak inhou waartoe die opvoeder die opvoedeling bekwaam wil maak (Van der Walt & Dekker, 1982-83:143).

Die opvoeder se handelinge (wat ook sy voorbeeld insluit) wat die volwassewording van die kind bevorder, staan bekend as opvoeding (Landman et al., 1977:25). Opvoeders se handelinge kan ook misluk of skeefgetrokke wees, en 'n reeks mislukkings kan lei tot 'n beweging na problematiese opvoedingsituasies, weg van beskawingsvolwassenheid; dan is daar nie sprake van opvoeding nie, maar van neer-haling (Landman et al., 1977:25). Neer-haling deur woord en voorbeeld is dan ook een van die vernaamste destruktiewe handelinge in 'n problematiese opvoedingsituasie. Uit die voorafgaande spreek dit vanself dat opvoeders as volwassenes (Pistorius, 1974:55; Schoeman, 1975:96; Coetzee, 1973:66; Van Loggerenberg & Jooste, 1966:27; Landman & Kilian, 1973:3; Landman et al., 1974:97), beter gestel beskawingsvolwassenes (Claassen, 1974:76), steungewers (Stander & Sonnekus, 1967:5), ouers, onderwysers, lerare en predikante (Coetzee, 1973:66; Van Loggerenberg & Jooste, 1966:27; Schoeman, 1975:96) die beeld wat hulle uitstraal in ag sal moet neem.

Die voorbeeld wat die opvoeder uitstraal, kan ook nie-intensionele, opvoeding (Olivier, 1982:2) of informele, onopsetlike, insidentele opvoeding genoem word (Coetzee, 1973:70). Nie-intensionele opvoeding is egter nie doelloos nie, want die norm van wat reg en verkeerd is, word voorgeleef en nie voorgesê nie (Olivier, 1982:2; De Vries, 1978:93). So sien die opvoedeling in die voorbeeld van die opvoeder 'n aanvaarbare of nie-aanvaarbare norm vir sy lewens- en wêreldbeskouwing (Olivier, 1982:2). Wanneer die opvoedeling dus sou afwyk van 'n beskawingsvolwasse norm wat deur die opvoeder voorgeleef word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan wat opvoedelike ingrype en bemoeienis vereis (Olivier, 1982:2).

### 4.4.2 'n Prinsipiële beskouing oor die skeefgetrokke, a-normatiewe beeld wat 'n opvoeder in die problematiese opvoedingsituasie kan uitstraal

Indien Christelike ouers van 'n Christelike kind binne gesinsverband as primêre opvoedingsituasie, die oorspronklike opdrag van die mens (as profeet, priester en koning) nie met verantwoordelikheid deur voorbeeld en voorlewing uitvoer nie, kan die grondslae van 'n problematiese opvoedingsituasie gelê word. Deur gebrekkige voorlewing in genoemde verband kan die opvoedeling in die problematiese opvoedingsituasie nie sy roeping vervul om die aarde te bewaar, te bewerk en te beheers nie (Van der Walt et al., 1983:110).

Die mens het deur sy sondeval in Adam van God vervreem geraak. Daardeur is die beeld van God wel nie vernietig nie maar gruwelik verdorwe (Duvenage, 1978:91). Hierdie verdorwe natuur van die mens is fundamenteel die oorsaak dat die opvoeder nie altyd dié beeld van God uitstraal in 'n opvoedingsituasie nie en derhalwe van 'n opvoedingsituasie 'n problematiese opvoedingsituasie kan maak deur dié beeld wat hy uitstraal.

#### 4.4.2.1 Skewe "religieuse beeld" van die opvoeder

Die beeld wat die opvoeder in die problematiese opvoedingsituasie uitstraal, kan lei tot bestemmingsverongelukking (Heyns, 1974:129). Met 'n a-normatiewe skeefgetrokke beeld kan die opvoeder nie die opvoedeling as **"afvallige"** beskawingsbehoeftige terugbind aan sy religieuse wortel, die God van die Skrifte, nie (Van der Walt, Dekker, 1982-83:79). Die Skrifmatige opvoeder moet instrumenteel wees ook in sy voorbeeld in die omhoogleiding van die opvoedeling na God (Schoeman, 1979:99); Van Wyk, 1974(c):2).

### 4.4.2.2 A-normatiewe binding van die hart van die opvoedeling deur skewe voorlewing

Die opvoeder wat in sy voorlewing nie sou toon dat hy in die diepste wortel of radix van sy selfheid, sy persoonlikheid deur die ware oorsprong gegryp is nie (Schoeman, 1979:21; Taljaard 1976:169), sou nie die opvoedeling in 'n problematiese opvoedingsituasie se hart as persoonskern van sy vermoëns, funksies en bestaanswyses (Hoffman, 1978:19; Van der Walt & Dekker, 1982-83:8) anastaties aan die Ware Lewenswortel, God kan herbind nie (Schoeman, 1979:98-99). 'n Anastaties gerigte hart kan dus vir die Christen prinsipieel 'n problematiese opvoedingsgesitueerde hart word.

### 4.4.2.3 'n Skeefgetrokke voorlewing van die individualiteitsbeeld van die opvoeder

Indien die opvoeder die beeld van 'n "**algemene**" of 'n "**deursnee**" mens sou uitstraal (Van Wyk, 1974(b):4), kan hy 'n skewe beeld van die mens se individualiteitstruktuur gee (Van der Walt & Dekker, 1982-83:80). As unieke mens kan die mens byvoorbeeld nie van sy geslagtelikheid losgemaak word nie (Gen. 1:27). Indien die opvoeder in die beeld wat hy uitstraal hierdie eienskap van mens-wees negeer, kan hy aan 'n problematiese opvoedingsituasie beslag gee, omdat hy die mens se uniekheid in sy geslagtelikheid skeeftrek (Heyns, 1974:159). Die opvoeder wat verder in die beeld wat hy voorleef die individualiteitstruktuur tot individualisme sou skeeftrek, kan problematies opvoedingsituerend wees omdat die liefdesnorm in dié situasie a-normatief vergestalt word, omdat liefde teenoor God en die naaste 'n minderwaardige plek inneem teenoor die liefde vir die self (Van der Walt et al., 1983:173).


### 4.4.2.4 A-normatiewe voorlewing van die opvoeder

Die "**opvoeder**" wat in die beeld wat hy uitstraal sy normatiewe akt- of handelingstruktuur sou afplat of verdierlik, sou beslis deur sy voorbeeld

problematiese opvoedingsituasies kan veroorsaak en 'n waardekrisis (Pistorius, 1980:197) teweegbring. Gedegradeerde seksualiteit as blote biotiese drang soos verbeeld deur mense in onder andere sensasiemedia, misken die geestelike en blywende liefdeselement van hierdie vermoë van die mens (Pistorius, 1980:198). Die aktlewe van die mens (4) gee leiding aan die benede-strukture van mens-wees (1, 2 en 3) (vgl. diagram).

Diagram 4.1

DIE AKTSTRUKTUUR EN SY „INGEBEDHEID" IN DIE ANDER DRIE SUBSTRUKTURE VAN DIE MENSLIKE BESTAANSWYSE IN DIE TYD (cf. Troost A.: *Praxeologie*)




1. FISIES-CHEMIESE LIGGAAMSTRUKTUUR
2. VEGETATIEF-BIOTESE LIGGAAMSTRUKTUUR
3. PSIGIESE LIGGAAMSTRUKTUUR
4. AKTSTRUKTUUR
5. EK (PERSOONLIKHEIDSKERN; PERSOONSENTRUM)

(ontleen aan Schoeman, 1979:165)

Al die substrukture van die benedestrukture (1, 2 en 3) staan die aktstruktuur ten dienste, en op sy beurt staan die aktstruktuur onder die "hoogste" modaliteit daarvan, naamlik die pistiese of geloofsfunksie. Die aktlewe van die mens maak sy ganse benedestruktuur tipies menslik. Dit bring mee dat die mens se biotiese behoeftes (soos sy sekslewe)

kwalitatief anders is as die van die dier, gebonde aan norme (Van Wyk, 1974(c):3; Van der Walt & Dekker, 1982-83:81-82; Schoeman, 1979:152).

Die aktlewe of handelingslewe van die mens funksioneer veral in drie rigtings: ken, verbeel en wil. Ten aansien van die beeld wat die opvoeder uitstraal, moet hy dit in ag neem, om te voorkom dat sy voorlewing nie a-normatief is nie.

**Ken:** Deur sy kenlewe (waarby al nege die funksies van sy artstruktuur betrokke is) kan die mens weet hoe 'n bepaalde stand van sake is. Prinsipieel moet die mens altyd in gedagte hou dat hy in sy kenne begrens is. Sou hy dit uit die oog verloor, kan hy homself in problematiese opvoedingsituasies dompel (Van der Walt et al., 1983:212).

Die opvoeder moet in gedagte hou dat om te luister na wat God se Woordopenbaring sê aangaande kennis, is voorwetenskaplike regulatiewe kennis in opvoedingsituasies (Van der Walt et al., 1983:212). Die opvoeder wat dink hy is al-kennend of alwetend, is reeds in 'n problematiese opvoedingsituasie, prinsipieel gesproke. Die mens, ook opvoeder, is in sy kennis van God afhanklik, omdat sy kennis aangaande dit wat aan hom in alle situasies, ook opvoedingsituasies, geopenbaar word skeef of a-normatief vertolk kan word omdat sy hart as persoonskern tot die apostatiese en sonde geneig is (Taljaard, 1976:252-253). Die opvoeder bly egter geroepe om deur God se genade die opvoedeling in woord en voorbeeld tot maksimale ontplooiing van sy kennis te lei (Van Wyk, 1979:12).

Problematiese opvoedingsituasies kan in die praktyk beslag kry indien die opvoeder kennis tot norm verhef, onder andere:

- Deur bloot vir die opvoedeling sin te soek in die tydelike werklikheid wat deur sonde besmet is (Sonnekus & Ferreira,

1979:58). Handelinge moet gelei en afgespits word op die sin en betekenis wat deur die lig van die Goddelike openbaring daargestel word (Van Wyk, 1974(a):1).

- Deur nie die opvoedeling se kenne te help struktureer deur middel van analisering, skematisering, ordening, interpretasie en sintesering nie (Sonnekus & Ferreira, 1979:58).

**Verbeel:** Deur sy verbeeldingslewe is die mens in staat om 'n bepaalde stand van sake te wysig of aan te pas (Van Wyk, 1974(c):3; Van der Walt & Dekker, 1982-83:82). Verbeel kan ook beskryf word as intuïtief ken wat vóórbegripsmatig kan wees, wat reeds die aanvangsmomente bied vir begripsmatige (kognitiewe) kenne (Sonnekus & Ferreira, 1979:58). Problematiese opvoedingsituasies kan dus ontstaan indien die opvoeder in gebreke sou bly om die opvoedeling se verbeeldingslewe konstruktief te lei tot klaarheid, begrip en insig (Sonnekus & Ferreira, 1979:58).

**Wil:** Kenmoontlikhede word deur die wil medebepaal en wil word onder andere deur die gevoelslewe gedra. Wil is dinamies, beslissend en doelstellend van aard (Sonnekus & Ferreira, 1979:49).

Prinsipieel veronderstel wil, vryheid. Menslike vryheid en 'n vrye wil is dus betreklik. Die menslike wil is nie absoluut vry nie; dit is ondergeskik aan die wilsbesluit van God. Heerskappy oor natuur en in skepping van kultuur bestaan in gehoorsaamheid aan Gods bevel en volgens sy ordonnansies. Menslike vryheidsverwesenliking is roepingsvervulling. Los gesien van roeping is vryheid en normlose eiewilligheid bandeloosheid (Van Wyk, 1979:13). Indien die opvoeder en opvoedeling nie sy wilslewe gebruik om sy handel en wandel

volgens norme in te rig nie, kan problematiese opvoedingsituasies ontstaan (Van Wyk, 1974(c):3) want wil is rigtinggewend en koersaanduidend (Sonnekus & Ferreira, 1979:49). Die opvoeder wat nie die opvoedeling in sy handel en wandel lei sodat hy normatief weet hoe en wat om te wil nie, kan instrumenteel wees in die ontstaan van a-normatiewe wilsbesluite van die opvoedeling (De Wet & Van Zyl, 1974:26-27).

#### 4.4.2.5 A-normatiewe voorlewing van die tydse faset

Die bestaan van alle dinge is deur temporaliteit, tydsheid bepaal (Van der Walt & Dekker, 1982-83:59). Opvoeding as 'n dinamiese handeling of gebeure vind binne die tydse faset van die werklikheid plaas. Daar kan dus gesê word: waar gebeurtenis is, is tyd en waar tyd is, is gebeurtenis (Stoker, 1970:351). Die mens is ook temporeel, tyds. As skepsel is hy onderworpe aan tyd. Die tydsheid openbaar die mens in alle modaliteite (Van Wyk, 1974(c):4). Die opvoeder kan egter 'n problematiese opvoedingsituasie veroorsaak indien hy 'n eksistensialistiese tydskonsep sou hê. Die mens is wel tyds en onderworpe aan die tyd, maar hy is nie tydelik nie - hy het na **"liggaam en siel"** 'n ewigheidsbestemming (Van Wyk, 1974(c):4). Die opvoeder sou problematies opvoedingsituerend optree as hy in die beeld wat hy uitstraal 'n beeld van hier en nou (**carpe diem**) sou uitstraal en hy bloot vir die oomblik sou leef (Van Wyk, 1979:93).

#### 4.4.2.6 'n Skrifmatige perspektief op die beeld van die opvoeder

Ten slotte verval die Christen nie vanweë die sonde in vertwyfeling, wanhoop, skuld en uitsigloosheid nie (Van Wyk, 1979:97). Die Christen as begenadigde het hoop op die verlossende genade van Jesus Christus.

Deur die genade van God in Jesus Christus in die vernuwing van die Heilige Gees word die mens van die mag van die sonde verlos (Van der Walt et al., 1983:116). Die doel van hierdie wedergeboorte is dat

Christus die mens na die beeld van God hervorm (Duvenage, 1978:91), sodat ook die "**opvoeder**" nie meer 'n skewe of verdorwe beeld hoef uit te straal in 'n problematiese opvoedingsituasie nie.

Dit spreek dus duidelik dat al is die beeld en gelykenis van die mens verduister, is hy deur die genade van God opvoedbaar. Daar is nog soveel gawes van hoof, hart en hand oor (Van der Walt et al., 1983:119) dat deur die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees van God die "**ombuig**" (regbuig) van die "**verwilderde loot**" in die problematiese opvoedingsituasie weer moontlik en gewaarborg is (Van der Walt et al., 1983:120).

Vir die Christen-opvoeder en opvoedkundige is die opvoeding van die Verbondskind Goddelike opdrag (Van der Walt et al., 1983:121), en deur opvoeding moet die **Beeld** van God in die mens as sy beeld groei en ontwikkel deur al die mens se bedrywighede (Van der Walt, et al., 1980:28), sodat deur ons godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word (H.K., Sondag 32; Matt.5:13-16; Gal. 5:16, 22; II Kor. 3:2).

#### 4.4.3 'n Skewe beeld van die opvoeder deur a-normatiewe voorlewing

Gebrekkige voorlewing van waardes en norme binne die gesin, gemeenskap/samelewing bied die teelaarde vir problematiese opvoedingsituasies (Olivier, 1982:7). Woorde wek, maar voorbeelde trek (Schutte & Scholtz, s.a.:28).

In die opvoeder se voorlewing van norme teenoor meerderes en minderes sien die opvoedeling die voorbeeld van goeie en swak verhoudinge (Olivier, 1982:7). Deur in menseverhoudinge onverskillig deur voorbeeld by die naaste verby te leef asof daar geen verhouding bestaan nie, is 'n dwaling en bied 'n basis vir 'n problematiese opvoedingsituasie. Die mens se lewe saam met sy naaste is bestem om 'n weerspieëling te wees van sy lewe saam met God (Heyns, 1974:92-93).

Van al die lewensituasies waarin mense te staan kom, is die invloed van die gesinsituasie die diepste en blywendste (Pistorius, 1980:53), want binne die gesin ervaar en beleef die opvoedeling liefde, respek, geborgenheid, gesag, begrip en vertroue. In 'n problematiese opvoedingsituasie word in baie gevalle haat, konflik, rusie, spanning, liefdeloosheid, destruktiewe gesag en onverantwoordelikheid voorgeleef (Olivier, 1982:4). Problematiese opvoedingsituasies is in baie gevalle die produk van a-normatiewe voorlewing met neweprodukte soos verbrokkelde verhoudinge tussen ouers, 'n onewewigtige gespanne atmosfeer, affektief verwaarloosde kinders, onveiligheid, frustrasie, introversie en inkennigheid (Duvenage, 1982:257).

Die opvoeder wat aan allerlei geestesversteurings ly of self met gedurige ernstige persoonlikheidsprobleme te kampe het, kan nie veiligheid, geborgenheid, vrymoedigheid en emosionele stabiliteit voorleef nie (Meyer, 1979:106, 113). Die opvoeder (wat ook die onderwyser insluit) moet deur sy lewe en werk nie net in die huis of klaskamer nie maar ook daarbuite 'n waardige en navolgenswaardige voorbeeld stel (Maree, 1982:201).

In 'n hoogsontwikkelde en vertegnologieseerde samelewing, met onder andere die televisie, word in baie gevalle drogbeelde van volwassenheid geskep wat waarskynlik daartoe meewerk dat die verdwyning van die ware volwassenheidsbeeld een van die belangrikste kenmerke van ons tyd is (Pistorius, 1980:74). Die misbruik van gewoontevormende middels soos slaap-, sus-, kalmeermiddels en sterk drank tree die afgelope tyd sterk op die voorgrond as oorsaak van problematiese opvoedingsituasies. Die vraag ontstaan of ouerlike voorlewing en advertensies nie ook vir die opvoedeling 'n voorbeeld stel nie (Olivier, 1982:8).

In 'n wêreld waarin ongebondenheid en wetteloosheid hoogty vier, is die voorlewing van die beginsels van gesag en vryheid een van die moeilikste take (Duvenage, 1982:258) en bied by uitnemendheid die geleentheid vir die ontstaan van problematiese opvoedingsituasies. Minagting en verwerping van gesag stel aan die opvoedeling 'n a-normatiewe voorbeeld (Olivier, 1982:11). Gesagsonverantwoordelike **"opvoeders"** kweek

gesagsverwerpende opvoedelinge in problematiese opvoedingsituasies (Duvenage, 1982:258).

Hoewel die opvoeder en die opvoedeling albei verantwoordelik is vir die goeie gang van opvoeding, is dit veral die volwassene wat aanspreeklik is vir die problematiese opvoedingsgebeure wat tot problematiese opvoedingsituasies lei. Die opvoeder as veronderstelde beskawingsvolwassene (Claassen, 1974:76) se **"pligsversuim"** is veral daarin geleë dat hy nie sy opvoedingsverantwoordelikheid na behore deur woord en voorbeeld kan nakom nie (Van Niekerk, 1981:10).

Die opvoeder is immers 'n voorbeeld omdat hy die draer van die beeld van beskawingsvolwassenheid (Claassen, 1974:76) behoort te wees, want die opvoeder voed nie alleen op deur wat hy sê nie, maar ook deur wat hy is. Die opvoeder is sowel deur wat hy doen en sê as die manier waarop hy dinge doen en sê vir die opvoedeling 'n voorbeeld (of nie) ten aansien van 'n problematiese opvoedingsituasie (De Vries, 1978:93-94).

## 4.5 OPVOEDING VERONDERSTEL ALTYD 'N VORM VAN ASIMMETRIE TUSSEN OPVOEDER EN OPVOEDELING

### 4.5.1 Oriënterend

In 'n opvoedingsituasie is daar aan die een kant 'n volwasse, of beter gestel, 'n beskawingsvolwasse persoon, en aan die ander kant 'n onvolwasse of toerustingsbehoeftige. Dat die verhouding tussen die betrokkenes in hierdie situasie asimmetries of ongelyk is, spreek byna vanself (Van der Walt & Dekker, 1982-83:124).

Vergelykenderwyse vertoon hierdie asimmetrie die volgende eienskappe (Van der Walt & Dekker, 1982-83:124):

| Die een lid | Die ander lid |
|---|---|
| Ouer, grootmens, volwassene, beskawingsvolwassene | Kind, nie-grootmens, onvolwassene, beskawingsonvolwassene |
| - Selfstandig | - Besig om groot te word |
| - Mondig | - Op weg na volwassenheid |
| - Oordeelkundig | - Ontoerekeningsvatbaar |
| - Verantwoordelik | - Afhanklik |
| - Opvoedingsbevoeg | - Opvoedingsbehoeftig |

Om hierdie inherente ongelykheid of asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling op te hef is handeling nodig, en opvoeding as handeling is daarop gerig om hierdie asimmetrie uit te skakel (Van der Walt & Dekker, 1982-83:131). In die proses van uiskakeling van hierdie ongelykheid lê ook die kiem vir 'n problematiese opvoedingsituasie omdat daar in die opvoedingsproses soveel verkeerd kan gaan wat remmend of a-normatief kan inwerk op die oogmerk om 'n welaangepaste, aanpasbare, lewensblye, onbekommerde, ongefrustreerde, gelukkige, emosioneel-stabiele volwassene te help opvoed (Schoeman, 1979:194).

### 4.5.2 'n Gebrekkige kennis van opvoeding in die asimmetriese verhouding as oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie

Die opheffing van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling word gerem deur "**abnormaliteite**" en "**ongewone**" belewings-, ervarings-, wils-, ken- en gedragingsmatige verskynsels (Van Niekerk, 1976:139; Van der Walt, 1980(b):62). Die opvoedeling, en in besonder die problematies opvoedingsgesitueerde, kan nie alleen sy fisiese, psigiese en normatiewe lewe toereikend voltrek nie. Hy is aangewese op die hulp en steun van 'n beskawingsvolwasse opvoeder (Van Niekerk, 1976:105). Die opvoeder moet dus beskik oor kennis van homself en van die fisiese en psigiese lewe van die opvoedeling. Kennis van die emosionele (gevoels-) lewe van die opvoedeling is noodsaaklik in die opheffing van die asimmetrie in (problematiese) opvoedingsituasies. Suksesvolle omhoogleiding is

omvattend ingestel op sowel die verruiming van die psigiese as alle na-psigiese modaliteite (Schoeman, 1979:194). Die nie-ewewigtige integrering van die emosionele/gevoelslewe met die normatiewe kaders van die aktstruktuur kan prinsipieel tot 'n problematiese opvoedingsituasie lei omdat die opvoedeling in die asimmetriese verhouding nie sal weet hoe om sy gevoelslewe anastaties te wil rig nie (Schoeman,1979:197).

Die (problematies opvoedingsgesitueerde) opvoedeling is as kind nie 'n miniatuur-volwassene nie: hy verskil van die beskawingsvolwasse persoon ten aansien van sy emosionele (gevoels-) lewe wat uiteraard nog onontslote of skeefgetrek kan wees; hy stel in gans ander dinge belang; sy werklikheidservaring kan a-normatief en totaal anders wees, sy strewingslewe kan geskaad en ongevorm of skeefgevorm wees. Wie hierdie dinge by die (problematies opvoedingsgesitueerde) opvoedeling oor die hoof sien, hou nie rekening met die eise van opvoeding nie (Schoeman,1979:196). 'n Gebrekkige kennis van die asimmetrie van die problematiese opvoedingsituasie vanuit die perspektief van die psigo-opvoedkunde, psigopedagogiek (Sonnekus & Ferreira, 1979:30) remediërende opvoedkunde (Meyer, 1979:20-21), ortopedagogiek (Van Niekerk, 1976:59; Stander & Sonnekus, 1969:17), sosio-(orto-)-pedagogiek (Botha, 1977:16-18; Gresse, 1971:13-14) of, samevattend gestel, orto-opvoedkunde (Van der Walt, 1980(b):61-62), sal beperkend wees om die spanningstoestande wat daar in die asimmetriese verhouding in die problematiese opvoedingsituasie mag bestaan op te hef.

Die opvoeder wat betrokke is by die problematiese opvoedingsituasie wat homself sou afsluit van selfkennis, kennis van die opvoedeling en kennis van die wêreld waarin hulle leef, kan nie in die asimmetriese verhouding as 'n veiligheidswaarborg en bemiddelingsfiguur optree nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:127). So 'n problematiese opvoedingsituasie kan gekenmerk word deur gevoelsarmte en 'n onmag tot diepere gevoelsbindinge en ontoereikend gewetensvorming (Vedder, 1974:179).

Die mens is prinsipieel 'n relatiewe kenner (vgl. ook par. 4.4.2), onvolmaak en deur die sonde verduister. Dit beperk ook 'n volmaakte

visie op die opvoedeling in die (problematiese) opvoedingsituasie (Coetzee, 1973:98). Die vertrouensverhouding is 'n tegniese voorwaarde vir opvoeding en die opheffing van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling (Van der Walt & Dekker, 1982-83:126). Die vernietiging of skeeftrekking van die vertrouensverhouding lei tot'n vertrouenskonflik (Pretorius, 1976:19) en kan 'n verwronge asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling veroorsaak wat 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg kan hê.

Eers in die herstel van die beeld van God, deur die genade van God in Jesus Christus, verkry opvoeding sy werklike sin as handeling om die asimmetriese verhouding tussen byvoorbeeld opvoeder en problematies opvoedingsitueerde opvoedeling op te hef (Van der Walt & Dekker, 1982-83:126).

### 4.5.3 A-normatiewe gebeure of handelinge in die opheffing van die asimmetrie

#### 4.5.3.1 Skewe vorming, groei en ontwikkeling

Die opvoeder en samelewing wat kinders aan hulleself oorlaat sodat groei onder die vormende invloed van die omgewing sy vrye gang gaan, kan daar toe lei dat die opvoedeling as hulpbehoewende onmondige skeef groei en a-normatief gevorm word in die asimmetriese verhouding van 'n problematiese opvoedingsituasie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:32). Anders gestel, indien vorming, groei, ryping en beïnvloeding (Van Loggerenberg & Jooste, 1966:25) as opheffingselemente in die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling sy modelleringskarakter (Van de Walt & Dekker, 1982-83:27) deur negatiewe omgewingsinvloede op die wording of ontwikkeling van die opvoedeling sou verloor, of sou ontaard in a-normatiewe modellering na 'n ander beeld as die van die God van die Skrifte, kan 'n mens prinsipieel te kampe hê met 'n problematiese opvoedingsituasie. Indien die opvoeder in gebreke sou bly om die atmosfeer te skep waarin die kind se latente identiteit in vryheid kan groei en ontwikkel, kan hy die rem wees wat die asimmetriese opheffing

kortwiek en a-normatiewe groei en ontwikkeling stimuleer, wat noodwendig kan lei to problematiese opvoedingsituasies (Van der Walt & Dekker, 1982-83:125), gekenmerk deur identiteitskrisisse.

#### 4.5.3.2 A-normatiewe "wordingshulp"

Omdat niemand ooit volkome volwasse "**word**" nie (Pistorius, 1974:64), en omdat volwassewording gekenmerk word deur "**wordingshulp**" (Van Rensburg et al., 1979:178) of "**vorming**" deur 'n "**volwassene**" (Van der Walt et al., 1980:2), met die opvoedeling se "**wordingsaandeel**", (Sonnekus & Ferreira, 1979:181) kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan indien die "**wordingshulp**" en "**wordingsaandeel**" gerem word. "**Wordingshulp**" het immers verheffing en opheffing (Aufheben) (Brand & Leue, 1973:324) na wat "**behoort te wees**" in die oog (Van Rensburg et al., 1979:178). Dit verleen 'n normatiewe karakter aan wording. Vir die Christen is die kern van 'n potensiële problematiese opvoedingsituasie geleë in a-normatiewe horisontalisme in plaas van omhoogleiding, en neerhaling in plaas van opheffing van die opvoedeling, wat prinsipieel die ewigheidsbestemming en omhoogleiding na God kan vernietig (Schoeman, 1979:98; Van der Walt et al., 1979:98).

#### 4.5.3.3 Onewewigtige opvoedende onderwys

Problematiese opvoedingsituasies kan ontstaan indien opvoedende onderwys, in die opheffing van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling, onewewigtig "**kennisinhoude**" (onderwys) ten koste van "**karakterinhoude**" (opvoeding) sou oorbeklemtoon (Pistorius, 1974:71).

#### 4.5.3.4 Eensydige onderrig

Wanneer onderrig (Unterricht) (Brand & Leue, 1973:317) sy rigtende karakter verloor en sy verband met opvoeding in die opheffing van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling sou verloor, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan, omdat blote toespitsing op die intellektuele by vakonderrig die kennismanie anti-normatief kan verhef tot grondnoemer en dit verabsoluteer. Vir die Christen behoort

vakonderrig normgerig te geskied, en vir die Christen is die norme en waardes Christusgerig (Van der Walt & Dekker, 1982-83:36). Onderrig se verband met opvoeding lê opgesluit in normgerigtheid; by die Christen=/onderwyser, -opvoeder staan die onderrig van vakinhoude nie los van die beïnvloeding van die totale opvoedeling/leerling nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:36; Garbers, 1962:41).

#### 4.5.3.5 A-normatiewe opleiding

Indien die gedagte van beroepsopleiding (Mentz, 1982:266) in die skool en nie-formele onderwys oorbeklemtoon sou word en die uniekheid van die kind opgeoffer sou word vir die mannekragbehoeftes van 'n land (Afrikaner-Onderwyskongres, 1982:273), kan problematiese opvoedingsituasies ontstaan. Enige opleiding of spesialisasie moet rekening hou met alle fasette van die samelewing sodat eensydigheid vermy kan word in die opheffing van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling. Die mens moet volkome toegerus die lewe ingestuur word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:23).

#### 4.5.3.6 Gebrekkige leiding en begeleiding

Ambivalente binding in 'n opvoedingsituasie kan lei tot problematiese opvoedingsituasies. Die opvoeder wat in die opheffing van die asimmetrie die kind sou versmoor deur te veel binding, of sou verwaarloos deur gebrek aan binding, kan die weg baan vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:125).

Die problematies opvoedingsgesitueerde se lewensaktualisering, as faset van die opheffing van die asimmetrie het 'n historisiteit (Van Niekerk, 1976:140). Die kind as opvoedeling kan die ontsluiting van sy psigiese lewe en opheffing nie alleen toereikend voltrek nie. Hy is aangewese op die hulp en steun van 'n volwassene (Van Niekerk, 1976:105; Stander & Sonnekus, 1967:5; Landman & Jooste , 1966:27; Pistorius, 1974:55). Opvoeders (wo. ouers) is deel van die kind se historisiteit. Voorlopig is opvoeders die kind se hede, verlede en toekoms (Ter Horst, 1973:97). Indien die ouers dus hulle opvoedingstaak ignoreer of ontduik, het die

kind eintlik niks wat hom aan die verlede bind nie, geen herinnering, geen verhale, geen foto-album en geen mense nie (Ter Horst, 1973:79). Met 'n verduisterde toekoms en verlede is daar geen verwagtinge nie, geen aandenkinge, geen plan, geen taak wat in die toekoms wag nie (Ter Horst, 1973:39), Daar is trouens geen stutte in die opheffing van die asimmetrie nie en die feitlikhede getuig van opvoedingsverwaarlosing wat die kind se wording rem en wat veral beslag kry in problematiese opvoedingsituasies (Pretorius, 1972(a):50).

Die opvoeder wat dus in die leiding en begeleiding van die opvoedingsbehoeftige ter opheffing van die asimmetrie nie as 'n steungewer of hulpverlener getipeer (Kilian & Viljoen, 1974:2) kan word nie, kan instrumenteel wees in die ontstaan van 'n problematiese opvoedingsituasie. So 'n opvoeder versaak sy taak om sy naaste lief te hê en om dié se belange te behartig (Stoker, 1967:250-251). Onvoldoende leiding bied die teelaarde vir 'n problematiese opvoedingsituasie, want dit vorm die kern van onveiligheid. Die opvoedeling wat onveiligheid beleef en ervaar deur te min leiding en steun te ervaar, se selfstandigwording, as faset van die opheffing van asimmetrie, word benadeel. 'n Gebrek aan beleefde en ervaarde vertroue lei tot spanning tussen wat die kind is en wat hy behoort te word (Van Niekerk, 1976:141; Landman et al., 1977:18). Onvoldoende leiding impliseer onveiligheid (Ter Horst, 1973 :85). Die afleiding kan gemaak word dat die opvoedeling wat onveiligheid ervaar en beleef nie toereikend kan deelneem aan die opheffing van die asimmetrie nie. So kan voortdurende oorspanne toekomsverwagtinge van ouers, waaraan 'n kind nie kan voldoen nie, lei tot regressering en afsluiting van ervaarde en beleefde onveiligheid, wat beantwoord word met aggressie, wantroue en depressiewe gedrag (Van Niekerk, 1976:141), wat as boustene kan dien vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

Die leer- en opvoedingsmoeilike kind met opvoedingstekorte (Meyer, 1979:16; Stander & Sonnekus, 1967:14; Van Niekerk, 1981:35) wat nie toereikende hulpverlening in die oorbrugging van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling ontvang nie (Van der Walt et al., 1982-83:131), is 'n kandidaat vir 'n problematiese opvoedingsituasie.

Wanneer opvoeders in didaktiese verband in gebreke sou bly om die opvoedeling wat besondere leerprobleme openbaar, ten aansien van die opheffing van problematiese opvoedingsgebeure via heronderrig en leerversnelling te steun, dra hulle by tot die vertraging in die opheffing van die asimmetrie van hierdie betrokke problematiese opvoedingsituasie (Meyer, 1979:17; Van Niekerk, 1981:45; Van der Walt, 1980(b):62).

## 4.6 OPVOEDING VIND ALTYD IN 'N GEORGANISEERDE PRAKTYK PLAAS

### 4.6.1 Oriënterend

Opvoeding is Goddelik onties en antropologies gefundeer in die feit dat elke kind self iemand in eie reg wil wees, en omdat dit die geval is, het die kind behoefte aan leiding, begeleiding, vorming en toerusting (Van der Walt & Dekker, 1982-83:146) omdat hy oor die gawes van hoof, hart en hand beskik (De Vries 1987:80). As opvoedeling verraai hy sy behoefte aan hulp, omdat hy die wêreld as kind sowel liggaamlik as geestelik hulpbehoewend, onvolledig en afhanklik binnekom, en dat hy sonder die hulp en steun van 'n volwasse medemens nie 'n volwaardige volwasse mens kan word nie (De Vries, 1978:87). Vanweë sy Godbepaalde en verordineerde status as opvoeder gee die volwasse opvoeder antwoord op die roepe van die opvoedeling (Van der Walt & Dekker, 1982-83:146). Indien die opvoeder nie die roepe beantwoord nie, skep hy die geleentheid vir 'n problematiese opvoedingsituasie. 'n Onbeantwoorde roepe vorm dus in wese die basis vir 'n problematiese opvoedingsituasie met problematiese opvoedingsgebeure, want daar is eers sprake van opvoeding as die kind se roepe beantwoord word (Oberholzer, 1968:49). In die opvoedingsituasie kom die antwoord gewoonlik in die vorm van: 'n waarborg van veiligheid; noodleniging; die stigting van 'n vertrouensruimte; die verskaffing van 'n ruspunt (Oberholzer, 1968:48-49). Indien hierdie veiligheidswaarborg, noodleniging en vertrouensruimte sou ontbreek of ontaard, kan 'n problematiese opvoedingsituasie beslag kry.

Antwoordgewing kom gewoonlik voor in een of ander vorm van 'n georganiseerde praktyk van die samelewing, soos die ouerhuis, of die skool of gemeenskap (Van der Walt & Dekker, 1982-83:146).

**4.6.2 Die skeeftrekking van die normatiewe aktstruktuur van die gesinslede as moontlike fondament vir 'n problematiese opvoedingsituasie in 'n georganiseerde praktyk**

'n Ontleding van die opvoedingstaak van die ouers as opvoeders in die gesinsituasie, die primêre opvoedingsituasie, bring die volgende aan die lig: soos alle opvoeding, is oueropvoeding biologies gefundeer en gerig op die ontsluiting van die kinders se aktstruktuur (Van der Walt, 1983(c):25).

* Die geloofsaspek

Die ouers het 'n besondere taak ten aansien van die geloofsopvoeding van hulle kinders (Van der Walt & Dekker , 1982-83:93). Die Godsdienslewe van die kind behoort in die intiemste kommunikasie met sy ouers voltrek te word. Gebeur dit nie, word in godsdienstige sake die mees fundamentele band met die gesin verbreek en die natuurlike voedingsbron van die godsdiens verdor (Pretorius, 1979:57), wat 'n lugleegte laat waarin 'n problematiese opvoedingsituasie in kan gedy. 'n Problematiese opvoedingsituasie vind ook sy beslag indien die vader byvoorbeeld sy taak van profeet, priester en koning sou versaak deur in gebreke te bly om onder andere goedheid te betoon, sorg te dra, offers te bring, gesag, tug en dissipline uit te oefen en vryheid tot verantwoordelikheid toe te laat. Dit beteken fundamenteel dat ouers in sulke gevalle in gebreke bly om hulle kinders op te voed in die vrese van die Here (Van der Walt & Dekker , 1982-83:93; Hoffman, 1978:73).

* Die etiese aspek

Hierdie funksie is die leidende funksie in die gesinslewe. Die saambindende element van die gesin, die liefde, speel hier 'n kardinale rol (Schoeman, 1979:34; Van der Walt & Dekker, 1982-83:95; Hoffman, 1978:74). Die kind het 'n behoefte aan die liefdevolle versorgende gerigtheid van sy ouers wat in konkrete dade en op tasbare wyse tot uitdrukking kom, om psigies toereikend te kan ontplooi. Gebeur dit nie raak die psigiese lewe van die kind versteur, wat 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg kan hê (Pretorius, 1979:56). Binne die konteks van die etiese funksie kan 'n problematiese opvoedingsituasie ook sy beslag kry indien die getrouheidsfunksie en die gewenste opvoedingsverhoudinge nie tot uiting kom nie. Trouens, indien die ganse opvoedingshandeling van die ouers sy liefdeskarakter verloor, bestaan daar reeds 'n problematiese opvoedingsituasie in die kiem (Van der Walt & Dekker, 1982-83:73). Die gesin kan eties ook 'n problematiese opvoedingsituasie veroorsaak indien die ouers hulle primêre opvoedingstaak verwaarloos en van die onderwyser 'n "**plaasvervangende**" ouer maak, in die waan dat die skool en onderwyser primêre verantwoordelik is om die kind godsdienstig, kultureel en normatief toe te rus (Van der Walt & Dekker, 1982-83:98). Die gesin, as primêre opvoedingsituasie, word dan 'n problematiese opvoedingsituasie waar die kind bloot gevoed en geklee word, en daar net na sy fisiese behoeftes omgesien word.

* Die juridiese aspek

Die juridiese aspek kom onder andere tot openbaring in die tugbevoegdheid van die ouer (Van der Walt & Dekker, 1982-83:94). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan dus ontstaan indien ouerlike tug byvoorbeeld sy trekkende karakter (Van der Walt & Dekker 1982-83:291) onder leiding van die liefde (Van Wyk, 1972(b):348) verloor en die karakter van aanranding adem. 'n Problematiese opvoedingsituasie sou eweneens tot gestalte kom indien opvoedelinge hulle nie sou onderwerp aan die tug en gesag van hulle ouers nie (op voorwaarde dat hierdie gesag billik en regverdig is) (Van der Walt & Dekker, 1982-83:94). Die

juridiese aspek is egter meer as tug; dit omvat ook begeregtiging (Schoeman, 1979:32). Oordrewe **"gelyke"** begeregtiging (Schoeman, 1979:33) en **"kameraadskap"**, sogenaamde **"vrye opvoeding"**, oortoeskietlikheid, norm-arme dissipline of onsimpatieke en outokratiese optredes in teenstelling met Skrifmatig genormeerde gesagsverhoudinge kan as oorsaak van problematiese opvoedingsituasies beskou word (Pretorius, 1979:61).

* Die estetiese aspek

Ouerlike opvoeding se estetiese karakter blyk byvoorbeeld in gevalle waar liefde tussen ouers en kinders betoon word, en waar kinderlike ontsag vir ouerliefde betoon word (Van der Walt & Dekker, 1982-83:94), dit wil sê, waar die beginsel van ewewigtigheid heers (Schoeman, 1979:33). As hierdie liefdesverhouding versteur word, tree disharmonie in en verdwyn die bekoring van die huislike lewe (Van der Walt & Dekker, 1982-83:94), of, anders gestel: disharmonie vorm 'n vername bestanddeel vir die totstandkoming van 'n problematiese opvoedingsituasie.

* Die ekonomiese aspek

Die ekonomiese aspek van huislike opvoeding blyk onder andere uit die ouers se voorsiening in die stoflike behoeftes van die kinders. 'n Problematiese opvoedingsituasie kan egter ontstaan indien ouers hulle opvoedingstaak sou verwaarloos en dan daarvoor probeer vergoed deur kinders onder weelde toe te gooi en skuldgevoelens op die wyse 'n aflaatkarakter gee. So kan buitenshuise werk of belangstelling van die moeder lei tot die verwaarlosing van die kinders se opvoeding, wat noodwendig 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg kan hê (Van der Walt & Dekker, 1982-83:94).

* Die sosiale aspek

Die gesin is 'n gemeenskap of omgangsituasie waarin die kind onder andere die volgende leer: eerbied, samehorigheid, gemeenskaplikheid en tradisie. Dit is 'n voorbereiding vir die groter gemeenskap. Hier word

die grondwet van "**gee**" en "**neem**" prakties belewe (Pretorius, 1979:57). Indien die gesin nie oor die groeipotensiaal beskik om 'n "**gepreformeerde veld**" (Langeveld, 1959:30) vir die aanleer en inoefening van eerbied, gesag, ontsag, samehorigheid, intimiteit, vertroulikheid en gemeenskaplikheid te bied nie, bied so 'n gesin die teelaarde vir 'n problematiese opvoedingsituasie, of, anders gestel is so 'n gesin potensieel 'n "**gepreformeerde veld**" vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Pretorius 1979:57; Van der Walt & Dekker, 1982-83:94). In die onderlinge omgang in die gesinsituasie is aanvaarding 'n verwerklikingseis vir die sosiale aspek, en aanvaarding impliseer onvoorwaardelikheid (Botha, 1977:46). 'n Problematiese opvoedingsituasie word byvoorbaat voorberei indien 'n ouer vereistes en voorwaardes vir aanvaarding aan die kind stel soos byvoorbeeld skoolprestasies. So 'n ouer is reeds besig om die kind te vervreem omdat hy nie eg aanvaar word nie (Botha, 1977:46).

* Die linguale aspek

Indien die taal wat in 'n huisgesin gebesig word die karakter van skel en vloek sou dra, moet 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan, want nou kan daar nie gepraat word van opvoeding nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:94-95; Schoeman, 1979:206), maar van neer-haling (Landman et al., 1977:25). Kommunikasie in die opvoedingsituasie ontbreek dus. Sinvolle deelname aan opvoederlike omgang in die gesinsituasie is ook moeilik sonder gesprek, gebare of gesigsuitdrukkings te bedink.Die omgang tussen mense word gekenmerk deur die wisseling van gedagtes in taalvorm (Botha, 1977:42). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die kind deelname aan 'n gesprek misgun word deur 'n dwangmatige ingesteldheid dat hy gesien maar nie gehoor moet word nie (Botha, 1977:43).

* Die historiese aspek

Die ouer se opvoedingstaak is bioties gefundeer (Van der Walt, 1983(c):25), in 'n besondere samehang met die historiese funksie (Schoeman, 1979:202) van opvoeding in die algemeen. Die kind is

aanvanklik primêr op sy ouers vir sy voortbestaan aangewys, omdat hy in die eerste instansie sy idee van volwassenheid in die voorbeeld van sy ouers kry (Botha, 1977:41). Beter gestel: die kind is aanvanklik primêr afhanklik van sy ouers ter bevrediging van sy behoefte aan leiding, begeleiding, vorming en toerusting (Van der Walt & Dekker, 1982-83:146). Indien die kind se historisiteit sou getuig van byvoorbeeld verwaarlosing- en egskeidingsfaktore, en sy aangewesenheid en afhanklikheid sou in hierdie situasie nie positief erken word nie, ontstaan in wese 'n problematiese opvoedingsituasie (Botha, 1977:41). Die nie-positiewe erkenning van die kind se aangewesenheid op 'n beskawingsvolwassene en sy afhanklikheid van so 'n volwassene lei daartoe dat die opvoedeling na ander mense buite die primêre, of, anders gestel, problematiese- opvoedingsituasie, gaan soek met wie hy wel verhoudinge kan stig (Botha, 1977:41). Die gesinsituasie as primêre opvoedingsituasie ontaard met ander woorde in 'n primêre problematiese opvoedingsituasie met probleme as historisiteit. Dit is die ouers se taak om die kind vertrouend op die toekoms te rig met die geleidelike bekwaammaking vir 'n beroep (Botha, 1977:45), maar bo alles om sy roeping te vervul.

* Die logiese aspek

Indien ouers in gebreke sou bly om die kind kognitief (verstandelik) te stimuleer vanweë gebrekkige of ontoereikende aansporing ten aansien van skoolwerk, word daar reeds fondamente gelê vir problematiese opvoedingsituasies tuis en in die skool (Van der Walt & Dekker, 1982-83:95). Ouers se gevoelsmatige ondersteuning ten aansien van die kind se intelligensie-ontplooiïng is ewe onontbeerlik (Botha, 1977:45). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan juis ontstaan indien ouers byvoorbeeld te veel van die kind verwag omdat hulle nie sy moontlikhede ken of wil aanvaar nie. Dit vertroebel die kind se toekomsperspektief (Botha, 1977:45).

* Die psigiese aspek

Indien ouerlike opvoeding die kind sou lei tot gevoelsarmte en affektiewe labiliteit, word daar fundamenteel eienskapppe vir 'n problematiese opvoedingsituasie gekweek (Van der Walt & Dekker ,1982-83:95). Die kind is trouens aangewys op die belangstelling van sy ouers in hom, dit maak die kind gevoelsmatig gereed vir leer- en skolastiese prestasies. Indien die kind dus bloot instrument sou word om die ouers se eie wense en begeertes te verwesenlik is 'n problematiese opvoedingsituasie reeds in kiem aanwesig (Botha, 1977:42).

* Die biotiese funksie

Indien ouers in gebreke sou bly om hulle kinders van voedsel, ook die regte soort voedsel, te voorsien is die kind nie in staat om sy basiese lewensfunksies uit te voer nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:95). Sulke ouers is dan op 'n fisieke vlak besig om brandstof te voorsien vir 'n problematiese opvoedingsituasie. Lewe is trouens 'n voorvereiste vir alle modale sfere (Schoeman, 1979:29).

* Die kinematiese funksie

Voortvloeiend uit die gebrek aan basiese voedsel is daar noodwendig 'n gebrek aan energie wat beweging en handelinge beperk of rem (Van der Walt & Dekker, 1982-83:95; Schoeman, 1979:28). Die gesinslewe moet dinamies wees en nie staties nie, die gesin moet inskakel by 'n steeds veranderende wêreld en by veranderende tydsomstandighede (Pretorius, 1979:58), met behoud van Skrifgefundeerde beginsels. Indien die gesin nie sou in- en aanpas by veranderde omstandighede nie, bied die gesin nie vir die opvoedeling 'n onversteurde intrede in die sosiale lewe nie en kan kontak met die werklikheid verloor word, wat van die gesin 'n latente problematiese opvoedingsituasie maak (Pretorius, 1979:58).

* Die ruimtelike funksie

Reeds voor geboorte word daar al vir die kind 'n versorgingsruimte ingerig en tot en met sy onafhanklikheid van die opvoeders bly die huis (en skool) 'n versorgingsruimte (Landman et al., 1977:19). In die

versorgingsruimte kan nou liefdevolle aanvaardingsituasies geskep word waar die kind aanvaarding belewe (Landman et al., 1977:19-20). Daar kan ook in gebreke gebly word om in hierdie ruimte aanvaardingsituasies te skep. So 'n ruimte kan nou 'n verwerpingsruimte word waar verwerpingsituasies geskep word, wat in wese problematiese opvoedingsituasies is. 'n Gebrekkige basiese lewensruimte rem in 'n groot mate al die vermelde funksies en kan so 'n problematiese opvoedingsituasie wees (Van der Walt & Dekker, 1982-83:95).

Weer eens moet daar beklemtoon word dat die bied van 'n veilige ruimte om die kind in op te voed nie bloot wentel om die grootte en konstruksie van byvoorbeeld die huis nie. Hierdie dinge staan sekondêr teenoor die intermenslike verhoudinge en gebeure in so 'n lewensruimte. Dit is met ander woorde die opvoeder se taak om van die huis 'n woning te maak (Botha, 1977:43).

* Die getalsfunksie

Die getalskring of numeriese aspek is die minsgekompliseerde van alle modale aspekte. Die basiese eienskap waarsonder niks (ook nie 'n opvoedingsituasie of problematiese opvoedingsituasie) kan bestaan nie, is getal (Schoeman, 1979:27). Indien oueropvoeding in gebreke sou bly om die kind as individu in eie reg, in die primêre opvoedingsituasie, te aanvaar, ontbreek'n fundamentele voorwaarde in 'n opvoedingsituasie wat 'n problematiese opvoedingsituasie ten grondslag lê (Van der Walt & Dekker, 1982-83:95).

**4.6.3 Skeefgetrokkke opvoedingshandelinge in die skool as moontlike oorsaak vir 'n problematiese opvoedingsituasie in 'n georganiseerde praktyk**

**4.6.3.1 'n Struktuuranalise van die skool as 'n opvoedende onderwysinstansie**

- As 'n sekondêre samelewingsverband is die skool 'n eiesoortige, unieke, Godgewilde samelewingsverband.

- Die skool het met die ontplooiing van God se Raadsplan tot stand gekom as 'n eiesoortige lewensverband (voorsienigheidstruktuur) met 'n eie taak, terrein en eie aard binne die tydelike werklikheid.

- As samelewingsverband omvat die skool alle funksies (aspekte en modaliteite) van die werklikheid.

- Die funderingsfunksie (fondament) van die skool is die historiese kennismag, die fondament van alle kultuurvorming.

- Die bestemming van die skool word gevind in die (ontslote) logiese - analitiese funksie (Van der Walt & Dekker , 1982-83:96)

- Fundameenteel - pedagogies gesien, gaan dit in 'n skool primêr om die verhouding tussen: Die kind die onderwyser behoorlikheidseise en opvoedingsmiddele (Landman, W.A., Botha, J.P., Brune, R.A., Erasmus, M.M., Mentz, N.J. & Roos, S.G., 1981:1).

**4.6.3.2 Indien die skool as onderwysinstansie sy opvoedende karakter verloor, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan**

Prinsipieel kan 'n problematiese opvoedingsituasie op antropologiese gronde ontstaan indien die bemoeienis van 'n onderwyser met 'n leerling sy opvoedende aard sou verloor en sou neig om die normatiewe aktstruktuur van die mens onewewigtig te ontsluit (Van der Walt & Dekker, 1982-83:97; Garbers, 1962:41). Goeie onderwys beoog immers die ontplooiing van die kind in sy volledige bestaansituasie (Gunter, 1977:36-37).

In die onderwyssituasie met die onderwyser as onderriggewer en die kind as leerder (Gunter, 1977:48) moet daar prinsipieel altyd rekening gehou word met die feit dat God die mens met leermoontlikhede geskape het.

Hy kan leer maar daar is grense aan wat hy kan leer, want hy is 'n relatiewe kenner (Coetzee, 1973:98). Die mens is nie almagtig nie en is as gevolg van die mag van die sonde beperk in sy moontlikhede (De Wet et al., 1981:15). Indien hierdie beperkinge en grense wat verder deur die sonde aangetas word, buite rekening gelaat word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

Kenvermoë (wat leer moontlik maak) wat van die hart as persoonskern losgemaak word, kan lei tot oorskatting en verabsolutering van die rede (Rasionalisme) wat vir die Skrifmatige opvoeder a-normatief is en dus prinsipieel 'n problematiese opvoedingsituasie kan laat ontstaan (vgl. Taljaard, 1976:254; Coetzee, 1973:93).

Onderwys wat bloot gerig is op die ontsluiting van die mens se analitiese funksie (Taljaard, 1976:254) kan problematiese opvoedingsituasies in die hand werk, omdat die opvoedeling dan onvoldoende toegerus word ten aansien van die ontsluiting van sy totale aktstruktuur (Van der Walt & Dekker, 1982-83:97; Van der Walt et al., 1983:196; Coetzee, 1973:93).

Die skool bied deur onderrig en leer die geleentheid om die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling op te hef, want sonder leer kan die kind tog nie volwasse word nie; ook opvoeding kan nie plaasvind sonder leer nie (De Wet et al., 1981:6, 8). Die skool wat dus opvoedende leer sou skeeftrek, a-normatief benut of afplat, kan problematiese opvoedingsituasies in ander samelewingsverbande veroorsaak, omdat die skool in gebreke sou bly om deur middel van opvoedende leer beskawingsonmondiges toe te rus vir hulle medeverantwoordelikheid in die opheffing van die asimmetrie tussen opvoeders en opvoedelinge.

Indien die skool as 'n onderwyssituasie die terrein van opvoeding sou verlaat (Garbers, 1962:41), kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan, omdat die skoolsituasie die sin van onderrig kan skeeftrek en die kind kan rem om lerend sy greep op die werklikheid te verstewig met as doel behoorlike volwassenheid (Sonnekus & Ferreira, 1979:287). Indien die onderrig van die opvoeder nie sinvolle inhoud tot die werklikheid bied nie (Sonnekus & Ferreira, 1979:287), bied dié soort

opvoeding die moontlikheid om beskawingsarme, onvolwaardige "volwassenes" te kweek, wat "skyn-volwasse" ouers in opvoedingsituasies, beter gestel, potensiële problematiese opvoedingsituasies, kan wees. Die onderwyser wat dus nie opvoedingsbevoeg en gesaghebbend op sy vakterrein is nie, kan aanleiding gee tot 'n problematiese opvoedingsituasie (De Wet et al., 1981:15).

#### 4.6.3.3 A-normatiewe en skeefgetrokke onderrigleersituasies in die skool, as onderbou vir problematiese opvoedingsituasies

Ook die didaktikus is as opvoedkundige besig om onderrigleersituasies as 'n ontiese verskynsel, 'n geskape verskynsel, te deurgrond aan die feitlike sy om die wetmatighede daarvan aan die wetsy as konkretisering van die wil van God te ontdek (Van der Walt, 1980(b):59). Sou die didaktikus as Skrifmatige opvoedkundige in sy deurgronding van die onderrigleersituasie in die skool nie rekening hou met die normatiewe riglyne wat God in sy Skrif openbaar nie, kan 'n onderrigleersituasie as problematiese opvoedingsituasie deur sy wetenskaplike arbeid beslag kry. Wanneer hierdie normatiewe riglyne ontbreek, kan problematiese opvoedingsituasies ontstaan, omdat die onderwyser moeilik gevrywaar sal wees van 'n skeefgetrokke a-normatiewe interpretasie van handelinge in die waan dat hulle opvoedingshandelinge is, soos: indoktrinasie, dressuur, afrigting, kondisionering en on-Skriftuurlike hantering van die opvoedeling ten opsigte van tug, straf, orde en gesag in die opvoedingsituasie (Van der Walt, 1980(b):59-60). Didaktiese en orto-didaktiese arbeid in die onderrigleersituasie as opvoedingsituasie kan nie losgemaak word van 'n antropologie van die opvoedbaarheid van die mens (Stander & Sonnekus, 1967:19-20) as skepsel van God nie. Oor die mens en sy bestemming kan die mens egter nie self antwoord nie. Dit is deur die Woord van God beantwoord - dié Woord wat die religieuse wortel en sentrum van die menslike natuur, in skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus is (Dooyeweerd, 1969:21).

Opvoedende leer as onderwysende handeling verloor sy opvoedende karakter en kan problematiese opvoedingsituerend word as leer beskou sou word as 'n meganiese prikkel-reaksie-proses, afgestem op die intellek en blote meganiese geheueskoling en afrigting (Stander & Sonnekus, 1967:9; De Wet et al., 1981:48).

Fundamenteel-opvoedkundig beskou sal 'n problematiese opvoedingsituasie uit die didaktiese situasie voortvloei as 'n selfstandige didaktiek buite die opvoedkunde om bepleit word. Die persoonlike omgang binne die leerinhoud, tussen onderwyser - didaktikus en opvoedeling - leerling verskraal as oppervlakkig vertegniseerde leergebeure (Stander & Sonnekus, 1967:12) wanneer 'n bandopnemer byvoorbeeld 'n les sou aanbied en die onderwyser bloot knoppies druk en sy opvoedende-onderrig taak daarmee as afgehandel beskou.

'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die onderwyser nie as bemiddelaar tussen die leerling en leerinhoud in die onderrig-leersituasie sou kon optree nie, of die leerling se verhouding tot die leerinhoud ongunstig beïnvloed (Duminy, 1977:7) sou word deur onvoldoende beplanning en voorbereiding van die leerinhoude (Sonnekus & Ferreira, 1979:294).

In 'n problematiese opvoedingsituasie kan opvoedende leer sy diadiese [1] eienskap verloor indien die opvoeder byvoorbeeld voortdurend alleenhandelend is. Leer is tog fundamenteel 'n intensionele handeling en nie 'n proses waarin die kind 'n passiewe meeloper is nie (De Wet et al., 1981:13).

[1] Opvoedende leer as diadiese handeling is 'n interaktiewe of tweekantige handeling. 'n Diadiese situasie word geskep wanneer die kind, met die begeerte om iemand te wil wees of om te leer, en die opvoeder, met die begeerte en roeping om die kind aan hom toe vertrou, op te voed, in 'n situasie saam is (De Wet et al., 1981:4).

In dieselfde verband kan 'n onderrig-leersituasie as opvoedingsituasie 'n problematiese opvoedingsituasie word indien dié situasie sy diagogiese[2] karakter verloor (Van Rensburg et al., 1979:28), indien die opvoedeling byvoorbeeld deur verwerping, verwaarlosing of verkleinering nie meer gesamentlik die pad van volwasse "**mens-wording**" saam met die opvoeder wil of kan loop nie.

Die skool wat sou faal om 'n milieu te skep waarin reekse sinvolle onderrig-leersituasies as opvoedingsgeleenthede voorberei word, rem die optimale ontsluiting van die opvoedeling ten aansien van sy totale vorming en wording (Van der Walt, 1983(a):30).

### 4.6.3.4 Oneffektiewe begeleiding in die skool as oorsaak van problematiese opvoedingsituasies

Die opvoeder moet die opvoedeling affektief, kognitief en normatief begelei (Sonnekus & Ferreira, 1979:293). Die skool wat nie sy primêre taak sou kan volvoer om onderrig-leersituasies te skep waarin die kind dié gesintetiseerde, gesinchroniseerde en gebalanseerde begeleidingshandelinge (Van der Walt & Dekker, 1982-83:97; Sonnekus & Ferreira, 1979:293) kan ervaar nie, skep by implikasie die geleentheid vir problematiese opvoedingsituasies wat die effektiewe ontwikkeling en ontplooiing van die kind in sy volledige bestaansituasie kan rem (Gunter, 1977:36-37).

* Verskraalde affektiewe begeleiding in die skool as moontlike oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie

[2] **Diagogies** beteken in die opvoedingsituasie die wedersydse afhanklikheid van opvoeder en opvoedeling om gesamentlik die pad van volwasse "**mens-wording**" te loop (Van Rensburg et al., 1979:28).

Onvoldoende en skeefgetrokke a-normatiewe kennis van die gevoels- of affektiewe lewe van die opvoedeling (i.c. leerling) kan die teelaarde skep vir problematiese opvoedingsituasies, want vir suksesvolle omhoogleiding van die opvoeding is behoorlike kennis van die affektiewe lewe van die kind nodig vir antisiperende verruiming van sowel die psigiese as alle na-psigiese modaliteite (Schoeman, 1979:194; Coetzee, 1973:143-144).

Die onderrig-, klas- of lessituasie word grootliks gedra of belemmer (in die geval van 'n problematiese opvoedingsituasie) deur die affektiewe of gevoelsmatige verhouding tussen onderwyser en kind. 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die onderwyser, as inisieerder van onderwysgebeure, nie 'n warm, intieme en vertroude onderrigklimaat kan skep nie (Sonnekus & Ferreira, 1979:293). Hierdie onderrigklimaat as opvoedingsklimaat behoort oor die volgende komponente te beskik: liefde, kennis, sorg, respek, vertroue en eerlikheid (Jacobs & Vrey, 1982:15-16).

'n Onsimpatieke, onvriendelike, onbuigsame, neerhalende, meerderwaardige, inkonsekwente en outoritêre houding by die onderwyser kan die kind affektief labiliseer, dit wil sê gevoelens van angs, spanning, onsekerheid, aggressie, onwilligheid en opstandigheid in die hand werk en sodoende effektiewe psigiese lewensvoltrekking dwarsboom en verongeluk (Sonnekus & Ferreira, 1979:294). Op hiérdie wyse word 'n gepreformeerde veld vir problematiese opvoedingsituasies geskep. Onopvoedkundige handelinge, soos vermeld, belemmer effektiewe leer en sluit die verheffing en omhoogleiding van die opvoedeling uit. Die kind se belewing in verband met sy pedagogiese gesitueerdheid (ook in die skoolsituasie) laat hom nie ongedeerd nie, dit is òf gunstig òf ongunstig vir sy grootwording, en versteurde belewing van die kind in die problematiese opvoedingsituasie belemmer sy psigiese ontplooiing (Pretorius, 1976:28).

* Gebrekkige kognitiewe begeleiding in die skool as moontlike oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie

Die kind wat nie gevoelsmatig toereikend begelei word nie kan gevoelsmatig gelabiliseer word, wat effektiewe kognitiewe begeleiding bemoeilik (Sonnekus & Ferreira, 1979:294). Oneffektiewe benutting van die kind se kognitiewe vaardighede kan 'n gaping tussen die kind se leermoontlikheid en leerwerklikheid laat ontstaan (Olivier, 1984:2), omdat betekenisgewing altyd op 'n persoon se kognitiewe struktuur berus (Jacobs & Vrey, 1982:12). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan in die skool ontstaan omdat die kind "**nie verstaan nie**", en dit kan tot persoonlikheids- en gedragsprobleme lei. "**Verstaan**" het as kognitiewe struktuur 'n logiese en gevoelsmatige dimensie en 'n normatiewe komponent wat die totale betekenis waaroor 'n persoon van 'n saak beskik, altyd idiosinkraties maak (Jacobs & Vrey, 1982:12).

Die onvoorbereide onderwyser is een van die vernaamste faktore in 'n problematiese onderwyssituasie (resp. opvoedingsituasie), want sonder deeglike voorbereiding is toereikende kognitiewe begeleiding bykans onmoontlik (Sonnekus & Ferreira, 1979:294). Die onvoorbereide onderwyser kan die leerinhoude en leermetode nie pedagogies verantwoord nie (Van der Walt & Dekker, 1982-83:99). Die onderwyser wat dus nie leerinhoude deeglik beplan, reduseer en orden nie, bied by uitnemendheid geleentheid tot problematiese opvoedingsituasies wat kan voortvloei uit gebrekkige kognitiewe begeleiding in onderrigleersituasies. Die onseker en swak toegeruste kind wat nie effektief kan ken en kan leer nie, is 'n kandidaat vir 'n problematiese leersituasie (resp. opvoedingsituasie) (Sonnekus & Ferreira, 1979:294). Die kind wat by die skool in sy betekenisgewing aan die leertaak oorwegend onaangename belewinge ervaar, word beslis gedoem in sy betekenisgewing en die vorming van verhoudinge met onderwysers en ander kinders (Jacobs & Vrey, 1982:13). Die onderwyser wie se kognitiewe begeleiding nie in harmonie is met die kind se kognitiewe lewe nie, kan die kind affektief labiliseer. Die sin van die leerinhoude bly dan verskuil en die nodige leereffek bly dan uit (Sonnekus & Ferreira, 1979:295).

* A-normatiewe sinbelemmerende faktore as moontlike oorsaak van 'n problematiese opvoedingsituasie

Indien die doel van die onderwyser se begeleiding in die lessituasie nie sin en betekenis aan die lesinhoud verskaf nie, word die kind swak toegerus, wat problematies-opvoedingsituerend kan wees (Sonnekus & Ferreira, 1979:295). Doellose onderwys is nie opvoedend van aard nie en kan lei tot onewewigtige ontsluiting van die normatiewe aktstruktuur (Van der Walt & Dekker, 1982-83:97).

Problematies opvoedingsituerende begeleiding is affektief labiliserend, kognitief ongeordend en bemoeilik effektiewe leer (Sonnekus & Ferreira, 1979:296) en beïnvloed die normatiewe, want die kognitiewe struktuur veronderstel ook 'n gevoelsmatige dimensie en 'n normatiewe komponent (Jacobs & Vrey, 1982:12). Die onderwyser (opvoeder) se voorbeeld, die nougesetheid waarmee hy sy onderrigtaak uitvoer, die norme en waardes wat hy voorlewe en die begrip wat hy vir die kinderlike psigiese lewensvoltrekking toon, is 'n magtige opvoedingswapen. 'n Gebrek aan of die afwesigheid van hierdie bates belemmer normatiewe singewende begeleiding en bied geleentheid vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Sonnekus & Ferreira, 1979:296).

Prinsipieel behoort die Christen-onderwyser se normatiewe voorlewing gekenmerk te word deur begryping van die konsep opvoeding as Goddelike opdrag. As opvoeder sal hy verantwoording moet doen, nie net teenoor homself nie, maar teenoor God as hoogste gesag wat hom aanspreek oor sy antwoord op die steunbehoewende en opvoedingsbehoewende oproep van die problematies opvoedingsgesitueerde verbondskind. Met hierdie kennis en agtergrond moet hy ook sy leerlinge inspireer om sinvolle arbeid as opdrag te aanvaar (Landman (red), 1981:3).

## 4.7 SAMEVATTING

In die voorafgaande bespreking van a-normatiewe en/of skeefgetrokke antropologiese grondtrekke van opvoeding word dit duidelik dat 'n

problematiese opvoedingsituasie gestalte kan kry as die mens se aard, wese en oorsprong vanweë die sonde prinsipieel a-normatief vertolk word. Antropologiese skeeftrekking van die asimmetrie tussen opvoeder en opvoedeling binne geordende samelewingspraktyke soos die gesin en skool lê vanweë die opvoeder en opvoedeling se aard, wese en oorsprong 'n problematiese opvoedingsituasie ten grondslag.

Hoofstukke 3 en 4 is hoofsaaklik benut om 'n analise te maak van die skeeftrekkinge en a-normatiewe gestaltegewing aan die ontologiese en antropologiese grondtrekke van opvoeding as moontlike oorsake vir die ontstaan van problematiese opvoedingsituasies. In hoofstuk 5 gaan vervolgens gepoog word om ná hierdie analise ook 'n blik te werp op die mens as 'n eenheidswese en die verband daarvan met die moontlike ontstaan van 'n problematiese opvoedingsituasie.

HOOFSTUK 5

# ANALISERING VAN DIE MENS IN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE: 'N VERANTWOORDING

## 5.1 INLEIDING

Aan die hand van 'n oorsig van die grondtrekke van opvoeding is die problematiese opvoedingsituasie in Hoofstuk 3 en 4 ontleed. Daar is telkens (vgl. paragrawe 3.1 en 4.1) daarna verwys dat die analise van die grondtrekke van opvoeding neerkom op 'n proses van abstrahering, op wetenskaplike ondersoek (Van der Walt, B.J., 1982:73).

In hierdie hoofstuk word daar nou gepoog om die proses van analise van die mens-in-opvoeding self in prinsipiële perspektief te plaas en om sodoende die mens (i.c. opvoedeling) as eenheidswese, as totaliteitswese wat in onderskeibare fasette fungeer, te probeer begryp (Van der Walt, B.J., 1982:73). Verder word ook gepoog om die proses van analise as distatiese objektiveringshandeling in opvoedkundenavorsing te verantwoord.

## 5.2 'N SKRIFMATIGE PERSPEKTIEF OP DIE MULTIDIMENSIONALITEIT EN EENHEID VAN DIE (i.c. PROBLEMATIESE OPVOEDINGSGESITUEERDE) MENS

### 5.2.1 Oriënterend

In sy diagnose van die a-normatiwiteit en skeefgetrokkenheid van opvoedingsgrondtrekke in 'n (problematiese) opvoedingsituasie, moet die opvoedkundige steeds 'n behoorlike begrip hê van die mens wat betrokke is by sy diagnose (Kraay, 1977:104; Schoeman, 1979:129; Waterink, 1977:21).

Die opvoedkunde (asook ander wetenskappe soos die psigologie, sosiologie en kriminologie) het in 'n toenemende mate mens-gesentreerd geraak (Spykman, 1985:32). Die sogenaamde moderne mens is deur onder meer die sekularisme, eksistensialisme, humanisme (Van Wyk, 1979:91-92), idealisme (Van Wyk, 1979:6; Pistorius, 1974:180) en sosialisme (Van Wyk, 1979:58) tot 'n drogbeeld of karikatuur verskraal. Al hierdie verabsoluteringe van fasette van menswees plaas in 'n sin 'n uitroepteken agter die mens en 'n vraagteken agter God (Spykman, 1985:33). Prinsipieel het hierdie sieninge van die mens 'n problematies-opvoedingsgesitueerdheid van die mens tot gevolg, sonder God bevind sowel opvoeder as opvoedeling hulle, uit 'n Skrifmatige gesigshoek beskou, in problematiese opvoedingsituasies. Die mens en kosmos is in die ná-sondevalse bedeling deurdring met die kwaad, so ook die situasies waarin die mens hom bevind (Stoker, 1970:83).

**5.2.2 'n Skrifmatige antropologie as sleutel tot 'n perspektief op die multidimensionaliteit en eenheid van die mens**

Om tot 'n reformatoriese mensbeeld te kom word daar swaar gesteun op bepaalde antropologiese vooronderstellinge (Schoeman, 1979:129).

Hoewel die Bybel nie 'n wetenskaplike handboek is nie, is 'n juiste beskouing van die mens en sy onderskeie fasette sonder die lig van God se Woord nie moontlik nie (Van der Walt, B.J., 1981:129; De Graaf, 1977(a):163). Die Skrif bied nie 'n analise van die mens se struktuur nie; die fokus van die Bybel is altyd op die mens as "**eenheidswese**" in sy verhouding tot God gerig (Berkhouwer, 1962:195), omdat dit die enigste verhouding is waaruit daar tot 'n geïntegreerde visie oor die mens gekom kan word (Van Wyk, 1974(c):1; Van der Walt, B.J. 1981:141). Dit beteken egter nie dat die Skrif nie ook belang stel in die mens se verhouding tot sy medemens en die kosmos nie. Die teendeel is tewens waar, soos blyk uit Gen. 1:28 en Ps. 8:7 (Berkhouwer, 1962:195).

Prinsipieel beskou kan 'n mens dus sê 'n problematiese opvoedingsituasie kan sy beslag kry in die vernietiging of miskenning van die mens se verhouding tot God en tot die medemens deur die sonde (Kraay, 1977:108). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ook ontstaan as die mens verklaar sou wou word bloot vanuit sy verhouding met die wêreld in sy gedifferensieerdheid, en/of uit sy verhouding met sy medemens (Van Wyk, 1974(c):1; Waterink, 1977:27).

Teenoor hierdie verklaringe van die sin van menswees bied die Skrif 'n korrektief waarmee 'n foutiewe visie oor die mens reggestel kan word.

> **"For Scripture is given as a pair of corrective lenses to restore our faulty and distorted spiritual eyesight, to redirect our misdirected vision on reality"** (Spykman, 1985:11).

Soos Paulus sê: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorbereid en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (II Tim. 3:16-17). Die Skrif se perspektiefgewende lig moet nie met 'n vorm van moralisme, wat bloot 'n deel van die werklikheid vir die volle waarheid neem, verwar word nie. Skrifmatige geloof is veel wyer en dieper as dit (Spykman, 1985:54). Wie 'n wetenskap (ook die opvoedkunde) beoefen, maar wie se navorsing nie die lig van die ewige waarheid van God se Woord kan verdra nie, opereer as 't ware met **"halwe"** waarhede en maak op sy blote sondige verstand staat om die opvoedingswerklikheid te probeer analiseer (Van der Walt et al., 1983:183). 'n Opvoedkunde wat 'n a-normatiewe of skewe visie op die mens nahou, se blik op die problematiese opvoedingsgesitueerde mens in die problematiese opvoedingsituasie is beperk.

### 5.2.3 'n Skrifmatig-prinsipiële beskouing op die (i.c. problematies-opvoedingsgesitueerde) mens se analiseerbaarheid

Aangesien die sonde ten diepste die oorsaak is van problematiese opvoedingsituasies (vlg. par. 2.4), is dit vir die Skrifmatige opvoeder en opvoedkundige prinsipieel onmoontlik om die problematies opvoedingsgesitueerde in die problematiese opvoedingsituasie neutraal en standpuntloos te beskou. 'n Neutrale of standpuntlose (Van Wyk, 1979:14) lewensbeskouing sou kwalik 'n norm kan bied waarmee die problematiese opvoedingsituasie beskou en beoordeel kan word.

Deur die perspektief-gewende lig van God se Woord weet die Skrifmatige opvoeder en opvoedkundige dat God die mens, ondanks die sonde wat problematies-opvoedingsituerend is, nie uit sy hande gelaat het nie (H.K., Sondag 6). Deur God se omvattende en ryke genade stuur Hy Jesus Christus (I Tim. 2:5) aan die mens tot verlossing (I Kor. 1:30; H.K., Sondag 6) en God lê die norm neer van hoe die mens behoort te wees sodat ook die problematiese opvoedingsituasie aan die hand van die neergelegde norm van Gods Woord beskou kan word.

God het in die eerste instansie die mens tog nie boos en verkeerd geskape nie (H.K., Sondag 3). Hy het die mens goed en na sy beeld geskape (Gen. 1:31) in ware geregtigheid en heiligheid (Gen. 1:26, 27). Sodat hy God sy Skepper kan ken, Hom van harte kan liefhê, en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys (Ef. 4:24; Kol. 3:10; II Kor. 3:18).

Die uitdrukking "beeld van God" dui 'n heel besondere verhouding waarin die mens tot God staan aan, een van woord en antwoord, van liefde en wederliefde (Berkhof, s.a. 24-34).

Prinsipieel verskaf hierdie Skrifmatige visie op die mens die lewensbeskoulike lig aan die opvoeder en opvoedkundige in sy beskouing en beoordeling van die mens in die problematiese opvoedingsituasie. Na analogie van Goethe (In Joubert, 1979:13) sou 'n mens kon sê:

**Beskou die mens soos hy is en jy sien hom slegter. Beskou die mens soos hy behoort te wees (normatief na Gods beeld) en jy sien hom beter.**

Die genade van God aan die mens speel prinsipieel 'n groot rol in die beoordeling van die problematies-opvoedingsgesitueerde mens. Die problematies-opvoedingsgesitueerde mens verg wel analise ter wille van navorsing, maar analise, as wetenskaplike ondersoekprosedure, behoort nie los van God se genade oor die mens bedink te word nie. Waterink (1977:43-44) sê:

> **"This man may need to have an analysis, but analysis and grace cannot, at any time, be disconnected. Therefore, also, it is not an indifferent matter whether the analyst is a believer or not. Indeed, he need not be an evangelist in the restricted sense, but as a Christian analyst he wil not be able to do his work, if he does not understand his own analysis and the patient, from the Revelation of God and from the Gospel of Jesus Christ."**

Dit is die roeping van die Christen-opvoeder en opvoedkundige om die multidimensionele opvoedingsbehoeftige as eenheidswese wat ook problematies-opvoedingsgesitueerdes insluit, so te **"poleer"** dat die glans van die beeld van God (**imago Dei**) uit hulle doen en late te voorskyn kan kom (Spykman, 1985:40).

## 5.3 DIE VEROORSAKING VAN 'N PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE DEUR 'N EEN-, TWEE- OF DRIEDIMENSIONELE BLIK OP DIE MENS

'n Problematiese opvoedingsituasie lê wesenlik opgesluit in 'n a-normatiewe, skeefgetrokke, verskraalde eendimensionele mensbeeld. As die mens byvoorbeeld bloot beskou word as:

- 'n sosiale wese (**animal sociale**) wat in verhouding tot sy medemens staan,

- 'n arbeidende wese (**homo faber**) wat daagliks natuur in kultuur omskep,

- 'n spelende wese (**homo ludens**) wat homself vermaak,

- 'n uitsluitlik biddende wese (**homo orans**) wat net in verhouding tot sy God/Godheid staan en die relasies met die medemens, die natuur en die self negeer (Van der Walt, B.J., 1982:74). Die mens as kroon van God se skepping kan nie gereduseer word tot byvoorbeeld 'n blote "**bio-logiese**" of "**psigo-logiese**" wese nie (Kraay, 1977:101).

Ook 'n skeefgetrokke tweedimensionele mensbeeld (wat byvoorbeeld die mens sien as 'n redelik-sedelike wese) of driedimensionele mensbeeld (wat die mens sien as 'n chemies-bioties-psigiese wese (Van der Walt, B.J., 1982:69; Schoeman, 1979:131)) of as 'n geestes-psigosomatiese entiteit (Bijkerk, 1977:13) vereng die ryke ontplooiings- en persoonsontsluiting van die opvoedeling (Strauss, 1971:66). Dit maak van hom 'n kandidaat vir 'n problematiese opvoedingsituasie, omdat die mens tot een van hierdie verarmde dimensies herlei kan word (De Graaf, 1979:113; Van der Walt, B.J. 1982:69).

### 5.3.1 Dualistiese beskouinge oor die mens as eenheidswese as moontlike oorsaak vir 'n problematiese opvoedingsituasie

Die eenheidsvisie op die mens het baie gely onder dualistiese invloede. Die beskouing van die mens as "**eenheidswese**" is soms weggedwing van die Bybelse perspektief en herlei tot 'n funksionele perspektief (Hart, 1977:83). Dualismes setel hoofsaaklik in die klassieke probleem van die verhouding tussen siel en liggaam. Die liggaam word beskou as 'n organiese struktuur, soms ook psigies, maar al die "**hoëre**" funksies van die mens is beskou as funksies van die individuele siel (Hart, 1977:83-84).


Daar heers twee basiese beskouinge oor die eenheid van die mens (Hart, 1977:83):

- Die een beskouing beklemtoon die eenheid van die mens as 'n sekondêre resultaat van die sintetisering van twee of meer onderdele van die mens soos byvoorbeeld gees, siel en/of liggaam.

- Die tweede beskouing beklemtoon die eenheid van die mens bo die diversifiëring van die fasette waarin die mens fungeer.

Die Grieks-Hellenistiese denke het 'n duidelike invloed uitgeoefen op die dualistiese[1] benadering tot die eenheid van die mens (Durand, 1982:29).

DIAGRAM 5.1





Eksponente van 'n digotomistiese dualistiese beskouing van die mens as 'n "eenheidswese" is onder andere:

Plato, Tertullianus, Aristoteles, Augustinus en *Calvyn in 'n mindere mate (Durand, 1982:29-39, 43).

*Calvyn se wegbreking van die Grieks-filosofiese beïnvloeding lê in sy beklemtoning van die opstanding van die vlees (Durand, 1982:43).


[1] Dualisme in die vorm van antropologiese digotomismes en trigotomismes word vanuit 'n Skriftuurlike standpunt deur die volgende outeurs belig: Berkhouwer, 1975:211-258; 1962:194-233; Durand, 1982:29-52; Schoeman, 1979:133-134; Van der Walt, B.J., 1981:128-150.

DIAGRAM 5.2




Eksponente van 'n trigotomiese siening van die mens as 'n **"eenheidswese"** is onder andere Origines, Hieronimus, Luther (Durand, 1982:40-42).

DIAGRAM 5.3





Tournier se trigotomiese antropologie (Kraay, 1977:105).

### 5.3.2 Gevolgtrekking oor die eenheid en totaliteit van die mens

Die antropologie soos in diagramme 5.1, 5.2 en 5.3 uiteengesit, het tot baie spekulasie oor die mens gelei. Sulke opvattinge oor die mens word nie in die Skrif aangetref nie. Die Bybel koester nie 'n dualistiese siening van die mens nie (Hart, 1977:76). Die Skrif leer van die radikale eenheid

van die mens (Van der Walt, B.J., 1981:142-143). Die mens toon egter in sy eenheid verskillende fasette of aspekte van sy menswees. Hy is nie bloot organisme en/of gees nie. Die onderskeie fasette of aspekte van die mens is onderling verbind. Sonder die primêre eenheid van die mens sal die fasette van menswees hulle betekenis verloor, net soos wat die eenheid van die mens betekenis sal verloor sonder die fasette van die mens (Hart, 1977:77).

DIAGRAM 5.4




(Ontleen aan Schoeman, 1979:59)

Diagram 5.4 bied die aanvaarbaarste visie op die mens as eenheidswese, beter gestel op die mens as mens in sy totaliteit (Van der Walt, B.J., 1981:141-142). Die kern toon die mens as komplekse onverdeelbare eenheid aan (Van der Walt, B.J., 1982:73). Ten slotte toon Diagram 5.4 die sin - verskeidenheid van die mens se funksioneringsfasette en die sin-samehang en radikale eenheid van die mens in sy geskapenheid aan (Schoeman, 1979:42).

Alle verwysings in die Bybel na die mens, na 'n faset van hom, na 'n verhouding waarin hy staan, sou bes moontlik foutief geïnterpreteer word sonder die radikale besef van die totale en integrale eenheid van die mens (Hart, 1977:77; Durand, 1982:51). God het die mens saamgestel as liggaam-siel (beliggaamde siel of besielde liggaam) wat vergestalt word in die mens as mens, of as eenheidswese, of as "**totaliteitswese**" (Vgl. Waterink, 1977:36; Van der Walt, B.J., 1981:142). Dié twee-eenheid (Diagram 5.1) of drie-eenheid (Diagram 5.2 en 5.3) is in verhouding tot die "**mensheid**". Nie 'n liggaam of 'n siel word gesien nie dog wel die **mens** as lewende wese (Waterink, 1977:36). Laasgenoemde standpunt is die mees aanvaarbare standpunt by die analisering van die problematies opvoedingsgesitueerde, want die mens wat homself in 'n problematiese-opvoedingsituasie bevind, is nie self die problematiese opvoedingsituasie nie. Anders gestel, die problematies-opvoedingsgesitueerde mens wat te kampe het met byvoorbeeld 'n emosionele probleem gaan nie totaal op in die emosionele faset nie, die mens word dus nie bloot emosie nie maar 'n mens met 'n geremde, skeefgetrokke of a-normatiewe emosionele faset wat problematies-opvoedingsituerend van aard kan wees (Joubert, 1978:12).

Die Bybel is, soos elders (par. 5.2.2) beklemtoon, nie 'n wetenskaplike handboek nie, ook nie vir 'n leer aangaande die mens nie (Van der Walt, B.J. 1981:141). Die mens word nooit in die Bybel as mens "**an sich**" beskryf nie, maar as mens in verhouding tot God (De Graaf, 1979:97; Berkhouwer, 1962:195; Van der Walt, B.J., 1981:141),of as herskapene (vgl. par. 5.2.3) (Durand, 1982:44; Spykman, 1985:44). Die **hele** mens

is altyd in die religieuse verhouding, dit wil sê in verhouding tot God betrokke.

Bybelse begrippe soos siel of **nefes** (Wolff, 1981:10, 17; Van der Walt, B.J. 1981:133), liggaam of **soma** (Van der Walt, B.J., 1981:134; Berkhouwer, 1957:225), vlees of **bazar** (Wolff, 1981:26; Van der Walt, B.J., 1981:134), hart of **leb(ab)** (Wolff, 1981:40; Van der Walt, B.J., 1981:139; Berkhouwer, 1957:221), gees of **ruah** (Wolff, 1981:32, 36; Van der Walt, B.J., 1981:137) dui telkens op die mens as mens in sy totaliteit en nie op veronderstelde verskillende dele van die mens nie; op die konkrete mens uit 'n spesifieke hoek gesien in sy ryke diversiteit (Hart, 1977:89; Van der Walt et al., 1983:182; Van der Walt, B.J., 1981:141; 1982:171; Heyns, 1974:158).

Hoewel daar telkens na begrippe soos siel, liggaam, vlees, hart en gees verwys word ,moet in gedagte gehou word dat die mens te alle tye 'n **"eenheid"** is wat nie in afsonderlike entiteite geskei kan word nie. Die onderskeiding tussen hierdie begrippe dien slegs om 'n duideliker beeld van die mens se uniekheid te kry (Jacobs & Vrey, 1982:23).

### 5.3.3 Implikasies van 'n dualistiese mensbeskouing vir die problematiese opvoedingsituasie

'n Problematiese opvoedingsituasie kan prinsipieel beslag kry indien die mens a-normatief gedemonteer sou word tot 'n liggaam of 'n siel, of as die eksistensialis die mens na hierdie lewe as ewig dood verklaar en so die verlossende genade van God negeer (Van der Walt, B.J., 1981:143). Die mens as opvoeder en opvoedeling behoort in lewe en in sterwe (H.K., Sondag 1; Rom. 14:8) nie aan homself nie (I Kor. 6:19) maar aan sy getroue Saligmaker Jesus Christus (I Kor. 3:25). As mens is die mens in sy totaliteit van God afhanklik (Heyns, 1974:158; Van der Walt et al., 1983:182).

'n Dualistiese antropologie verskaf 'n a-normatiewe, apostatiese beeld van die mens. 'n Sodanig gedemonteerde mensbeeld kan lei tot 'n problematiese

opvoedingsituasie: as net die siel of net die liggaam as belangrik beskou word by die wetenskaplike ondersoek (Van der Walt et al., 1983:183). Wanneer daar ook ander fasette of aspekte van die mens, soos in Diagram 5.4 vermeld en aangedui is, verabsoluteer word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan. Deur die mens bloot te beskou as 'n diversiteit van aspekte, word die mens as totaliteitswese nie raakgesien nie (Hart, 1977:89).

'n Problematiese opvoedingsituasie kan ook ontstaan indien die interafhanklikheid van een faset van die mens met ander fasette (vgl. par. 5.4) nie raakgesien word nie (Hart, 1977:89). Die hart is die persoonskern van die mens waaruit die mens se funksies vloei (Van der Walt & Dekker, 1982-83: 7-10). Indien die hartgerigtheid van die mens misgekyk word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan ,omdat die sentrum waarop die **arche** beslag lê, ontken word. Soos wat die mens **"van buite"** as 'n liggaamlike eenheid beskou word, moet hy ook **"van binne"** beskou word as 'n eenheid wat in aspekte differensieer met die hart as die konsentrasiepunt daarvan (Hart, 1977:89).

## 5.4 MENSONWAARDIGE MENSBESKOUINGE AS OORSAAK VAN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE

Wanneer die mens as 'n hoogs-ontwikkelde dier of organisme verobjektiveer en behandel word (vgl. par. 3.2.1) word hy gedehumaniseer of ontmens (Nel, 1968:2; Wilds & Lottich, 1970:3; Van Niekerk, 1976:21; Van Wyk, 1974(b):10; Van der Walt, B.J., 1982:69). Die mens wat op bogenoemde wyse hanteer en beskou word, is in werklikheid in geen opvoedingsituasie betrokke nie, want opvoeding word altyd in die interaksie tussen mense aangetref (Van der Walt & Dekker, 1982-83:117, 119). Die problematiese opvoedingsgesitueerde mens is nie bloot 'n biologiese organisme wie se gedrag bestaan uit response en aanpassings by fisiese omstandighede nie. As religieuse wese funksioneer die mens in baie fasette en is hy nie bloot onderworpe aan fisiese en psigiese wette nie, maar ook aan logiese, sosiale, ekonomiese en ander norme (De Graaf, 1982:4).

Emosionele reaksies sonder norme as waardemeters of maatstawwe (Duvenage, 1972:214-215) kan byvoorbeeld lei tot problematiese opvoedingsituasies omdat emosionele reaksies altyd deel van die mens se totale ervaringswêreld in alle situasies is. 'n Mens ervaar emosionele reaksies nie net ten aansien van fisiese bedreiging of plesier nie. Emosionele reaksies is 'n integrale deel van totale menswees en is onderworpe aan die norme wat vir die ganse lewe geld (De Graaf, 1982:10).

As seks en aggressie as uitgangspunte van die mens, as fundamentele dryfvere van die mens in sy handel en wandel, beskou sou word, verlaag dit die mens tot 'n drifmatige organisme en ontneem opvoeding van een van sy grondtrekke en skrei teen 'n Christelike antropologie (Bijkerk, 1977:6; Nel, 1968:3). Die menslike hart as persoonskern van die mens is die rigter van die menslike bestaan. Die mens kan in problematiese opvoedingsituasies beland as sy funksies van menswees a-normatief skeefgetrek word deur die sonde, soos wanneer die mens hom byvoorbeeld eendimensioneel deur sy liggaamservarings laat lei deur ooreting, seksuele gevoelens, intellektuele vermoëns, gewaande morele krag of afgodskultusse (Hart, 1977:99). Volgens Hart (1977:99) word die stryd met die sonde, as diepste oorsaak vir die problematiese opvoedingsituasie, ten diepste in die hart van die mens beslis.

Selfaktualisering is 'n belangrike kenmerk van opvoeding, want self-iemand-(wil)-wees is 'n antropologiese grondfeit waarin die moontlikheid van opvoeding ingesluit lê (Landman, 1977:114-115). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien hierdie "**self**" beteken dat die mens homself net vanuit sy psigiese faset wil verstaan (Schoeman, 1979:23) en verder daardeur sy verhouding met sy medemens en die kosmos wil bepaal. Dit kan lei tot egosentrisme (Waterink, 1977:42). Die mens wat sy eie en ander mense se prinsipiële a-normatiewe skeefgetrokkenheid wil begryp deur 'n blote "**eenfasettige**" projektering van psigiese konflikte (Waterink, 1977:43), sal waarskynlik 'n skewe beeld van die problematies-opvoedingsgesitueerde verkry.

'n Problematiese opvoedingsituasie kan ook ontstaan indien die sosiale faset van die mens as "**eenheidswese**" verabsoluteer sou word en die opvoedeling as 'n "**gevegsarena**" beskou sou word waarbinne sosiale kragte ontketen word, en die mens aan die hand daarvan geanaliseer en verklaar moet word (Bijkerk, 1977:8). Prinsipieel beskou is die mens in die eerste instansie 'n religieuse wese en nie bloot 'n sosiale wese nie. Laasgenoemde oorheers nie eersgenoemde nie. Religie is totalitêr, radikaal en integraal. Vir die Christen is die Christelike religie bepalend vir alle funksies, ook vir die sosiale (Van Wyk, 1973(c):11).

So ryk soos wat die mens aan fasette is so ryk is hy in die verhoudinge waarin hy tot sy medemens staan, byvoorbeeld bioties (seksueel), linguaal (gesprekvoering), analities (as kollegas in die wetenskap), geloof (as geloofsgenote). 'n A-normatiewe maatstaf soos die negering van naasteliefde kan lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie waarin opvoeder en opvoedeling kan opgaan in selfverheerliking en egoïsme (Van der Walt, B.J., 1982:76; Heyns, 1974:109). Die mens staan dan in die sentrum en God as Absolute Beskikker word genegeer (Van Wyk, 1979:79).

As die opvoeder en die opvoedeling as eenheidswesens 'n aspek soos hulle intellek sou verabsoluteer en hulle verhouding tot God as afhanklike diensknegte negeer, om deur middel van wetenskap, tegnologie en organisasie hulself magtig te wil maak, kan problematiese opvoedingsituasies ontstaan. Prinsipieel ontken die opvoeder en opvoedeling in so 'n geval hulle kinderlike afhanklikheid van God en word so aanhangers van 'n sekulêre mensbeskouing wat die teelaarde bied vir 'n problematiese opvoedingsituasie (Van der Walt, B.J., 1982:77).

Die mens (opvoeder en opvoedeling) moet as eenheidswese ook met homself - sy talente en tekorte - as 'n verantwoordelike wyse leer lewe. Die mens kan van twee kante te kort gedoen word deur sy moontlikhede en grense buite rekening te laat en sodoende in problematiese opvoedingsituasies beland: deur aan homself te veel verantwoordelikhede op te dra of aan hom te weinig verantwoordelikhede toe te ken (Van der Walt, B.J. 1982:77).

In sy verhouding tot die natuur en die kultuur het God volgens Gen. 1:28 die mens die opdrag gegee om die natuur te bewerk en te bewaak (Hart, 1977:78; Van der Walt, B.J., 1982:75; Van Wyk, 1973(a):20). 'n Problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien aspekte van of dinge uit die kosmos verabsoluteer word (Schoeman, 1979:9; Van Wyk, 1973(a):22) en 'n "**kultuurding**" soos byvoorbeeld dwelms die mens sou beheers (Van der Walt, B.J. 1982:75).

Prinsipieel moet daar nie na die mens as mens, as eenheidswese, buite God om gesoek word nie.

Prinsipieel kan die problematies-opvoedingsgesitueerde nooit ten volle begryp word as daar nie verantwoording gedoen kan word van die mens se strewes, vrese, liefde, menslikheid, eer, fisieke pogings en mislukkings in samehang met sy totale menswees, in die problematiese opvoedingsituasie nie. Geeneen van hierdie aspekte kan begryp word sonder 'n besef van die mens as religieuse wese nie (Waterink, 1977:32). As herskape beeld van God funksioneer die mens as eenheidswese in baie fasette omdat hy as begenadigde oor baie gawes en potensiaal beskik (Waterink, 1977:37; Van der Walt, B.J., 1982:74; Van Wyk, 1974(b):5). Die miskyking en miskenning van die eenheid van die mens bevat die kiem van 'n problematiese opvoedingsituasie - as daar in die analisering van die problematies-opvoedingsgesitueerde se doen en late in blote funksionalisme verval word (De Graaf, 1979:102).

## 5.5 ANALISE VAN DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSITUASIE: ONDER WATTER OMSTANDIGHEDE DIT MAG GESKIED EN TOELAATBAAR IS

Hierdie navorsing is in 'n groot mate daarop afgestem om die problematiese opvoedingsituasie prinsipieel besinnend, fenomeen-analities, transendentaal-krities te beskou. In hoofstukke 2, 3 en 4 is aan die hand van geïdentifiseerde grondtrekke van opvoeding 'n analise gemaak van die problematiese opvoedingsituasie. In Hoofstuk 2 en 4 is die omgangsituasie en die normatiewe aktstruktuur van die gesinslede respektiewelik ontleed aan die hand van die vyftien modaliteite van

menswees. In Hoofstuk 4 is die verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur van opvoeding fenomeen-analities georden en die begrip struktuur transendentaal-krities beskou.

Analise van die opvoedingsituasie kan egter op sigself al lei tot 'n problematiese opvoedingsituasie - as die opvoedkundige byvoorbeeld in die analise van die opvoedingsituasie so struktuurbehep sou raak dat hy die mens ondergeskik aan die struktuur sou stel (Helberg, 1983:3; Heyns, 1974:136) ter wille van die analise (vgl. par. 3.2; 6.1).

Soos reeds vermeld is in hierdie navorsing rekening gehou met die modaliteite of bestaanswyses van die werklikheid. Diagram 5.4 bied 'n beeld van die totaalsamehang van opvoeding soos wat dit in onderskeibare fasette funksioneer (Schoeman, 1979:58-59).

Die wetsidee van die werklikheid bied die boustene vir die beoefening van opvoedkunde (De Graaf, 1977(b):141) en 'n toegangspoort vir die analise van die problematiese opvoedingsituasie (Schoeman, 1979:4).

Aan die hand van die grondtrekke van opvoeding en met behulp van die modale fasette van die werklikheid kan die problematiese opvoedingsituasie distaties-logies geobjektiveer word en abstraherend-analities ontleed word (Schoeman, 1979:58). Die analitiese/distatiese objektivering van a-normatief skeefgetrokke grondtrekke of essensies van opvoeding bied die geleentheid om 'n besondere sinsy van die problematiese opvoedingsituasie uit 'n bepaalde transendentale gesigshoek (Van der Walt, 1980(b):65; Schoeman, 1979:60) sistematies-krities denkend te ondersoek (Landman, 1977:4).

Ontleding van één a-normatiewe of skeefgetrokke sinsy van opvoeding (byvoorbeeld die psigiese faset) is nooit voldoende om 'n totaalbeeld van die problematiese opvoedingsituasie te verkry nie (Schoeman, 1979:60). So kan geen enkele a-normatiewe of skeefgetrokke faset, modaliteit of essensie van opvoeding ooit as 'n grondnoemer vir ander fasette van die problematiese opvoedingsituasie beskou word nie. Een a-normatiewe of skeefgetrokke faset van opvoeding kan egter in sin-samehang met ander

a-normatief, skeefgetrokke fasette gesien 'n bydrae lewer tot insig in die skeeftrekking van die totaliteitsbeeld van 'n opvoedingsituasie wat 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg kan hê (Schoeman, 1979:60; Van der Walt, 1980(b):81).

Die analise van die problematiese opvoedingsituasie is fundamenteel altyd intra-modaal gebonde aan die sistaties geïmpliseerde objektief-logiese veelheid van die werklikheidsaspekte van opvoeding wat in abstraherende relasie staan met ander logies-geobjektiveerde aspekte van die werklikheid i.c. opvoeding (Strauss, 1974:22). Om dus 'n totaliteitsbeeld van die onderlinge vervlegtheid van die a-normatiewe en skeefgetrokke grondtrekke van opvoeding in die problematiese opvoedingsituasie te kry moet daar dus noodwendig 'n sintese van die a-normatief skeefgetrokke grondtrekke van opvoeding bewerkstellig word. Sintese van die a-normatiewe en skeefgetrokke grondtrekke van die problematiese opvoedingsituasie dui op die logiese wyse waarop die skeefgetrokke grondtrekke subjektief-logies met mekaar korreleer in die problematiese opvoedingsituasie (Strauss, 1974:24; Schoeman, 1979:58).

Samevattend kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat 'n opvoedingsituasie, en in die geval van hierdie navorsing die problematiese opvoedingsituasie, geanaliseer mag word as 'n vorm van wetenskaplike ondersoek. Die voorbehoud met hierdie wetenskaplike ondersoek is dat die sin-verskeidenheid van opvoeding se funksioneringsfasette nie die sin-samehang van die mens-in-opvoeding se radikale eenheid mag misken of wegdwing nie.

## 5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is in die eerste plek gepoog om 'n transendentaal-kritiese blik te werp op sieninge van die mens se analiseerbaarheid as eenheidswese. Verder is ondersoek ingestel om te bepaal of 'n a-normatiewe toepassing van die analisemetode 'n moontlike onderbou kan bied vir 'n problematiese opvoedingsituasie. Daar is gepoog om aan die hand van 'n kort historiese blik dualistiese beskouinge van

die mens diagrammaties voor te stel en om die implikasies van die vorme van dualisme vir die opvoeding aan te dui.

Ten slotte is in hierdie hoofstuk verantwoording gedoen oor die toelaatbaarheid van analise van 'n (a-normatiewe skeefgetrokke problematiese) opvoedingsituasie.

In Hoofstuk 6 sal die bevindinge van die navorsing, 'n evaluering van die hipotese, en tekortkominge in die navorsing aan die orde kom en enkele aanbevelings gemaak word.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 ORIëNTEREND

Hierdie hoofstuk bied die bevindinge en gevolgtrekkings waartoe gekom is in die voorafgaande fundamenteel-opvoedkundige beskouing van die problematiese opvoedingsituasie.

## 6.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorsing wat tot dusver oor die problematiese opvoedingsituasie gedoen is, dra sterk orto-sosio-pedagogies-fenomenologiese karaktertrekke. Omdat daar 'n noue verband is tussen teorie en praktyk, tussen dink en doen, is hierdie navorsing aangepak: 'n reformatories-fundamentele opvoedkundige beskouing van die problematiese opvoedingsituasie met die oog op 'n reformatories fundamenteel-opvoedkundig begronde ortopedagogiese praktyk.

## 6.3 ALGEMENE NAVORSINGSHIPOTESES

Die hipoteses wat hierdie navorsing gerig het, was:

- Indien enige van die essensies of grondtrekke van opvoeding in 'n intermenslike situasie onbenut gelaat word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.
- Indien enige van die grondtrekke of essensies van opvoeding a-normatief benut of skeefgetrek word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

## 6.4 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Met die navorsing is daar gepoog om nie in 'n sogenaamde opvoedkunde-"**metodisme**" te verval nie (Van der Walt, 1980(b):67). Klem is gelê op die gekombineerde toepassing van wetenskaplike opvoedkundige navorsingsmetodes.

Die volgende ondersoekmetodes is toegepas: literatuurondersoek; die prinsipieel-besinnende en prinsipieel-beskrywende metodes; die verskynsel-ontledende of fenomeen-analitiese metodes en die transendentaal-kritiese metode.

## 6.5 RESULTATE VAN DIE NAVORSING

Daar is drie probleme nagevors en daar is tot sekere gevolgtrekkings geraak. Hierdie gevolgtrekkings is:

### 6.5.1 Die nie-benutting van die omgangsituasie is 'n gepreformeerde veld vir 'n moontlike problematiese opvoedingsituasie

Tydens die ontleding van die begrippe "**omgangsituasie**" en "**opvoedingsituasie**" het die insig na vore getree dat problematiese opvoedingsituasies kan ontstaan wanneer omgang en verkeer as handelinge in die omgangsituasie foutief, a-normatief of skeef geïmplementeer sou word. Daar is verder bevind dat die sogenaamde "**afwagtings**"-moment (waar daar gewag word dat die omgangsituasie omskakel in 'n opvoedingsituasie) opvoedingsgeleenthede verminder en/of onbenut laat en insidentele, positiewe beïnvloeding en ingryping rem, wat saam met a-normatiewe voorlewing, in die omgangsituasie 'n gepreformeerde veld vir 'n problematiese opvoedingsituasie tot gevolg kan hê (vgl. par. 2.3.1). Daar is ook bevind dat die omgangsituasie in 'n sin as deel van die opvoedingsituasie beskou kan word (vgl. par. 2.6).

**6.5.2 Die a-normatiewe benutting of skeeftrekking van die grondtrekke van opvoeding vorm 'n moontlike grondslag vir 'n problematiese opvoedingsituasie**

Vir die doel van hierdie navorsing is elf geïdentifiseerde grondtrekke van opvoeding verdeel in twee groepe: ses ontologiese en vyf antropologiese grondtrekke (vgl. par. 3.3). Die onderskeiding is bloot gedoen vir die doel van die wetenskaplike ondersoek en in die wete dat analisering nie los van die eenheidskarakter van die grondtrekke van opvoeding staan nie.

**6.5.2.1 A-normatief, skeefgetrokke ontologiese grondtrekke van opvoeding is moontlike oorsake van problematiese opvoedingsituasies**

- Transendentaal-krities is bevind dat die deur-sonde-aangetaste werklikheid die ontiese status van opvoeding as handeling en verskynsel aangetas het en die wortelverhouding tot God as gewer van die syn die opvoeding skeefgetrek het. Hierdie vorm van aantasting vind ook sy neerslag in die verobjektivering van die mens, wat aanleiding kan gee tot 'n problematiese opvoedingsituasie (vgl. par. 3.2.1.3).

- Prinsipieel beskou is bevind dat 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die religie wat op die mens se hart (persoonkern) beslag lê sy lewensbeskouing a-normatief skeef sou trek, weg van die ware Arche wat die mens se doen en late behoort te beheers. Daar kan nie sprake wees van 'n sogenaamde neutrale lewensbeskouing nie, want geen teorie en wetenskap gee van neutraliteit blyke nie, ook nie ten aansien van teorieë waarmee die problematiese opvoedingsituasie beskou en beoordeel word nie (vgl. par. 3.2.2).

- Die navorsing toon aan dat a-normatiewe, wanvertolkte opvoedingshandelinge en -gebeure aanleiding kan gee tot problematiese opvoedingsituasies met beskawingsgeremde opvoedelinge as resultaat (vgl. par. 3.2.3).

- Opvoeding is 'n bewuste handeling. Die ondersoek het aangetoon dat gedegradeerde, doellose omgang, planlose en onverantwoordbare handelinge die opvoedingsituasie kan verskraal en verarm tot 'n problematiese opvoedingsituasie (vgl. par. 3.2.4).

- Fenomeen-analities beskou, toon die navorsing ook dat die ingewikkelde strukture van opvoeding en die opvoedingsituasie, te wete die verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur van opvoeding, deur skeefgetrokke opvoedingshandelinge in 'n problematiese opvoedingsituasie verander kan word. Transendentaal-krities is ook bevind dat die sonde die strukture soos die verhouding-, verloop-, bedrywigheid- en doelstruktuur van opvoeding soos God hulle ingestel en bedoel het, a-normatief aangetas het (vgl. par. 3.2.5).

- Die verskynsel-ontledende metode het aan die lig gebring dat opvoeding nie ononderbroke voortduur nie maar, dat die opvoedingsituasie in sy aanloop, verloop en afloop elemente koester wat die teelaarde kan bied vir 'n problematiese opvoedingsituasie (vgl. par. 3.2.6).

**6.5.2.2 Die antropologiese grondtrekke van opvoeding en die ontstaan van 'n problematiese opvoedingsituasie**

- Die grondtrek dat opvoeding altyd in die interaksie tussen mense plaasvind, hou in dat 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die antropologiese synstatus van die mens as verhoudingswese aangetas en a-normatief skeefgetrek sou word (vgl. par. 4.2).

- Met die navorsing is ook bevind dat sekere ontbrekende, skeefgetrokke a-normatiewe eienskappe van opvoeding soos die onvoltooidheid van die mens en skynvolwassenheid by die mens, aanleiding kan gee tot die ontstaan van 'n problematiese opvoedingsituasie (vgl. par. 4.3).

- In paragraaf 4.4 het dit duidelik geword dat die opvoeder deur a-normatiewe voorlewing 'n skewe beeld van beskawingsvolwassenheid kan voorlewe, wat aanleiding kan gee tot 'n problematiese opvoedingsituasie.

- Die navorsing het ook aangetoon dat 'n problematiese opvoedingsituasie kan ontstaan indien die opvoeder oor gebrekkige kennis beskik ten aansien van die opheffing van die asimmetriese verhouding in 'n opvoedingsituasie, wat sou kon lei tot skewe vorming, groei, ontwikkeling, wording, onderrig, opleiding en begeleiding (vgl. par. 4.5).

- 'n Problematiese opvoedingsituasie kan binne die raamwerk van 'n georganiseerde samelewing ontstaan. Wanneer die struktuur van die gesin as primêre opvoedingsituasie skeefgetrek word en die skool as 'n onderwysinstansie sy opvoedende karakter verloor, kan problematiese opvoedingsituasies in die twee belangrike samelewingsverbande ontstaan (vgl. par. 4.6).

## 6.6 ANDER BEVINDINGE

By die plasing van die mens-in-opvoeding in 'n antropologiese perspektief soos belig deur God se Woord, is bevind dat dualistiese beskouinge ten opsigte van die **"eenheid"** van die mens deur 'n a-normatiewe analise 'n problematiese opvoedingsituasie kan laat ontstaan (vgl. par. 5.2, 5.3 en 5.4). Daar is ook bevind dat 'n analise van skeefgetrokke opvoedingsgrondtrekke in die problematiese opvoedingsituasie wel verantwoordbaar is indien met sodanige ontleding die sin-verskeidenheid, die sin-samehang en radikale eenheid van die begrip **"opvoeding"** nie uit die oog verloor word nie (vgl. par. 5.5).

## 6.7 HOOFBEVINDING

Op grond van hierdie navorsing kan die volgende hipotese aanvaar word: Indien enige van die essensies of grondtrekke van opvoeding in 'n intermenslike situasie onbenut gelaat word, a-normatief benut word of skeefgetrek word, kan 'n problematiese opvoedingsituasie ontstaan.

## 6.8 VERDERE NAVORSINGSMOONTLIKHEDE WAT ONTSLUIT IS

Die navorsing open die moontlikheid om die prinsipieel, fenomeen-analities en transendentaal-krities geïdentifiseerde, a-normatief skeefgetrokke grondtrekke van 'n problematiese opvoedingsituasie ook nou empiries te gaan ondersoek.

'n Fundamentele identifiseringsraamwerk is vir die diagnosering van a-normatief skeefgetrokke problematiese opvoedingsituasies aangebied sodat daar nou 'n orto-sosio-opvoedkundige begeleidingsprogram saamgestel kan word om problematiese opvoedingsituasies mee te help oplos en te voorkom.

'n Ander moontlikheid wat die navorsing oopgemaak het, is om aan die hand van die fundamenteel-opvoedkundige grondtrekke van opvoeding die begronding van die orto-sosio-pedagogiek/opvoedkunde in diepte te doen.

Hierdie navorsing maak ook die moontlikheid oop om die verskillende verspeelde "**opvoedingskanse**" wat in 'n omgangsituasie kan ontstaan te identifiseer met die oog op voorkoming van moontlike problematiese opvoedingsituasies.

## 6.9 MOONTLIKE TEKORTKOMINGE VAN DIE NAVORSING

* Die navorsing dra 'n sterk antisiperende karakter, met ander woorde dit verg 'n fundamenteel-opvoedkundige empiriese opvolgingsondersoek om die bevindings in par. 6.5 gestel te verifieer.

* As gevolg van die omvattende navorsing oor die problematiese opvoedingsituasie deur opvoedkundiges wat bekend staan as fenomenoloë moes daar ten aansien van aspekte van die ondersoek, soos die omgangsituasie (Hoofstuk 2), die verhoudingstruktuur en doelstruktuur, en die verloop- en bedrywigheidstruktuur (vgl. par. 3.2.5) in groter of kleiner mate gebruik gemaak word van die resultate van hulle ondersoek. Daar kon nie in alle opsigte bevredigend transendentaal-krities met hulle in gesprek getree word nie.

## 6.10 SAMEVATTING

Met hierdie hoofstuk is daar ten slotte gepoog om die bevindinge, gevolgtrekkings, navorsingsmoontlikhede en tekortkominge van hierdie navorsing te verwoord en te verantwoord.

## BRONNELYS


ADAMS, J.E. 1982. Competent to counsel, Grand Rapids, Mich.: Baker Book House.

ADAMS, J.E. 1981. The Christian counselor's manual. Grand Rapids, Mich.: Baker Book House.

AFRIKANER-ONDERWYSKONGRES. 1982. Onderwys vir die toekoms. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk.

ANON. 1982. Wêreldspektrum Afrikaanse Woordeboek. Johannesburg: Perskor.

ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEK, A. 1972. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart & Winston.

BARNARD, J.S, **red.** 1975. Remediërende onderwys in die praktyk. Johannesburg: Perskor.

BAVINCK, J.H. 1917. Paedagogische beginselen. Kampen: Kok.

BAVINCK, H. 1920. Bijbelsche en religieuse psychologie. Kampen: Kok.

BERKHOF, H. s.a. Wat is die mens? (In Afrikaans vertaal deur G. van der Merwe) Genadendal: Genadendalse Drukkery (Teologiese Boekreeks, nr. 10).

BERKHOUWER, G.C. 1957. Die mens het beeld Gods. Kampen: Kok.

BOTHA, T.R. 1977. Die sosiale lewe van die kind in opvoeding. Pretoria: Pretoria Drukkers.

BRAND, P.A. & LEUE, J.A.E. 1973. Schulwörterbuch. Pretoria: Van Schaik.

BROWN, C., **red.** 1976. The new international dictionary of New Testament theology. Volume II. Exeter: Paternoster Press.

BIJKERK, R.J. 1977. Personality dynamics. (**In** De Graaf, A.H., **red.** Views of man and psychology in Christian perspective: some readings. Toronto: Institute for Christian Studies.

CAMPBELL, D.R. 1982. How to really love your child. Weaton, Ill.: Victor Books.

CLAASSEN, J.T. 1974. Die betekenis van die skool as onsluitingsmag na Christelike beskawingsvolwassenheid. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO).

COETZEE, J.C. 1973. Inleiding tot die algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pretoria: Van Schaik.

DE GRAAF, A.H. 1977(a). A Christian perspective in psychotherapy. (**In** De Graaf, A.H., **red.** Views of man and psychology in Christian perspective: some readings. Toronto: Institute for Christian Studies. p. 163-168.)

DE GRAAF, A.H. 1977(b). Introduction to Psychology. (**In** De Graaf, A.H., **red.** Views of man and psychology in Christian perspective: some readings. Toronto: Institute for Christian Studies. p. 163-168.)

DE GRAAF, A.H. 1979. Towards a new antropological model (**In** Kraay, J. & Tol, A., **reds.** Hearing and doing. Toronto: Wedge Publishing Foundation. p. 97-118.)

DE GRAAF, A.H. 1982. Psychology: sensitive openness and appropriate reactions. Potchefstroom: PU for CHE.

DEKKER, E.I. 1980. Die grondslae van die opvoedkunde. Potchefstroom: Pro Rege.

DE KLERK, W.J. 1972. Lewensbeskouing en roeping. (In De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H., Roeping en werklikheid. Potchefstroom: Herald. p. 11-23)

DE KLERK, W.J. 1975. Onvoltooide wêreld. Johannesburg: De Jong.

DE LANGE-verslag kyk SUID-AFRIKA (Republiek). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 'n Program vir gelyke gehalte onderwys. Julie 1981.

DE VRIES, C. 1978. Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

DE WET, J.J. & VAN ZYL, P.J. 1974. Inleiding tot die Psigologiese Opvoedkunde. Johannesburg: McGraw-Hill.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K. & VENTER, P.A. 1979. Navorsing in die opvoedkunde. Deel I. Potchefstroom: PU vir CHO.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1981. Opvoedende leer. Durban: Butterworth.

DOOYEWEERD, H. 1955. A new critique of theoretical thought. Volume II., Amsterdam: Paris.

DOOYEWEERD, H. 1969. Wat is die mens? (In Afrikaans vertaal deur H.J. Strauss.) Bloemfontein: Sacum.

DUMINY, P.A. 1977. Didaktiek en metodiek. Kaapstad: Longman.

DU PLESSIS, P.J.J. 1974. Sosiopedagogiek: Opvoedingswerklikheid en maatskaplike werklikheid. Johannesburg: McGraw-Hill.

DU PLOOY, J.L. 1982. Opvoeding en dialoog. **Educare**, II(11):37-42.

DURAND, J.J.F. 1982. Skepping, mens, voorsienigheid. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

DUVENAGE, A. 1978. Die Institusie van Calvyn. Johannesburg: NG Kerkboekhandel.

DUVENAGE, B. 1972. Die eksistensialistiese lewens- en wêreldbeskouing. (In De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H., Roeping en werklikheid. Potchefstroom: Herald. p. 143-156.)

DUVENAGE, S.C.W. 1982. Ouerbetrokkenheid in opvoeding en onderwys op informele vlak. (In Onderwys vir die toekoms: referate gelewer by die Afrikaner-Onderwyskongres gehou in Maart 1982 te Bloemfontein. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk. p. 254-261.)

FERDINAND POSTMA-BIBLIOTEEK. 1972-1982. Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van die Suid-Afrikaanse universiteite. Potchefstroom: PU vir CHO.

FLETCHER, J. 1966. Situation ethics: the new morality. London: SCM Press.

FRANKL, V.E. 1980. Sê ja vir die lewe. (In Afrikaans vertaal deur F. Deist.) Kaapstad: Tafelberg.

GARBERS, J.G. 1962. 'n Moderne pedagogiese benadering van die Didaktiek. (In Suid-Afrikaanse Vereniging ter Bevordering van die Opvoedkunde. Enkele modern-pedagogiese grondslae van die onderwys: referate gelewer by die derde jaarkongres van SAVBO gehou op 29 en 30 September 1962 te Pretoria. Pretoria. p. 37-64.)

GIELEN, J.J. & STRASSER, S. 1969. Grondbeginselen ener Opvoedkunde. Hertogenbosch: Malberg.

GKPV

kyk
FERDINAND POSTMA-BIBLIOTEEK

GRESSE, D.A. 1971. Sosio-pedagogiese verkenning. Johannesburg: Juta.

GUNTER, C.F.G. 1977. Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde. Stellenbosch: Universiteituitgewers en Boekhandelaars.

HALLAMAN, D.P. & KAUFFMAN, J.M. 1982. Exceptional children: Introduction to Special Education. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

HARMSE, H.J. & KIRSTEIN, P.P. 1979. Pedagogiek. Deel I. Durban: BG.

HART, H. 1977. Anthropology - Some questions and remarks. (**In** De Graaf, A.H. **red.** View of man and psychology in Christian perspective: some readings. Toronto: Institute for Christian Studies. p. 69-98.)

HEIDEGGER, M. 1978. Being and time. (Translated by J. Macquarie and E. Robinson.) Oxford: Blackwell.

HEIDEGGER, M. 1949. Sein und Zeit. Tübingen: Neomarius Verlag.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS

HELBERG, J.L. 1983(a). God eis persoonlike godsdiens. **Die Kerkblad,** 86(2678): 12, Okt.

HELBERG, J.L. 1983(b). Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom.

HEYNS, J.A. 1973. Opvoeding en sedelike norme. (**In** Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Opvoeding, norme en jeugverset. Pretoria: Engelenburghuis. p. 25-37.)

HEYNS, J.A. 1974. Die mens. Bloemfontein: Sacum.

HOFFMAN, P.A.E. 1978. Inleiding tot die Sosio-pedagogiek. Bloemfontein: Sacum.

HURLOCK, E.B. 1978. Child development. Tokyo: McGraw-Hill.

JACOBS, L.J. & VREY, J.D. 1982. Selfkonsep, diagnose en terapie: 'n opvoedkundig-sielkundige benadering. Pretoria: Academica.

JOHNSON, D.W. 1970. The sosial psychology of education. New York: Holt, Rinehart & Winston.

JOHNSON, M.C. 1977. a review of research methods in education. Chicago: Rand McNally.

JOUBERT, J.J. 1979. Die probleem van die probleemkind op skool. **Kurr-i-komm,** 5(3):12-13, Nov.

KILIAN, C.J.G & VILJOEN, T.A. 1974. Fundamentele Pedagogiek en Fundamentele Strukture. Durban: Butterworths.

KRAAY, J. 1977. Tournier's person in a broken world (**In** De Graaf, A.H. **red.** Views of man and psychology in Christian perspective : some readings. Toronto: Institute for Christian Studies. p. 99-108.)

LANDMAN, W.A. 1972. Leesboek vir die Christen-opvoeder. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

LANDMAN, W.A. 1977. Fundamentele Pedagogiek en onderwyspraktyk. Durban: Butterworths.

LANDMAN, W.A. 1980. Titelverklaring. (**In** Landman, W.A., **red.** Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban: Butterworth. p. 1-7.)

LANDMAN, W.A. 1982. Beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA. (In Afrikaner-Onderwyskongres. Onderwys vir die toekoms: referate gelewer by die kongres gehou in Maart 1982 te Bloemfontein. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk. p. 21-44.)

LANDMAN, W.A. & GOUS, S.J. 1969. Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

LANDMAN, W.A. & KILIAN, C.J.G. 1973. Leesboek vir die opvoedkundestudent en onderwyser. Kaapstad: Juta.

LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. & VAN ROOYEN, R.P. 1974. Die praktykwording van die Fundamentele Pedagogiek met kernvrae. Johannesburg: Perskor.

LANDMAN, W.A., VAN ZYL, M.E.J. & ROOS, S.G. 1975. Fundamentele pedagogiese essensies. Durban: Butterworth.

LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. & LIEBENBERG, C.R. 1977. Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners. Stellenbosch: Universiteituitgewers en Boekhandelaars.

LANDMAN, W.A., BARNARD, F., GERBER, A.E., ROOS, S.G., VAN DER WESTHUIZEN, G.J. & SMIT, R.J. 1978. Opvoedkunde vir onderwysstudente. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. & MENTZ, N.J. 1979. Fundamentele Pedagogiek: leerwyses en vakonderrig. Durban: Butterworth.

LANDMAN, W.A., BOTHA, J.P., BRUNE, R.A., ERASMUS, M.M., MENZ, N.J. & ROOS, S.G. 1981. Kind en skool. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

LANGEVELD, M.J. 1959. Beknopte Theoretishe Paedagogiek. Groningen: Wolters.

LANGEVELD, M.J. 1979. Mensen worden niet geboren. Nijkerk: Uitgewerij Intro.

MAREE, H.O. 1982. Die betrokkenheid van die onderwyser by informele onderwys gesien in die lig van die RGN-ondersoek. (In Afrikaner-Onderwyskongres. Onderwys vir die toekoms: referate gelewer by die kongres gehou in Maart 1982 te Bloemfontein. Bloemfontein: Algemene Jeugkomissie van die Ned. Geref. Kerk. p. 196-205)

MENTZ, N.J. 1982. Nie-formele onderwys. (In Afrikaner-Onderwyskongres. Onderwys vir die toekoms: referate gelewer by die kongres gehou in Maart 1982 te Bloemfontein. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk. p. 262-268.)

MEYER, C.J. 1979. Remediërende Onderwys as spesialiseringsrigting vir onderwysstudente. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

MURRAY-verslag
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Hoër Onderwys 1969. Verslag van die komitee van ondersoek na die opvoeding van kinders met minimale breindisfunksie.

NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

NEL, B.F. 1968. Fundamentele oriëntering in die psigologiese pedagogiek. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

OBERHOLZER, C.K. 1968. Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek. Kaapstad: HAUM.

ODENDAAL, F.F., **red.** 1979. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor.

OLIVIER, A.S. 1982. Die rol van ouerlike voorlewing in die opvoedingsgebeure van die kind. (Lesing gelewer in Nov. 1982 by 'n Rapportryersbyeenkoms, Springs. Ongepubliseer.)

OLIVIER, A.S. 1984. Die bydrae van die skool ter voorkoming van probleme by leerlinge. (Lesing gelewer op 15 Mei 1984 as deel van 'n kursus vir onderwysersopleiding, TOD. Ongepubliseer.)

PISTORIUS, P. 1974. Padlangs met die Pedagogiek. Potchefstroom: Pro Rege.

PISTORIUS, P. 1980. Kind in ons midde. Kaapstad: Tafelberg.

POSTMA, W. 1983. Die motief, struktuur en funksionering van die Transvaalse Onderwysersvereniging. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

POTGIETER, F.J. 1980. Navorsingsmetodologie in die Historiese navorsing. (In Landman, W.A., **red.** Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Pretoria: Butterworth. p. 243-269.)

PRETORIUS, J.W.M. 1972(a). Kinderlike belewing. Johannesburg: Perskor.

PRETORIUS, J.W.M. 1972(b). Grondslae van die pedoterapie. Elsiesrivier: McGraw-Hill.

PRETORIUS, J.W.M. 1976. Die problematiese opvoedingsituasie. Johannesburg: McGraw-Hill.

PRETORIUS, J.W.M. 1979. Opvoeding, samelewing, jeug. Pretoria: Van Schaik.

REES, W.L., **red.** 1980. Dictionary of philosophy and religion. New Germany: Humanities Press.

SAX, G. 1968. Empirical foundations of educational research. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

SCHOEMAN, P.G. 1975. Grondtrekke van die Fenomenologiese Pedagogiek. Bloemfontein: Sacum.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die Wysgerige Pedagogiek. Bloemfontein: Sacum.

SCHUTTE, B.C. 1971. Christelike opvoeding (**In** Preller, S.J., **red.** Inleiding tot die Tersiêre Didaktiek. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 94-104.)

SCHUTTE, B.C. & SCHOLTZ, I.P. s.a. Ouer en kind. Potchefstroom: Pro Rege.

SONNEKUS, M.C.H. 1977. Ouer en kind. Johannesburg: Perskor.

SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1978. Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

SPIER, J.M. 1950. Inleiding in die wijsbegeerte der wetsidee. Kampen: KOK.

SPIER, J.M. 1972. Oriëntering in die Christelike wysbegeerte. (In Afrikaans vertaal deur J.H. & D.F.M. Strauss) Bloemfontein: Sacum.

SPYKMAN, G.J. 1985. Spectacles: Biblical perspectives on Christian scholarship. Potchefstroom. PU for CHE.

STANDER, G. & SONNEKUS, M.C.H. 1967. Inleiding tot die Ortopedagogiek. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

STEYN, I.N. 1981. Wat is opvoeding? **Fokus**, 9(1):1620-1626, Mrt.

STEYN, I.N. 1982. Onderrig-leer as wyse van opvoeding. Durban: Butterworth.

STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting. Band I. Kaapstad: Tafelberg.

STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en rigting. Band II. Kaapstad: Tafelberg.

STONE, H.J.S. 1982. Onderwysbestuur in die lig van gemeenskaplikheid en diversiteit in die RSA (In Afrikaner-Onderwyskongres. Onderwys vir die toekoms: referate gelewer by die kongres gehou in Maart 1982 te Bloemfontein. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk. p. 59-80.)

STRAUSS, D.F.M. 1969. Wysbegeerte en vakwetenskap. Bloemfontein: Sacum.

STRAUSS, D.F.M. 1971. Wetenskap en werklikheid. Bloemfontein: Sacum.

STRAUSS, D.F.M. 1974. Die antitetiese denkrelasie van die logiese subjek-objek relasie. **Tydskrif vir Christelike Wetenskap,** 10(1):12-25.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Hoër Onderwys. 1969. Verslag van die komitee van ondersoek na die opvoeding van kinders met minimale brein-disfunksie. Pretoria: Staatsdrukkers. (RP 72-1969.) (Voorsitter: C.H. de C. Murray.)

SUID-AFRIKA (Republiek). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Verslag van die werkkomitee: 'n Program vir gelyke gehalte onderwys. Julie 1981. Verslag. Pretoria: RGN. p. 1-18) (Voorsitter: J.P. de Lange.)

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished lenses. Potchefstroom: Pro Rege.

TER HORST, W. 1973. Proewe van een ortopedagogish teorie - concept. Kampen: Kok.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA. 1978. Pedagogiek, nr. 2261. Pretoria: Sanlam-Biblioteek Vakreferente-afdeling.

VAN DER LINDE, H.J. 1984. Die romanistiese sintese-motief van natuur en genade en die skolastiese siening van die biotiese. **Fokus**, 12(4): 697-700 Nov.

VAN DER WALT, B.J. 1981. Christen en kultuur. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, B.J. 1982. Visie en wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. 1979. Die Neo-Marxisme, opvoeding en onderwys (Referaat gelewer op 29 en 30 Junie 1979 as deel van 'n aktualiteitsimposium van die Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO. Ongepubliseer.)

VAN DER WALT, J.L. 1980(a). Die grondslae van die opvoedkunde (2). Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. 1980(b). Opvoedkunde as lewende wetenskap. Durban: Butterworth.

VAN DER WALT, J.L. 1981. Wat is opvoeding? **Fokus**, 9(1):1612-1619, Mrt.

VAN DER WALT, J.L. 1982(a). Christelik-nasionale onderwys in 'n breër raamwerk. (**In** Afrikaner-Onderwyskongres. Onderwys vir die toekoms: referate gelewer by die kongres gehou in Maart 1982 te Bloemfontein. Bloemfontein: Algemene Jeugkommissie van die Ned. Geref. Kerk. p. 42-47.)

VAN DER WALT, J.L. 1982(b). Die navorsingsmetode van die Fundamentele Opvoedkunde. **Koers,** 47(1):28-44.

VAN DER WALT, J.L. 1983(a). Enkele hedendaagse prinsipiële beskouinge oor die benaderinge tot die skool en skoolonderwys. (Voordrag gelewer tussen 5 en 7 Augustus 1983 by geleentheid van die Vakkonferensie oor die Filosofie van die opvoeding en opvoedkunde, RAU Ongepubliseer.)

VAN DER WALT, J.L. 1983(b). 'n (Fundamenteel-)opvoedkundige bestekopname. **Fokus,** 11(2):152-171, Mei.

VAN DER WALT, J.L. 1983(c). Oor opvoeding in 'n neutedop. Potchefstroom: Media-publikasies.

VAN DER WALT, J.L. 1984(a). Wetenskaplike teksstudie. **Didaktikom,** 5(2):27-39, Sept.

VAN DER WALT, J.L. 1984(b). Die verband en die verhouding tussen lewensbeskoulike differensiasie en kultuurdifferensiasie in die onderwys. Potchefstroom. (Ongepubliseerde verslag - PU vir CHO.)

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN WYK, J.H. 1979. Inleiding tot die Fundamentele Opvoedkunde. Deel I. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN WYK, J.H. 1980. Inleiding tot die Fundamentele Opvoedkunde. Deel II. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. & DEKKER, E.I. 1982-83. Fundamentele Opvoedkunde vir onderwysstudente. Potchefstroom: Promedia.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, I.D. 1983. Die opvoedingsgebeure. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DYK, C.J. 1980. Navorsingsvooruitgang en die teoretiese model. (**In** Landman, W.A. **red.** Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban: Butterworth. p. 195-238.)

VAN LOGGERENBERG, N.T. & JOOSTE, A.J.C. 1966. Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel.

VAN LOGGERENBERG, N.T. & JOOSTE, A.J.C. 1980. Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein: Nasionale Boekhandel.

VAN NIEKERK, P.A. 1976. Die problematiese opvoedingsgebeure. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

VAN NIEKERK, P.A. 1980. Ortopedagogiese navorsing: 'n inleidende oriëntering. (In Landman, W.A., **red.** Inleiding tot die Opvoedkunde Navorsingspraktyk. Pretoria: Butterworth. p. 273-286.)

VAN NIEKERK, P.A. 1981. Die onderwyser en die kind met probleme. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

VAN RENSBURG, C.J.J., KILIAN, C.J.G. & LANDMAN, W.A. 1979. Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe: 'n inleidende oriëntering. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

VAN STRIEN, P.J. 1966. Kennis en communicatie in de psychologishe praktijk. Utrecht: Bijleveld.

VAN WYK, J.H. s.a. Die Eksistensialisme en sy implikasies vir die opvoedkunde. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1972(a). Kommunisme en opvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1972(b). Die skool (In De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H., Roeping en werklikheid. Potchefstroom: Herald. p. 345-353.)

VAN WYK, J.H. 1973(a). Naturalisme en opvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1973(b). Pragmatisme en opvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1973(c). Sosialisme en opvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1974(a). Kosmologie, opvoeding en opvoedkunde. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1974(b). Die implikasies van die geloof in God en sy openbaring in die Heilige Skrif vir die opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1974(c). Die implikasies van 'n Christelike mensbeskouing vir die opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde diktaat.)

VAN WYK, J.H. 1979. Opvoedings- en opvoedkundebeskouinge. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN ZYL, P. 1980. Opvoedkunde. Deel I. Johannesburg: De Jong.

VAN ZYL, P.J. & VAN DER WALT, J.L. 1978. Opvoeding en selfbegrip. Durban: Butterworth.

VEDDER, R. 1974. Kinderen met leer- en gedragsmoeilijkheden. Groningen: Wolters.

VENTER, E.A. 1973. Die ontwikkeling van die Westerse denke. Bloemfontein: Sacum.

VENTER, E.A. 1970. Wysgerige temas. Bloemfontein: Sacum.

WATERINK, J. 1977. Man as religious being and modern psychology. (In De Graaf, A. **red.**, View of man and psychology in Christian per-

spective: some readings. Toronto: Institute for Christain Studies. p. 15-44.)

WILDS, E.A. & LOTTICH, K.V. 1970. The foundations of modern education. New York: Holt, Rinehart & Winston.

WOLFF, H.W. 1981. Anthropology of the Old Testament. London: SCM Press.